# DIE POSITIVERING VAN DIE GESINSNORME IN DIE WISSELWERKING MET DIE MODERNE SAMELEWING

Verhandeling
goedgekeur ter gedeeltelike nakoming
van die vereistes vir die graad

M A G I S T E R   A R T I U M

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT

vir

CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS
(DEPARTEMENT SOSIOLOGIE)

deur

JEREMIAS JESAIAS DE KLERK

Leier: Prof. dr. J.P. van der Walt.

RUSTENBURG.
Oktober 1964

Opgedra aan my vrou en kinders.

# INHOUDSOPGAWE.

Bladsye.

Voorwoord .......................................... (iii)

Inleiding .......................................... 1

(a) Uitgangspunt.

(b) Doel van hierdie verhandeling.

HOOFSTUK I.......................................... 6

Begripsanalise van terme soos samelewingsverband, positivering, sosialisering, norme en opvoeding. ...... 6

HOOFSTUK II.......................................... 18

Die aard van die moderne samelewing - analise en bespreking .......................................... 18

A. Die samelewingsorde in die algemeen .............. 18

B. Die moderne samelewing - enkele tiperinge en omskrywinge .......................................... 25

C. Samevatting en beoordeling van die huidige situasie .......................................... 44

HOOFSTUK III.......................................... 47

Die bydrae van die Christelike gesin in die positivering van die normekomplekse op die samelewing. ......... 47

A. Die grondslag vir die positiveringstaak van die gesin .......................................... 48

B. Die gesagselement in die gesin .................... 53

C. Die belangrike betekenis van die positiveringstaak van die gesin .......................................... 55

D. Die omvattende aard van die positiveringstaak van die gesin .......................................... 58

E. Die doel van die positiveringstaak van die gesin... 66

HOOFSTUK IV.......................................... 74

Die invloed van die samelewingskrisis op die positiveringstaak van die gesin .......................................... 74

A. Die gesin midde in die samelewingskrisis ............. 74

B. Die aantasting van die kernfunksies van die gesin .. deur die samelewingskrisis........................... 80

HOOFSTUK V........................................ 83

Die probleem van die aantasting van die kernfunksies van die gesin en die positiveringstaak..................... 83

A. Die voorsiening in die materiële behoeftes van die opgroeiende geslag tot aan die volwassenheid binne die sfeer van die liefdevolle versorging ............ 83

B. Die oordrag van die sosiaal-kulturele verworwenhede (godsdiens daaronder begrepe) van die ouers op die jongere geslag met name gedurende die eerste lewensjare ............................................. 88

C. Die instandhouding van 'n sfeer van sekerheid, geborgenheid, geselligheid, simpatie en liefde ten behoewe van die lede van die gesin ................. 103

HOOFSTUK VI...................................... 107

Enkele riglyne vir die gesonde positivering van die gesinsnorme in die moderne samelewing................. 107

A. Die samewerking en wisselwerking van ander samelewingsvorme met die Christelike gesin in die positiveringsproses ............................... 109

B. Die ondersteuning van die Christelike gesin deur enkele hulpmiddele ............................. 116

HOOFSTUK VII ..................................... 123

Samevatting, stellinge en eie beskouing................. 123

Bibliografie ......................................... 127

## VOORWOORD.

Met die betekenisvolle woord van Abr. Kuyper, dat daar geen duimbreed grond is wat ons aan die Koningskap van Jesus Christus kan onttrek, het ons hierdie studie oor die huisgesin uitgevoer.

Dit was bemoedigend om hierdie werk te kon doen aan die Universiteit, waar ons ons eerste naskoolse studie kon begin. Dit te meer omdat hierdie Universiteit op die grondslag van Gods Woord streef, die waarheid te ondersoek en te dien.

As iemand wat bevoorreg was om in 'n Christelike huisgesin groot te word, was en is ons bewus van die betekenis van die Christelike gesin as bolwerk teen die vele strominge en ideologieë. Waar ons in hierdie verhandeling die klem op hierdie betekenis laat val het, bring ons derhalwe hulde aan diegene wat ons opgevoed het as bondeling en diegene in die huiskring wat in hierdie opvoedingswerksaamheid meegewerk het.

Langs hierdie weg wil ek graag my dank betuig aan:

(1) Prof. dr. J.P. van der Walt as my leier. Hy het op uiters bekwame, simpatieke en wetenskaplike wyse leiding gegee. As iemand wat sy vak aanbied en sien in die lig van Gods Woord, het hy meegewerk dat die waarheid vir ons in ons studie wyer en skoner oopgegaan het;

(2) my vrou wat gedurig geïnspireer het en gewillig was om haar hulp en steun in die studie aan te bied;

(3) mnr. N. Nieder-Heitmann, hoof van die Kutlwanong skool, vir taalversorging;

(4) al die leermeesters wat bygedra het tot my wetenskaplike vorming;

(5) die personeel van die biblioteek van die P.U. vir C.H.O. vir gewaardeerde dienste, ook die personeel van die biblioteek van die Universiteit van Pretoria;

(6) mev. H. Holmes vir die tik van die manuskrip; ook aan mev. J. Kruger vir hulp in hierdie verband;

(7) bowenal moet ons die dank en die eer betuig aan die Almagtige God en Vader in Jesus Christus wat ons die genade verleen het om hierdie werk te voltooi. Soli Deo Gloria!

## INLEIDING.

### 1. Prinsipiële uitgangspunt.

Dit is noodsaaklik om by 'n studie soos hierdie eers net in enkele woorde te stel wat die uitgangspunt is by die behandeling van hierdie groot onderwerp.

Stoker [1] het eenmaal hierdie baie waar stelling gemaak: "Jou uitgangspunt bepaal die hooflyne van die gebou wat jy oprig. Jou uitgangspunt bepaal tot bepaalde hoogte jou resultate".

In hierdie verband is dit baie noodsaaklik dat ons dit moet beklemtoon dat die religieuse apriori's 'n leidende en rigtinggewende rol speel. Met die religieuse apriori's verstaan ons: "Die wesensmatige, noodwendige, algemeen te aanvare, onveranderlike deur die tyd heen, fundamentele van die kosmos en die ervaring (en alle wetenskappe) en wat staan teenoor die laaste grond van alle dinge, teenoor 'n vermeende god, in die gevalle van apostase." [2]

Aan hierdie religieuse grondmotief ontkom niemand, selfs nie die empiriste en die positiviste nie. Sodra die sosioloog met sy studie van die menslike samelewing besig is, hou hy hom ten diepste besig met die mens as skepsel Gods. "Als mens is hij zoon, gelijkenis, geslacht Gods." [3] Met hierdie uitgangspunt hou die sosioloog wat die Evolusionisme huldig nie rekening nie. Hy meen dat hy hom aan die religieuse grondmotief [4] kan ontworstel, maar hy bly in gebreke.

---

1) Stoker H.G. - Kristendom en Wetenskap, J.L. van Schaik, Pretoria, 1929, p. 30.

2) Retief I.F. - Die religieuse apriori in die Wysbegeerte (in die algemeen) met 'n besondere verwysing na Bergson, Ongepubliseerde M.A. verhandeling, 1941, p. 13.

3) Van Dijk R. - Mens en Medemens. Een Inleiding tot de Algemene Sociologie, Zomer en Keunings, Wageningen, p. 20.

Vgl. 4) Dooyeweerd H. - Verkenningen in de Wysbegeerte, de Sociologie en de Rechtsgeschiedenis, Buijten en Schipperheijn, Amsterdam, 1962, p.84, 85.

Vir hierdie mense geld die apriori... "Man the Animal"... en "Religion, what is Religion? Social Science does not attempt to deal with "truth" or "falsehood" of religion in terms of its correspondence to objective reality, but merely to study it as an aspect of social life." 1) Dit is onmiddellik duidelik dat ook hulle hele ondersoek nie neutraal en positivisties geskied nie, maar wel gedra word deur hulle negatiewe religieuse apriori en grondmotief.

Wanneer die sosioloog 'n visie wil hê van die samelewingsorde en van die mens, dan moet hy buig voor die Goddelike Openbaring soos dit tot ons kom in die Heilige Skrif. "Die cirkelredenering, die het menselijke uit het menselijke verklaart, wordt ten slotte slechts doorbroken door het gebod der geopenbaarde religieuze wijsheid.

Aan die Openbaring ontleent dan ook de christen de belijdenis dat achter de kosmische orde ......... als laatste en absolute grond en oorsprong daarvan, staat de wijsheid en de wil van de Schepper die Zijn ordonnantiën stelde voor geheel Zijn schepping." 2)

Uitgaande van die Skriftuurlike grondmotief van die Christelike religie, word die sosioloog se blik oor die samelewingsgeheel verskerp om die aard van sekere samelewingskringe te sien en hulle ook te ken as eiesoortige struktuurtipes. Ons dink in hierdie verband aan die staat, die kerk, die gesin ens. wat vanweë hulle ordening by die skepping hulle eie struktuurtipe openbaar en hulle eie struktuurnorme besit. 3) Om hierdie rede gaan ons in hierdie studie uit van die standpunt dat .... "Sociologie als structuurtheorie der samenleving" beskou moet word. 4)

O.a. hou die vorige in dat om tot 'n logiese en ware interpretasie van die feite oor die samelewing te kan kom, moet ons buig voor die Waarheid van Gods Openbaring. Dit is in hierdie verband dat ons die volgende standpunte heelhartig onderskryf:

---

1) Gillin J.L. en Gillin J.P. - An Introduction to Sociology, The Macmillan Company, New York, 1945, p.455.

Vgl. 2) Van Dijk R. - Mens en Medemens, p. 54.

Vgl. 3) Dooyeweerd H. - Verkenningen, p. 96.

4) Van Dijk R. - Mens en Medemens, p. 203.

"If, however, Sociology claims to be a science enunciating the laws of social health, it must have a conception of what constitutes a true human norm: of what is that social health which social order is required to preserve for man. It may, indeed reach any one of alternative decisions as to any given social order, but it must sooner or later reveal a doctrine of man, and Christians must not tamely submit to heresies about man, his nature and destiny, in the interests of a so-called "science" of Sociology. Their proper course would seem to be to show the relation between their own theology and the healthful ordering of man's life in this world .....
The construction of a Christian Sociology requires the guidance of certain great theological truths, the first of which is the Christian doctrine of Creation....... The theological doctrine summarised in the Nicene Creed, I believe in one God, the Father Almighty, Maker of heaven and earth and all things visible and invisible, is the basis of Christian Sociology.....". [1]

Hierby kom ook die stelling van Van der Walt in sy inougerele rede: "Nou is dit op grond van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing op die transendente standpunt dat die struktuurprobleem in die Sosiologie gesoek word buite die mens en die skepping, nl. in die Skeppingsorde waarin die Godgegewe wette en norme geld.

Die Sosiologie bestudeer die samelewingstruktuur en die ondersoeker glo dat die Godgegewe wette en norme ook hiervoor geld; dat die mens dit deur getroue ondersoek in terme van Bybelse prinsipes moet ontdek."[2]

Uit alles wat nou na vore gebring is, is dit duidelik dat hierdie studie vanuit die Christelike standpunt benader word. Ons sal dan ook hier gebruik maak van sommige beginsels wat Skriftuurlik en wetenskaplik die beste verantwoord word in die Wysbegeerte van die Wetsidee, soos uitgewerk is deur Vollenhoven en Dooyeweerd.

---

1) Peck W.G. - An Outline of Christian Sociology, James Clarke and Co., London, p. 16.17.

2) Van der Walt J.P. - Inougurele rede met die aanvaarding van Professoraat.

In hulle geheelsbeskouing oor die kosmiese werklikheid laat hulle baie duidelik die menslike samelewing sien in sy tipiese strukturele karakter. Dit weer is so uiters belangrik want: "De bedoelde typische structuren bepalen de geaardheid der verschillende samelevingskringen." 1)

2. Met hierdie prinsipiële uitgangspunt en enkele kritiese opmerkings, stel ons die doel van hierdie verhandeling o.a. as volg:

(a) Om 'n gesonde waardering van die gesin as positiveringsorgaan te maak.

(b) Om die probleme van die positiveringsaktiwiteit van die gesin in die moderne samelewing met sy krisis-aard te skets.

(c) Om enkele riglyne en hulpmiddele aan te toon wat versterkend en betekenisvol kan wees vir die gesin in sy wisselwerking met die samelewing.

In die uitvoering van die doel van hierdie verhandeling, word die volgende weg van behandeling gevolg:

In hoofstuk I word die begrippe soos gesin, positivering, sosialisering, norme en opvoeding kortliks gedefinieer en geanaliseer, en in dieselfde verband skenk ons aandag aan die verskillende samelewingsvorme met besonder klem op die huisgesin.

In hoofstuk II word die normatiewe en feitlike aard van die moderne samelewing en die aard van die krisistoestand bespreek. Hierin word die plek en funksies van die gesin aangetoon.

Hoofstuk III handel oor die prinsipiële grondslae van hierdie opvoedingswerksaamheid en die gesagsleiding soos dit religieus veranker is.

In hoofstuk IV word die invloed van die samelewingskrisis en sosiale verandering op die positiveringstaak van die gesin bespreek.

Hoofstuk V handel oor enkele magte en faktore wat die samelewingskrisis veroorsaak en die positiveringstaak van die gesin beïnvloed.

---

1) Dooyeweerd H. - Verkenningen in de Wysbegeerte, de Sociologie en de Rechtsgeschiedenis, p. 80.

In hoofstuk VI word aandag gegee aan wat moontlik gedoen kan word om die Christelike gesin met sy positiveringstaak van die norme te help.

In hoofstuk VII word 'n samevatting en eie beskouing gegee.

# HOOFSTUK I.

## I. Begripsanalise van terme soos samelewingsverband, positivering , sosialisering, norme en opvoeding.

### Inleiding.

Om te kan begryp waarom dit gaan in hierdie verhandeling moet daar van die begin af 'n duidelike begrip wees van wat bedoel word met sekere begrippe en sleutelterme. Dit is dus noodsaaklik dat die begrippe soos samelewing, huisgesin, positivering, opvoeding, norme en beginsels, vooraf met enkele definisies, omskrywinge en begripsanalises verduidelik word.

### A. Samelewingsverbande.

Daar is van 'n samelewing alleen sprake by die mens. "Die essensie van 'n samelewing bestaan in wederkerige psigiese prikkeling gepaard met die gepaste onderlinge reaksies ..... Saam te lewe, kan derhalwe omskryf word as 'n psigiese proses van permanente sosiale koördinasie en integrasie ......" 1)

Wat hier beklemtoom word is die feit dat daar alleen in die menslike wêreld met sy psigiese selfbewussyn sprake is van 'n samelewing. Hierdie samelewing laat hom reeds by die naïewe ervaring ken, "dat er in de menselijke samenleving een rijkdom van verhoudingen is, dat een mens met z'n medemensen in talrijke relaties staat. Immers hij is lid van een gezin, burger van een staat, werker in een bedrijf, hij behoort tot een bepaalde kerk, hij is opgenomen in allerlei verenigingen en hij heeft nog vele andere relaties met andere mensen b.v. als vriend.... als koper, verkoper, enz." 2)

Hierdie samelewing laat hom ken met verskillende lewensgroepe wat elkeen hulle eie tipiese strukture besit. Dit is hier waar die sosioloog wat nie uitgaan van die Skrifopenbaring met sy beginsel

---

1) Nepgen C.C. - Die Sosiale Gewete van die Afrikaanssprekendes, C.S.V. Boekhandel, Stellenbosch, p. 31.

2) Spier J.H. - Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee, J.H. Kok, Kampen, 1946, p. 161.

van die soewereiniteit in eie kring [1)2)] verval in of die <u>universalisme</u> wat "zoekt naar een hoogste verband, dat als totaliteit alle lagere verbanden in zich opneemt als onzelfstandige delen.....," of die <u>individualisme</u> wat "daarentegen loochent de realiteit der verbanden, die maar een naam zijn voor een willekeurige samenvoeging van souvereine enkelingen, terwijl de één of andere menselijke subjectsfunctie vergoddelijkt word." [3)]
Die samelewingsverbande met eie struktuurvorme word dan ook weer ingedeel in verskillende tipes van samelewingsvorme, gedifferensieerde en ongedifferensieerde vorme. Eersgenoemde word weer verdeel in "institutaire en niet-institutaire verbande".

"Een <u>institutair verband</u> zijn naar haar normatiewe structuurprincipes bestemd haar leden, 't zij gedurende de gehele levensduur 't zij gedurende een deel daarvan, onafhankelijk van hun wil te omvatten. Behalve de natuurlijke gemeenschappen dragen ook staats- en kerkverband (dit laatste althans voorzover het doopleden heeft) dit karakter ......." [4)]

In die lig van die vorige aanvaar die skrywer die verskeidenheid in die eenheid en die eenheid in die verskeidenheid van die lewensverbande waarin mense saamwerk ens. Hierdie groepe het elkeen sy eie andersgeaarde doel en struktuur met ooreenstemmende struktuurnorme wat die mens in die groep 'n taak en roeping oplê. Die opvatting sluit die institutêre en nie-institutêre verbande in.

Verder aanvaar die skrywer ook die organiese opvatting van die lewensverhoudinge, d.i. die balans tussen die individule en groepsverhouding met betrekking tot individu en die groep.

Volgens hierdie prinsipiële beskouing is die <u>huisgesin</u> volgens die Openbaring van Gods Woord een van daardie institutêre verbande wat "de tijdelijke menselijke existentie in intensieve

---

1) Spier, J.M. - <u>Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee,</u> p. 163.

2) du Toit J.D. - <u>Koers in die Krisis I,</u> Pro Ecclesia, Stellenbosch, 1935, p.43.

3) Spier J.M. - <u>Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee,</u> p. 165.

4) Dooyeweerd H. - <u>Verkenningen,</u> p. 112. Vgl. ook R. van Dijk - <u>Mens en Medemens,</u> p. 105.

mate, blijvend of althans voor een groot deel van zijn leven onafhankelijk van den individuelen wil te omvatten." [1]

B. Die gesin as samelewingsverband.

(a) Definisies van die huisgesin.

1. "Het Gezin is een min of meer duurzame samenlevingsgemeenschap van een man en een vrouw met het uit hun verbintenis voortgekomen nageslacht. [2]

2. "The Family Defined. We may start by indicating that in every society we find a socially recognized unit which is distinguished from all other groups in the society by the fact that it is the unit which is held primarily responsible by the society for: (i) Reproduction of members; (ii) Maintenance of these new members during infancy and childhood; (iii) Socialization of new members into the values and skills required for adequate roleplaying and the ability to make a living which are necessary to independant adult functioning." [3]

3. "The family is a social group characterized by common residence, economic cooperation and reproduction. It includes adults of both sexes, at least two of whom maintain a socially sexual relationship, and one or more children, own or adopted, of the sexually cohabiting adults ....[4]

4. "Het gezin is de intieme levensverband tussen ouders en kinderen gefundeerd in de natuurlijke afstamming en bloedverwantschap naar de norm der onderlinge liefde."[5]

---

1) Van Dijk R. - Mens en Medemens, p. 105, Aanhaling van Dooyeweerd.

2) Eysink R. - Gezinssociologie, Van Lochum Slaterus, Arnhem, p.42.

3) Bennett J.W. en Tumin Melvin M. - Social Life, Alfred A. Knopf, New York, 1948, p. 546.

4) Murdock G.P. - Social Structure, The Macmillan Company, New York, 1949, p. 1.

5) Van Dijk R. - Mens en Medemens, p.80.

5. "Het gezin is een constante individuele liefdesgemeenschap op de grondslag van de natuurlijke bloedbanden tussen ouders en kinderen......."[1]

Uit die eerste drie definisies word die gesin bloot beskryf as 'n belangrike sosiale groep, sonder om soos in die laaste twee te wys op die verhewe bestemmingsfunksie. Trouens in baie Sosiologiese werke word die ontstaan van die gesin bloot gesien as 'n produk van die evolusie-proses.[2]

(b) Die tipiese struktuurvorm van die gesin.

Wanneer ons van die gesinstruktuur spreek moet ons versigtig wees om dit nie te verabsoluteer en al die ander samelewingsverbande daarheen te wil herlei nie. Dit mag ons nooit doen nie al is dit waar wat Brillenburg Wurth geskryf het:

"In het gezin hebben wij... te doen met een hoogst belangrijk menselijk levensverband, van een eigen kwaliteit... Dooyeweerd heeft het, niet ten onrechte, genoemd de grondleggende levenskring... Het was er m.a.w. vóórdat nog van andere samenlevingsverbanden sprake was ....[3]

Aan die ander kant is dit ook waar dat die gesin in sy tipiese struktuurnorm naas die ander samelewingsverbande in hulle eiesoortige norm gesien moet word, soos hulle almal religieus gewortel is. Trouens.. "normatieve structuurprincipes kunnen geen product zijn van historische ontwikkeling." [4] Volgens die skeppingsdaad sien ons dan die gesinstruktuur soos dit gefundeer is in die biotiese, die geslagsgemeenskap en die natuurlike afstamming. Dit is die onderbou. Maar hierdie struktuur se bo-bou, sy bestemmingsfunksie vind ons in die etiese aspek. Die gesin is 'n liefdesgemeenskap en nog meer, want

---

1) Spier J.M. - Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee, p. 172.

Vgl.2) Mercer B.E. - The Study of Society; Harcourt, Brace and Co. New York. p. 217. In hierdie verband het Dr. J. de W. Keyter insiggewende beskrywing gegee van die eerste teorieë omtrent die ontstaan van die huwelik en die gesin. Vgl. Dr. J. Keyter. Die Huwelik en Gesin, Trek Reeks, Nasionale Pers, 1940, p.14.

3) Brillenburg Wurth G. - Het Christelijk Leven in Huwelik en Gezin, J.H. Kok, Kampen, p. 281.

4) Spier J.M. - Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee, p. 171.

dit is ook 'n sedelike liefdesgemeenskap. Dit is nie maar liefde as affek, as natuurlike geneentheid wat die lede van die gesin aan mekaar bind nie, dit is liefde wat deur God gebied is. [1]

"In de beoefening van de onderlinge liefde tussen de leden van het gezin vindt dit verband z'n tijdelijke innerlijke bestemming. Het is dan ook in de Schrift de afschaduwing van de verhouding tussen God den Vader en Diens kinderen in Christus Jezus. We kunnen daarom het structuur-principe van het gezinsverband aldus omschrijven: Het gezin is een constante individuele liefdesgemeenschap op de grondslag van de natuurlijke bloedbanden tussen ouders en kinderen." [2]

(c) Kernfunksies van die gesin.

In die lig van die vorige waar die twee radikale funksies genoem is, moet ons wys op dit wat daarmee saamhang naamlik die kernfunksies van die gesin.

1. Keyter[3] noem die volgende:

(a) Die biologiese funksie van die gesin. Die ontstaan en voortbestaan van die menslike geslag maak dat daar 'n gesin moet wees - dit is ook die seksuele funksie wat uitloop in die bloedverwantskap.

(b) Die kulturele funksie. Die gesin het dus as die eerste natuurlike en intieme menslike omgewing waarin die kind in hierdie lewe aankom, die baie belangrike taak om daardie nasionale kultuurbesitting aan die jeug te oorhandig en hom tot draer daarvan en dus lid van sy volk of nasie te laat ontwikkel.

(c) Die ekonomiese funksie. Die behoorlike versorging met voedsel, kleding en huisvesting van die jong lewe, is ook 'n ekonomiese probleem.

(d) Die geestelike, godsdienstige funksie. Die liggaamlike behoeftes kry eers hulle ware betekenis deur die geestelike verryking en verdieping daarvan.

---

Vgl.1) Brillenburg Wurth G. - Het Christelijk Leven in Huwelijk en Gezin, p. 76.

2) Spier J.M. - Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee, p. 172.

3) Keyter J. de W. - Die Huwelik en gesin, Nasionale Pers Beperk, 1940, p. 58-69.

2. Cilliers noem die volgende:

(a) Aangesien 'n samelewing alleen kan voortbestaan solank as wat individuele lede daarvan na hul dood vervang kan word, verskaf die gesin die basis vir die reprodusering en aanvulling van die lede van die samelewing.

(b) Deurdat die indiwidu by geboorte as lid van 'n bepaalde gesin onmiddellik ook 'n bepaalde status in die samelewing verkry, word 'n basis verskaf vir die breëre maatskaplike integrasie van die verskillende segmente van die samelewing.

(c) Deur sy indiwiduele lede te sosialiseer, emosioneel in stand te hou en deur beheer uit te oefen oor hul gedrag, aanvaar die gesin teenoor die samelewing verantwoordelikheid vir die gedrag van sy lede.

(d) Die oordraging van die verdeling van die magstruktuur en van die eiendom word in die samelewing ten minste gedeeltelik gereël deur die biologiese instandhouding van gesinslede, en deur die statusverlening en aan die indiwidu deur sy lidmaatskap van 'n bepaalde gesin.[1)]

Sosioloë ken in die algemeen 'n groot verskeidenheid van funksies aan die gesin toe, bv. "Ogburn se klassifikasiemetode berus op die serie aktiwiteite waarmee die gesin besig gehou word ..... Ruth Reed lewer 'n voorbeeld van die funksionele klassifikasie wat berus op die opvatting van persone en belange wat deur die gesinsaktiwiteite gedien word." [2)] ens.

3. Die samevatting van die vorige met die woorde van Van Dijk is die helderste en die mees aanvaarbare:

(a) "De voorziening in de materiële behoeften van de opgroeiende generatie tot aan de volwassenheid binnen de sfeer van liefdevolle verzorging.

Vgl. 1) Cilliers S.P. - Gesonde Gesinsbou, Riglyne vir die gesinslewe in die hedendaagse samelewing. Universiteits-Uitgewers en Boekhandelaars, 1960, p.51.

2) Vgl. Kleynhans E.P.J. - Ongepubliseerde Proefskrif vir die D. Phil. aan die Vrystaatse Universiteit. "Die huweliksvrugbaarheid van die Blanke Suid-Afrikaner," p. 206.

(b) De overdracht van de sociaal-culturele verworvenheden (godsdienst daaronder begrepen) van de oudere op de jongere generatie, met name gedurende de eerste levensjaren, onder die stimulerende en geduldige leiding van het ouderlijk gezag (opvoeding)

(c) Het instandhouden ten behoeve van de leden van het gezin van een sfeer van zekerheid, intieme geborgenheid, gezelligheid, sympathie en liefde, met een zeer ruime marge van vrijheid, ja zelfs van onderlinge wrijving." [1]

C. Positivering en aanverwante begrippe.

(a) Positiveringsproses.

"Gezagsdragers en leiders positiveren de beginselen, de menselijke algemene kennis van de wet, van het zó behoren tot concrete en pregnante leefregels: de positieve normen." [2]

(b) Sosialisering.

Baie nou verwant aan die begrip van positivering, veral in en deur die gesin, is die proses van sosialisering, soos die leerproses van die mens in die samelewing gewoonlik deur die meeste sosioloë beskryf word.

(i) "Socialization for the individual produces personality. It is the continual process of learning and adjustment. Socialization for society is the extension of this personal learning to the group. It is cultural transmission and is a means whereby a society preserves its norms and is perpetuated. Individuals, having learned and accepted an attitude, an idea, or way of doing something tend to extend it to other persons, rationalize that it is "natural" or "good". They may insist that some, many or, in some cases, all other people of the society conform." [3]

---

1) Van Dijk R. - Mens en Medemens, p. 86.

2) Ibid - p. 56.

3) Mercer B.E. - The study of Society, p. 70.

(ii) "Die maatskaplike lewe - die daaglikse omgang tussen mense - bestaan vir elke individu uit 'n verskeidenheid van rolle wat hy of sy so bevredigend moontlik moet uitleef. In elke verhouding waarin hy of sy betrek word, is daar een of meer sulke rolle ..... Die aanleer van die vereiste rol-oriëntasies wat noodsaaklik is vir die bevrediging-gewende en ordelike onderlinge omgang tussen indiwidue is dan die eintlike menswaardige mensmaking van die biologies-geskape wese. Omdat dit hierdeur is dat van hierdie laasgenoemde biologiese entiteit 'n sosiale of maatskaplike wese gemaak word, beskryf ons die proses gewoonlik as 'n proses van sosialisering. Dit is derhalwe 'n proses wat bestaan uit "the learning of any orientation of functional significance to the operating of a system of complementary role-expectations." Anders gestel, behels dit die internalisering en differensiëring van veranderende patrone van maatskaplike verwagtinge. Uit die voorgaande is dit duidelik dat die proses van sosialisering ingewikkeld en diepgaande is, en dat die gesin 'n wesentlike rol speel in hierdie verband .... Elke keer is daar persone wat vir die kind optree as sosialiseringsagente..... " [1)]

(iii) "Which things are good and bad are again part of the primary socialization materials transferred to the child during his course of growing up inside the family unit... The meaning of various societal norms i.e. the meaning of good citizenship, politeness, respect for others, adaption to group living, honesty, or whatever the norms of the society may be, are again first learned inside the family." [2)]

---

1) Cilliers S.P. - <u>Gesonde Gesinsbou,</u> p. 55,56.

2) Bennet John W. en Tumin M.W. - <u>Social Life - An introduction to General Sociology,</u> p. 549, Vgl. ook p. 260.

Uit die bogaande is dit duidelik dat daar in die begrip van sosialisering in en deur die gesin en die positiveringsproses in die Christelike gesin, baie ooreenstemmende gedagtes te vind is.

Tog is die sin en betekenis van positivering in hierdie verhandeling in sekere opsigte omvattender as die gedagte van die sosialisering. Trouens die positiveringsproses van die Christelike verbande, wil deurdring nie alleen tot die feitelike in die samelewing nie maar oók tot die geldende normatiewe orde wat in die beginsels en aan die Openbaring van God ontleen is.

Met ander woorde dit gaan hier om die regulerende positiewe norme soos God dit gewil het en wat waargemaak moet word in menselewens en nie maar net as etiketreëls van die samelewing nie. Dit gaan hier nie net om die goeie en maklike funksionering van die mens in 'n samelewingskompleks nie, want die mens kan nog maklik funksioneer met heidense en sondige spelreëls, maar dit gaan hier om so na as moontlik aan die normatiewe orde te kom.

(c) Norme en beginsels.

(i) "The norms or standards of a status group compromise the law that governs the conduct of the members individually and collectively." [1]

(ii) "Norm ...regel, waaraan men zich te houden heeft, maatstaf ter beoordeeling en waardeering van handelingen." [2]

(iii) "Norm... elke positieve regel die een bepaalde wijze van gedrag of handelen voorschrijft of verbiedt." [3]

(iv) Beginsels ..."Aan de Openbaring ontleent dan ook de christen de belijdenis dat achter de kosmische orde, ook achter de normatieve samenlevingsorde als laatste en absolute grond en oorsprong daarvan, staat de

---

1) La Piere R.T. - A Theory of Social Control, McGraw-Hill Book Co., New York 1954 , p. 118.

2) - Christelijke Encyclopaedie IV deel, J.H. Kok, Kampen, p. 383.

3) Van Dijk R. - Mens en Medemens, p. 57

wijsheid en de wil van de Schepper die Zijn ordonnantiën stelde voor geheel Zijn Schepping.
In die Openbaring vindt de mens deze goddelijke orde voor het mensenleven in taalsymbolen mededeling en toets. Overigens, ook naar bijbelse visie ontbreekt de mens besef, weet van en mogelijkheid van algemene kennis omtrent deze scheppingsorde ook buiten de bijzondere Openbaring om niet. En deze aanvankelijke algemene, al of niet in taalsymbolen geformuleerde kennis, notie, die de vrucht is van menselijk inzicht en doorzicht in en bezinning omtrent de vormen waarin zich zijn leven en samenleven realiseert en de daarvoor geldende normatieve orde, pleegt men beginselen te noemen." [1)]

In hierdie verband is die uitspraak van Stoker van belang: "Beginsels is die eerste wesenswaarhede en betref die wesenskonstitusie van die saak waarvoor hulle geld. Hulle is nie dinamies, soos die feite nie, ook nie op 'n bepaalde plek en 'n bepaalde tyd nie, maar is onafhanklik van bepaalde ruimte en bepaalde tyd, en in hierdie sin is hulle veritates aeternae.... Beginsels word nie met ons sintuie waargeneem nie, kan nie gemeet en geweeg word soos die dinge wat ons sintuiglik waarneem nie. Hulle is vir eksperiment ontoeganklik. Hulle geldigheid vir een of ander deel van die werklikheid word geglo of nie geglo nie...." [2)]

Met die beginsels in die Sosiologie, het die sosioloog dan te maak met daardie wesenswaarhede in die menslike samelewing soos dit verorden is by die skepping en geopenbaar is in die Heilige Skrif - al is die Bybel nie 'n handboek van die wetenskap nie. Hierop moet ook die normekomplekse gebou word.

---

1) Van Dijk R. - Mens en Medemens, p. 54.
2) Stoker H.G. - Kristendom en Wetenskap, p. 28,29.

(d) Opvoeding.

Die positiveringsproses in die opvoeding is 'n baie belangrike saak. Hierdie opvoedingswerksaamheid in die positiveringsproses berus op bepaalde Godgegewe beginsels en geskied tot die oordrag van die normekomplekse. Dit is derhalwe baie belangrik om kortliks 'n paar definisies van die opvoeding te gee.

"Deze taak onderstelt die van voeding en bescherming, immers wat niet in stand gehouden wordt, kan ook niet worden opgevoed. De opvoeding is dan: de leiding, die aan het kind moet worden gegeven, opdat het eens in staat zal zijn, zijn taak als mensch te vervullen, op zulk een wijze als God dat van hem vraagt." 1)

Waterink definieer dit as volg:

Opvoeding is "de vorming van de mens tot zelfstandige, God naar Zijn Woord dienende persoonlikheid, geschikt en bereid al de gaven, die hij van God ontving, te besteden tot Gods eer en tot heil van het schepsel, in alle levensverbanden waarin God hem plaatst....." 2)

In hierdie verband is dit nodig om aan twee aspekte van die opvoeding aandag te skenk, nl.

(i) Dat daar 'n opvoedende werksaamheid uitgaan van die hele samelewing en by name dan deur die vernaamste samelewingsvorme, soos die huisgesin, die kerk, die staat en die skool, elkeen volgens sy aard en soort ens. Die mens word deur die Ewige God, in Jesus Christus opgevoed deur van die verskillende samelewingsvorme as werktuie gebruik te maak. 3)

---

1) - Christelike Encyclopaedie, Deel IV p. 463.

2) Waterink J. - Theorie der Opvoeding, J.H. Kok, Kampen, 1958 p. 121.

Vgl. 3) Van der Walt J.P. - Histories - Prinsipiële Beskouing oor die Opkoms, die Veld van Ondersoek, en die Betekenis van die Opvoedkundige Sosiologie. Ongepubliseerde verhandeling vir die D.Phil. aan die P.U. vir C.H.O., 1959, p. 141.

(ii) Dat daar by opvoeding 'n Godgerigte doel is.

"Die doel van die opvoeding lê in 'n lyn met die uitgangspunt van die Christelike lewensbeskouing as 'n heenwys en 'n heenlei na 'n vaste eindpunt. In onderworpenheid bly die mens aan God gebonde met 'n verantwoordelikheids- en normbesef, wat sy vertikale en horisontale bindinge tot sy Skepper en medemens lei en rig." 1)

Uit al die definisies en analises wat tot hiertoe gemaak is, vat ons dit nou saam met die volgende:

Die Sosiologie wat sy grondprinsipes aan die Heilige Skrif ontleen, ken die samelewing met sy verskillende samelewingsverbande as deel van die Skeppingsorde. Hierdie samelewingsverbande het elk 'n eie struktuurprinsipe met eie struktuurnorme. Die huisgesin is gegrond in die biotiese en vind sy bestemming in die etiese. Die huisgesin het sekere kernfunksies wat dit in die samelewing moet verrig. In die Positiveringsproses wat van meer normatiewe beskrywing is as die sosialiseringsproses, is daar 'n opvoedende werksaamheid volgens bepaalde norme en reëls tot 'n bepaalde interne en eksterne doel. In hierdie Positiveringsproses het naas andere, die huisgesin sy eie bepaalde manier van opvoedende werksaamheid. Dit voed die kind op tot die volwassenheid, en hierdie opvoeding het 'n sedelike karakter 2) en moet gelei word deur die religieuse grondmotief.

---

1) Van der Walt J.P. - Ongepubliseerde proefskrif, p. 76.

Vgl.2) Brillenburg Wurth G. - Zedelijke Opvoeding. Grondlijnen der Ethische Paedagogiek, J.H. Kok, Kampen, 1960, p. 152.

# HOOFSTUK II.

## Die aard van die moderne samelewing.

## Analise en bespreking.

Inleiding.

Nou dat ons die aandag in die vorige hoofstuk toegespits het op definisies, omskrywinge en begripsanalises en die probleem van die normatiewe aard van die gesin aangeraak het, skenk ons vervolgens aandag aan die samelewingstruktuur in sy werklike en ideale toestand. Ons gaan soos volg te werk:

A. Die samelewingsorde in die algemeen.

(a) Aspekte van die werklikheid.

In 'n werkie oor die grondgedagtes van die Wysbegeerte van die Wetsidee, maak Venter in die "Die Gelowige in die Samelewing", 'n onderskeiding tussen die natuurryk en die kultuurryk.[1)]

"Tot die natuurryk behoort alle dinge, plante en diere; die kultuurryk daarenteen, is die gebied van die mens en sy werke. Want kultuur is niks anders as natuur wat deur die vormende mag van die mens bewerk is nie.

Beide in die natuurryk en in die kultuurryk tref ons nog 'n aantal eiesoortige aspekte of kante aan wat elk oorspronklik is (d.w.s. onderling onherleibaar) en onderhewig aan besondere wette en norme wat pas by die eie-aard van die betrokke aspek. In die natuurryk onderskei ons ses sulke aspekte:

1. Getal.
2. Ruimtelikheid.
3. Beweging (Fisiese aspek)
4. Energie.
5. Organiese lewe (biotiese aspek)
6. Psigiese gevoel.

---

Vgl. 1) Venter E.A. - Die gelowige in die Samelewing, p. 17.18.

Hierdie aspekte is gerangskik van die eenvoudigste tot die mees gekompliseerde aspek van die natuurryk."[1])

"Vervolgens kom ons by die kultuurryk.

Al die genoemde aspekte is ook eie aan die mens, maar die mens openbaar sy eie-aard as besondere skeppingswerk van God daarin dat hy nog 'n negetal tipies-menslike aspekte vertoon:

7. Analitiese aspek. (Logiese denke)
8. Historiese aspek (Kultuurvorming).
9. Linguale aspek (Taalkundig).
10. Sosiale aspek (Omgang tussen mense).
11. Ekonomiese aspek (Besparing).
12. Estetiese aspek (Skoonheid, harmonie).
13. Juridiese aspek (Vergelding).
14. Etiese aspek (Liefde).
15. Pistiese aspek (Geloof).

In stygende lyn van toenemende gekompliseerdheid verskyn hierbo in ons lys al die ander aspekte wat eie is aan die menslike bestaan. Hoogste van almal is die pistiese aspek (geloofsaspek); die mens soek naamlik om deur die geloof die vaste grond te vind vir sy lewe. By die mens staan ál die ander sye van sy bestaan onder die beheer van die geloof - of dit nou al 'n ware of valse geloof is. Daarom is die mens nie maar net 'n dier by wie nog nege funksies bygevoeg is nie; nee, ook die ses benede-logiese funksies staan by die mens onder leiding van die geloof.

Ook in verband met aspekte 7 - 15 geld dit weer: by elke aspek hoort slegs die wette (norme) wat by die unieke eieaard daarvan pas. Daarom moet bv. etiese vrae volgens etiese norme beslis word; godsdienstige (geloofs-) probleme moet met geloofsnorme benader word, ens. [2])

---

1) Venter E.A. - Die gelowige in die Samelewing, p.17.

2) Ibid. - p. 18,19.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die mens as skepsel Gods aan 'n hele aantal sinsye, van God verordende wetskringe, deel het en daarin fungeer. [1]

(b) Samelewingsvorme en hulle struktuur-tipiese aard.

Die mens wat so deel het aan al die sye van die kosmiese werklikheid, is toegeorden in sekere groeperinge of samelewingsverbande, wat op hulle beurt weer 'n eie struktuurvorm het. Hierdie struktuurvorme kom op uit 'n religieuse wortel soos die Woord van God dit aan ons openbaar.

Die eenheidsband van die menslike geslag soos oorspronklik veranker in Adam word deur God na die sondeval uit vrye genade herstel in die Middelaar Jesus Christus. "In Hem en door Hem wordt de mensheid behouden als lichaam van Christus.... In het lichaam van Christus vindt heel de tijdelijke samenleving haar zinvolheid. Of m.a.w. dat lichaam van Christus openbaart zich in de structuur van alle verbanden, die in beginsel door den Christus hersteld zijn en als zodanig op Hem zijn gericht. Niet alleen het kerkinstituut is van dat lichaam van Christus een tijdelijke openbaring doch evenzeer het Christelijk gezin, de Christelijke staat, het bedrijf, dat met Gods ordinantiën rekent, enz." [2]

Hierdie waarheid dat die samelewingsvorme opkom uit die religieuse wortel en uit die geskapenheid na die wil en ordening van God, laat vir ons die lig opgaan oor die eie aard en soewereiniteit van elk van die samelewingsvorme. Dit laat ons hierdie samelewing sien as 'n skone argitektoniese struktuur. Hierdie samelewingsvorme openbaar hulle in 'n tipiese groepering [3] van modale aspekte, d.w.s. dat daar sekere van die aspekte kwalifiserend is van sulke vorme of verbande.

---

Vgl. 1) Spier J.M. - Inleiding in de Wysbegeerte der Wetsidee, p. 165.

2) Ibid - p. 165.

Vgl. 3) Dooyeweerd H. - Verkenningen in de Wijsbegeerte, de Sociologie en de Rechtsgeschiedenis, p. 100.

Ons dink bv. aan die gesin wat deel het aan die sinsye van die werklikheid, gefundeer is in die biotiese, die bloedafstamming, maar wat sy bestemming vind in die etiese, die liefde, want die gesin is 'n liefdesgemeenskap. Daarom word die gesin gekwalifiseer deur die liefde en neem die etiese dus hier die leidende funksie. So vind ons by die kerk die pistiese wat leiding neem, by die staat die juridiese en by die bedryf, die ekonomiese.

Wat hier onthou moet word is dat "alle samenlevingsvormen, alle structuren der samenleving fungeren naar alle zijden van de volle werkelijkheid, het zijn individualiteiten; maar men kan nu juist samenlevingsvormen van elkaar onderscheiden door te letten op die elementen, die daarin op de voorgrond treden, primair zijn." 1)

Wanneer die mense as groepe hulle gesamentlike aktiwiteite wil ontplooi in 'n sekere rigting en na 'n sekere aspek van die lewe, dan kies hulle daardie samelewingsvorm "die tot dat bepaalde levensterrein geëigend is, de kerk voor het godsdienstig leven, de staat voor de openbare orde, het bedrijf voor de behoeftenvoorziening, het gezin voor het intieme verwantschapsleven ...etc." 2) Dit is dus duidelik dat die geordende samelewingsvorme wat altyd weer fungeer na al die sye van die lewe en wat gekwalifiseer word elkeen met 'n eie aspek en sin, nie aan al die elemente of aspekte gelyke waarde en betekenis toeken nie.

"Voor de kerk zijn geloof en liefde belangrijker dan techniek, recht, economie of schoonheid. Maar voor het bedrijf zijn techniek en economie belangrijker, dan schoonheid, recht, etc." 3)

Nou is dit waar dat hierdie verskillende samelewingsvorme met hulle eie struktuurtipiese tog in 'n noue vervlegting met mekaar staan.

---

1) Van Dijk R. - Mens en Medemens, p. 60.

2) Ibid. - p. 60.

3) Ibid. - p. 60.

"Die menslike persoonlikheid staan gelyktydig in baie samelewingsvorme en word telkens op 'n aparte manier met ander mense saamgeorden. Daarom is die lewensvorme só intiem met mekaar verweef dat die voorspoedige voortbestaan van die een nooit te skei is van die welsyn van die ander nie." 1)

Maar hierdie vervlegting is sodanig dat: "die samenhang van individualiteitstructuren, waarin deze laatste wel hun interne souvereiniteit in eigen kring behouden, maar in externe functies ontsloten worden." 2)

Hierdie vervlegting waarin ons 'n eenheid en 'n verskeidenheid vind, is niks anders as die vrug van die Kunstenaarshand van God wat die verskeidenheid in die eenheid saamgeknoop het. Verder moet nog aangetoon word dat daar onderskei word tussen die verskillende samelewingsvorme. Daar was deur die loop van die ontwikkelingsgang van die Sosiologie baie pogings om hierdie samelewingsvorme te onderskei. Vgl. Tönnies, Gurvitch, Gillin en Gillin, Cooley e.a. 3)

Van Dijk 4) onderskei weer tussen verbande, gemeenskappe en maatskaplike verhoudinge.

(c) Samelewingsnorme vir ons lewensuitinge en vir die samelewingsvorme.

By die menslike aktiwiteit word uitgegaan van die besef van verantwoordelikheid. "De mens oriënteert zijn activiteit, zijn denken en doen aan besef van zó behoren, van verplichting, kortom van waarden en normen. Samenleving veronderstelt orde, samenlevingsorde, maar in de menselijke samenleving is die orde van een dubbele realiteit. De samenlevingsorde is niet maar een registreerbaar objectief bestand van feitelijke verhoudingen, maar is tegelijk een normatieve orde. Een orde, belichaamd in een complex van regels van zo behoren, van normen, die het menselijk gedrag in de samenleving zoeken te richten en te reguleren.

---

1) Straus H.J. - Christelike Wetenskap (Roeping en Stryd), Sacum, Bloemfontein, 1953, p.40.

2) Spier J.M. - Inleiding in de Wysbegeerte der Wetsidee, p. 219.

Vgl. 3) Van Dijk, R. - Mens en Medemens, p. 35-50

Vgl. 4) Ibid. - p. 47,48.

In elke samenleving van mensen moet daarom worden onderscheiden tussen wat is (feit) en wat hoort (norm), tussen een feitelijke en een normatieve orde."[1]

Die ganse samelewing word en moet gereguleer word deur 'n normatiewe orde deur 'n <u>kompleks van samelewingsnorme.</u> Daar is die norme wat die lewensuitinge moet beheer, die norme wat geld vir elke sinsy van die lewe en betrekking het op die funksies en lewensaspekte; godsdienstige norme, morele norme, juridiese norme, estetiese, sosiale, historiese, tegniese, taalkundige, logiese norme. Elke aspek van die lewe waarin die mens hom self uitdruk staan onder 'n eie normatiewe orde.

Hierby kom nog dat elke samelewingsvorm sy eie struktuurnorm het. Hierdie norm word bepaal deur dit wat die samelewingsvorme kwalifiseer. M.a.w. waar ons bv. in die gesin te maak het met die liefde, daar is die etiese norm van groter waarde; in die bedryf die ekonomiese en in die kerk weer die geloof. Die struktuurnorm bepaal die norme van alle saamhangende aspekte van afsonderlike groepe. Bv. die kerk met sy geloofsnorm het ook te make met die norme van die logiese, estetiese, etiese, taalkundige, ekonomiese aspekte ens. binne en buite die kerk. Daar is ook probleme wat sal voortbestaan solank ons in hierdie tydelike werklikheid lewe. Die probleem van die feitlike werklikheid wat nie ooreenstem met die normatiewe orde nie. 'n Probleem wat geskep word deur die feilbaarheid van die mens wat nie by magte is om die normatiewe orde te positiveer in die lewe nie of die onwilligheid van die mens om die Godgewilde orde vir die lewe te wil aanvaar.

Hierdie probleem is 'n sosiale werklikheid. In hierdie verband wys van Dijk[2] op die agterstand wat sekere normsfere op ander mag hê.

"Zo kan men zeggen, dat onze westerse samenleving lange tijd heeft geleden en nog lijdt aan een sterke woekering op de

---

1) Van Dijk R. - <u>Mens en Medemens</u>, p. 51.

Vgl. 2) Ibid. - p.63.

terreinen van techniek en economie, waarbij de ontwikkeling op sociaal-ethisch en juridisch terrein is agtergebleven en waardoor de technisch- economische orde en normen (de economische "noodzaak", het economisch of technisch "toelaatbare" of "mogelijke") de boventoon zijn gaan voeren en de gerechtigheid in het gedrang kwam.

Men spreekt in zo 'n geval van een "cultural lag" van een agterblijven van de ontwikkeling, de normatieve vooruitgang van bepaalde cultuursectoren of samenlevingsvormen bij andere." 1)

Hierdie probleem wat so groot is, kan alleen uitgeskakel word as daar gekom is tot een "integrale harmonisering door een laatste totale norm, die voor de christen slechts het grote gebod der Liefde tot God en daarom tot de naaste kan zijn." 2)

Dit is belangrik dat hierdie feitlike orde so na moontlik aan die normatiewe orde moet kom want "de totaliteit van sociaal-culturele normen waardoor de mensen in de samenleving (in een bepaalde mensengroep) worden gereguleerd en die in meerdere of mindere mate tot een homogeen geheel zijn geïntegreerd heeft men wel cultuurpatroon "pattern of culture" genoemd." 3)

Samevattend kan ons dit dan nou hier stel dat die skone bouorde van die samelewing daarin bestaan:

(a) dat die menslike samelewing en die mens self as aksiesentrum deel het aan en hom uitdruk in alle aspekte van die konkrete werklikheid.

(b) dat die samelewingsorde bestaan uit bepaalde samelewingsvorme wat deur struktuurnorme gekwalifiseer word volgens aard en soort, en

(c) dat die sinsye en die samelewingsvorme 'n normekompleks het, wat by die mens en groep geïntegreer kan word omdat dit veranker lê in die geestestruktuur van die mens.

---

1), 2), 3) Van Dijk R. - Mens en Medemens, p. 63.

Hierdie norme word lan s die weg van positivering oorgedra deur metodes, aktiwiteite, instellinge, gesagsdraers, waaroor elke samelewing en samelewingskring beskik. Hierdie oordrag geskied so geslaagd deur voortdurende opvoeding en beïnvloeding "dat de mens zich meestal niet bewust is dat hem de normen zijn opgelegd." [1)]

B. Die moderne samelewing - Enkele tiperinge en omskrywinge.

Dat daar geweldige prosesse van Sosiale verandering in die afgelope eeu aan die werk was, en is,word allerweë deur sosioloë erken. Hierdie Sosiale verandering word deur Wirth [2)] beskrywe as "Social change and social disorganization or the study of the broad transformations going on in Society, the manner in which they effect institutions, attitudes, ideas and behaviour, and the problem situations which men confront."

Hierdie sosiale verandering met die aantasting van instellinge, tussenmenslike verhoudinge en kulturele lewenspatrone, het 'n samelewingswerklikheid daargestel wat baie kompleks is en ook van problematiese aard is. Verskillende sosioloë stel die probleem soos volg:

(i) W. Banning [3)] gee in verskeie werke 'n analise van die hedendaagse maatskappy. In hierdie verband noem ons slegs sy ("Moderne Maatschappij-Problemen Deel I" en sy "Machten en Mensen.") Die situasie in die Westerse wêreld word veroorsaak deur 'n aantal magte, "machten in de mens zelf, die hem ten verderve voeren en doen ondergaan in bezoedeling." Hierdie magte het die lewe van die moderne mens gevoer tot "het geschonden leven" en vind hulle oorsprong in die veranderde mensewêreld. Daar moet op drie baie belangrike aspekte gelet word:

---

1) Van Dijk R. - Mens en Medemens, p. 61.

2) Van der Walt J.P. - Ongepubliseerde Proefskrif, p. 59.

3) Banning W. - Machten en Mensen, Haarlem, De Erven, F. Bohn, N.V. 1959, p. 13.

(a) Die Wetenskaplike-tegniese agtergrond.

Die wetenskaplik - tegniese apparatuur van die afgelope anderhalf-eeu is die beslissende faktor in die dinamiese ontwikkeling van die moderne maatskappy .... "de achtergrond en motor van het moderne leven ligt in de wetenschappelijk-technische ontwikkeling van de laatste paar eeuwen, haar verbijsterende dynamiek, haar revolutionerende werking, haar eigen pathos." [1]

In hierdie verband skryf hy elders Alle sociale problemen, waarvoor wij staan, zijn de problemen van de geïndustrialiseerde massa-maatschappij....", hierdie maatskappy het alleen moontlik geword deur die ontwikkeling van die moderne natuurwetenskappe.[2]

(b) Die veranderde wetenskaplike denke.

"de wetenschap is steeds meer de leidende macht in dit sameleving geworden, heeft andere machten uit de leiding teruggedrongen, soms in felle konflikten, soms geruisloos (bv. kerk en christelijk geloof, moraal) maar heeft ook andere menstypen voortgebracht." [3]

Die belangrikste tendens aldus Banning, is die wetenskap met sy voortgaande differensiasie ens. en die "verslaving van der suivare wetenschap aan techniek en de daaraan verbonden economische doelstellingen" [4]

Die vrug hiervan is 'n samelewing waar die wetenskap ingestel is op tegniek. Die "technische geesteshouding," [5] wat 'n veranderende lewenstyl meebring, oorheers hier.

(c) Die veranderende lewenstyl.

Dié lewenstyl is dan die oorwegende praktiese houding wat mensegroepe aanneem dikwels sonder bewustelik rekenskap te gee van die kragte wat daarin 'n rol speel. Hierdie lewenstyl openbaar

---

1) Banning W. - Machten en Mensen, p. 14.

Vgl. 2) Banning W. - Moderne Maatschappij-Probleem, Deel I, Haarlem, De Erven, F. Bohn, 1960 p.15 en 18.

3) Banning W. - Machten en Mensen, p.18.

4) Ibid. - p.21.

5) Banning W. - Moderne Maatschappij-Problemen, p. 132

'n opvallende "ambivalentie". "Enerzijds is er een geestdriftig optimisme, dat de techniek en haar prestasies bejubelt en de tijd nabij weet, waarin armoede, arbeidsmoeite en pijn, besmettelijke en andere ziekte voorbij zullen zijn....Anderzijds is er een grimmig pessimisme, dat wel inziet dat men de technische ontwikkeling niet ongedaan kan maken, maar overtuigd is dat zij de ondergang der diepere beschaving betekent .... Ondergang, omdat de mens van zijn waardigheid wordt beroofd door hem tot verlengstuk der machine te verlagen, tot een onpersoonlijk onderdeel in een machtige apparatuur." 1)

Hier het 'n baie belangrike verandering in die samelewing plaasgevind t.o.v. lewenspatroon, styl, moraal, godsdienstige geloof, ens. Van hierdie dominerende denkstyl is dan die belangrikste komponente:

i. Rasionalisme - "men gelooft in de mogelijkheid om de werkelijkheid.... theoretisch te beheersen."

ii. Utilisme - "Het grootst mogelijk nuttig effekt wordt nagestreefd en bij eventuele keuze van middelen en methoden beslist de factor nut."

iii. Relativisme - "absolute waarden gelden niet, er gelden alleen waarden in een konkrete situatie; absoluut waar is alleen de stelling dat alle waarden relatief zijn."

iv. Diensbereidheid - "insluitend samenwerking met anderen aan éénzelfde taak......" 2)

Die uitwerking van hierdie denk- en lewenstyl is geweldig groot in terme van die massa. Behalwe die wetenskapverheerliking het daar nog bygekom die aflegging van die geloof in 'n persoonlike God terwille van die geloof in die maatskaplike ontwikkeling. Hierby kom nog dat agter "deze levenstijl staat wat men zou kunnen noemen een zedelijk ideaal: het eudemonisme". 3)

---

1) Banning W.- Machten en Mensen, p. 23.

2) Ibid. - p. 25.

3) Ibid. - p. 27.

Die magte wat uit hierdie wêreld van die wetenskap en tegniek te voorskyn gekom het uit die wêreld met sy nuwe denke en lewenstyl is velerlei.

v. Daar is die ekonomiese mag,[1] daardie deel van die lewe van 'n volk wat 'n onderdeel van die kultuurlewe is. Die oorheersing van die ekonomiese waardes, die begeerte na welvaartsgenietinge het die mensheid gebring in die mag van die ekonomisme. Dit het meegebring dat die lewe van die Westerse volkere gekenmerk word deur 'n beklemmende stylloosheid, dikwels 'n roekelose omgang met geestesbesit. Saam met die vorige hang die

vi. mag van die tegniese "Kunnen"[2] wat tegelykertyd baie waardevolle dinge geskenk het, maar ook enorme probleme en gevare opgeroep en gelei het tot die verabsolutering van die tegniese wat lei tot tegnisisme. Ons lewe sinds anderhalwe eeu in 'n deur die tegniek gestempelde maatskappy. Hierdie tegniek het nie alleen die uiterlike lewe van die mens nie maar ook sy innerlike lewe 'n magtige invloed laat ondergaan.

Hierdie mag het volgens Banning meegehelp aan die toename van wetenskaplike kennis en tegniese kunne (vermoëns), rasionalisme en organisasie, bevolkingstoename, urbanisasie, vergroting van mobiliteit, die kleiner wording van die wêreld, die sekularisasie en 'n polivalensie in die waardesisteem.

"De machten die het industrialisme beheersen en verder stuwen, hebben de kom gebroken waaruit onze voorvaderen hun geestelijke waarden indronken - dáárom staan de huidige generaties verweesd, zonder dragende, scheppende tradities, zonder Teken, in fundamentele onzekerheid."[3]

vii. Die mag van die wêreldpolitiek is groot. Die ganse mensheid lewe vandag in die kompleks van internasionale politieke verhoudinge wat die ganse lewe beheer. Terwyl die groot wêreld

---

Vgl.1) Banning W. - Machten en Mensen, p. 48-65.

Vgl.2) Ibid. - p. 66-88.

3) Ibid. - p. 76.

klein geword het deur kommunikasie middele is daar 'n intensiewe internasionale verkeer, onderlinge afhanklikheid vir grondstowwe, groeiende ekonomiese samewerking, wetenskaplike kontakte,ens. Voorts dwing die gevaar van oorlogstegniek om alle grense en volksidentiteit uit te wis met die enigste oplossing - internasionale oorleg. [1)]

viii. Die mag van die apparaat is geweldig groot in die huidige samelewing waar die hele lewe beheers word deur die mag van organisasies. In die moderne industrialistiese maatskappy word 'n hele aantal buro's gevind wat hulle mag laat geld op die gebied van die bedyrfslewe, politiek, kerk, verenigingslewe, owerheid, organe van kultuurdistribusie, ens. Waar die apparaat sy funksie oorskry, het ons die burokratisme waar die selfontvreemding van die mens plaasvind.[2)].

ix.Omdat die mens kind is van sy tyd spreek Banning ook van die magte van die tyd. In die tyd is die mens nooit neutraal nie. Die moderne mens hou feitlik alleen rekening met die mens en die tydgebeure. Die natuur het vreemd vir hom geword, behalwe as leweransier van voedsel, grondstowwe en energie. God as die Alfa en Omega is vir hom dood of afwesig. Met hierdie houding verloor die mens maklik die behoudende mag van die verlede - die tradisie en geraak hy in die greep van die magte van die tyd - van aanpassing sonder meer. By al die magte reeds genoem, moet nog gevoeg word die welvaartsideologie, asof welvaart vanselfsprekend geluk beteken of bring. Hierby moet nog gevoeg word erotisisme of seksualisme d.w.s. die ideologie wat mense rondom seksualiteit of erotiek heen spin, die geloof dat ongeremde seksuele lewe vir die mens gesond is. Ons is in die greep van die seksualisme.

Agter hierdie ideologieë lê daar sterk motiewe. Motiewe wat opkom uit die hart van die onsekere en beklemde mens en wat hulle hoogtepunt vind in 'n soort van heilsverwagting. Elke ideologie verkry op die einde dan iets van die pseudoreligieuse karakter.

---

Vgl 1) Banning W. - Machten en Mensen, p. 116-143.

Vgl. 2) Ibid. - p. 89 - 115.

Vanweë hierdie menigte van ideologieë staan die mensheid voor 'n breukpunt en 'n krisis. Hy het die stelling van die Christendom dat die mens na Gods beeld geskape is, afgewys. Hy het die stelling van die idealisme dat in die mens die idee streef na selfverwesenliking en hy dus waarheid, skoonheid en goedheid moet dien en so die kultuur as die singewing sy opdrag is, afgewys. Hy is prakties en teoreties, realisties. Hy neem die mens soos hy feitelik is, eindig, 'n bundeling van instinkte en hartstogte, met verstand begaafd en histories bepaald. Hy weet nie meer wat in die mens is nie, en dit is die krisis van die mens. 1)

"Al deze stromingen ontmoeten elkaar in één brandend actuele vraag waarop wij kennelijk geen gemeenschappelijk, zeker geen bevrijdend antwoord kunnen geven: de vraag naar de inhoud van het mens-zijn en het menselijk samenleven. Ik zoek het breukpunt en de crisis vooral hierin, dat wij geen raad meer weten met ons eigen en gemeenskappelijk mens-zijn." 2)

(ii) Wilhelm Röpke.

Vir hierdie skrywer staan die huidige samelewing in die teken van ontworteling en ontbinding, dit is trouens vir hom die krisissituasie. Tot hierdie situasie, "the decay of society", het gelei die "false paths of thought". 3)

Die mens het die verstand as gawe van God misbruik en daarom bevind die Weste hom in "the comtemporary social crisis." Die fout het gekom toe die rede van die mens verabsoluteer is. (Rasionalisme). "It is precisely the mistake of rationalism to be led astray by a boundless trust in the intellect, to regard it as a never failing guide...." 4)

---

Vgl. 1) Banning W. - Machten en Mensen, - p. 168-178.

2) Ibid. - p. 177,178.

3) Röpke W. - Civitas Humana. Humane order of Society,(Engelse vertaling) - William Hodge and Company, London, 1948, p. 43.

4) Ibid. - p. 44.

Hierdie misbruik van die intellek sonder om die beperkinge daarvan te ken, het gelei tot die ellende waarin die mens verkeer. "It is fundamentally false thinking which we would make responsible for the condition of the world and of humanity."[1] Hierdie rasionalisme het gelei tot die Positivisme (positiewe feite), die Sciëntisme en die tegnisisme.

"Positivism as a sub-species of the general family "Empiricism", as a particular form which is characterised by a peculiar conception of facts, namely that which accepts as facts only those to be verified by the senses and by that kind of observation which is common in natural science whilst ignoring all others - especially the moral facts of life, history and society .... Thus we arrive at the quantitative, mathematical scientific thinking which we would describe as "Scientism" owing to its autocratic demands on life and society and which has been a fundamental cause of the errors of rationalism, since thinking of that type must necessarily be blind to the special nature of life and society, phenomena which contain quality, structure, continuity and form." [2]

Hierdie tipe van denke het die mens as geestelike en sedelike entiteit geïgnoreer en het omtrent geen kennis besit van die "eternally, human and social values."

Dit is volgens Röpke duidelik dat hierdie weg moes lei tot die "tegnisisme" en die kollektivisme. Laasgenoemde begrip word deur Lysen beskrywe as: In die kollektivering word die samelewing so verander dat dit die normatiewe krag besit om die handeling van die individu te bepaal terwyl die eie persoonlikheid weinig of geen krag tot gelding besit nie. Die individu se lewensuitinge word bepaal deur die gemeenskap. Hier leef die mens nie "op en voor zichself, doch geheel in en voor de gemeenschap: deze is

---

1) Röpke W. - Civitas Humana, p. 45.

2) Ibid. - p. 54, 55.

nummer een, heeft maatschappelijk en zedelijk den voorrang. Zulk een samenleving noemen we "collectivistisch"..." [1]

Die Sciëntisme, wat deur Hobbes beskrywe word as "Scientism is a belief that science can furnish answers to all human problems", [2] sien Röpke tereg as "the attempt to apply the laws of natural science to society, and hence that combination of scientific hubris and the engineer mentality which hoped to be able to do just as it pleased with Man and Society. And hence on the other hand also the tendency to cultivate the moral sciences... and to limit oneself to what can be measured, weighed and documented...." [3]

Hierdie geloof aan die wetenskap met sy beloftes vir die toekoms, "that positivist technically-minded materialistic culture of the laboratories, of mathematical functions, of the microscope and of mere stupid facts, this gospel which... we call "scientism"... has today become a world religion to which Christian as well as Mohammedan, Buddhist and Atheist have devoted themselves with equal enthusiasm." [4]

Hierdie "siëntisme in de geesteswetenskappe" het gelei tot die relativisme, kritisisme, skeptisisme en tot die oplossing en vernietiging en tot die nihilistiese verwerping van alle geesteswaardes, want "if the "scientism" of the natural sciences acts like dynamite, that of the moral sciences is like a corrosive acid; the one is destroying our Western civilisation from without, the other from within." [5]

Vanweë hierdie rigting het daar twee strome van "Sciëntisme" ontstaan "the materialistic and technical and the critico-analytical-combine and lead to the same fatal result; to

---

1) Lysen A. - Individu en Gemeenschap, N.V. Service, Den Haag, 1954, p. 22.

2) Hobbs A.H. - Social Problems and Scientism, Stockpole Co., Harrisburg, Pensylvannia, 1954, p. 1.

3) Röpke W. - Civitas Humana, p. 55, 56.

4) Ibid., - p. 61.

5) Ibid., - p. 65.

Inhumanism, Materialism, Collectivism and Nihilism including its latest form of "Existentialism" which now has been imported from Germany into France. Their final mass product is the civilised barbarian, the spiritually stark naked savage, but one with a radio and a machine gun and now equipped with an apparatus for splitting the atom, therefore doubly and trebly frightful."[1]

Hierdie proses het meegebring dat die spesifieke erfenis van die beskawing verander en verruil is vir die positivistiese en sciëntistiese beskawing - "the final result is a merciless, dehumanised - whilst Godless - leaden and dreary world." [2]

In hierdie verband sou dit seker goed wees om te wys op wat Brillenburg-Wurth van so 'n beskawing sê: "De diepste en eigenlijke oorzaak van dit verschijnsel ( die Godlose wêreld) is vooral te zoeken in de steeds voortgaande saecularisatie in heel de moderne cultuur. De saecularisatie, d.w.z. de ontgoddelijking van de wêreld en het menseleven, die geestesontwikkeling in onze tijd , ten gevolge waarvan de mens al meer zijn transcendente, op God gerichte bestemming is, gaan vergeten en opgesloten is geraakt in de noodlotscirkel van "de in zichself rustende eindigheid" zoals Paul Tillich het heeft genoemd." [3]

Die sciëntisme het volgens Röpke die brug geword na die tegnisisme wat op sy beurt die sosiale balans so maklik versteur tot die "mechanical leadership of society" en dit weer lei tot die kollektivistiese staat met sy beplanning vir die ekonomie en die arbeid.

Vanweë die geweldige wetenskaplik -tegniese ontwikkeling het die proses van "vermassung" ingetree. Waar mense saamgegooi is in 'n massa-samelewing gaan die binding, ankers en basiese deugde van die mens verlore. Hy sien dit as 'n proses van geestelike roofbou waar die innerlike struktuur en binding van die

---

1) Rōpke W. - Civitas Humana, p. 65.

2) Ibid., - p. 66.

3) Brillenburg-Wurth G. - Het Christelijk Leven in de Maatschappij, J.H. Kok, Kampen, MCMLI, p. 110.

gemeenskap verlore gegaan het en waar die enkelinge soos 'n amorfe sandhoop opmekaar gewerp is. Hierdie los sandkorrels van menslike individue word op meganiese wyse heen en weer gewaai in die massas van die groot stede "of the great public, of the industrial centres, of the "million corporation" or "union", mass parties, mass plebiscites ;..."[1] Hierdie gemeenskap het sy organiese bindinge verloor. As gevolg van die bindinge wat verdwyn het, die bindinge in die horisontale en vertikale sin, het ons die ineenstorting van die Westerse beskawing.

"The decay of occidental society is fundamentally nothing but the collapse of this arch, the crumbling of this three dimensional structure and hence the continuous dissolution of all genuine community feeling. The resultant, simple aggregation of individuals dependent now upon themselves alone is what we mean by "Vermassung" (Congestion-regimentation). It is the levelling down of the social pyramid, its atomisation and therewith the intrinsic clumping together of individuals." [2]

Hierdie verlies aan bindinge bring mee dat die massamensheid soos 'n rondtrekkende nomade geword het, wat nie meer weet waaraan hulle behoort, wat hulle plek in die gemeenskap is nie, die gewortelheid het verdwyn, die gemeenskapsin het verlore gegaan. Hierdie verwording van die gemeenskap gaan gepaard met die "processes of decay and dissolution in the spiritual and moral spheres, in the soul of each individual, in his upbringing and development, even in the family, in the manner in which he is taught, in his ethical outlook, in science and art, and in the regions of the imponderable things of spiritual values, belief and reverence." [3]

Waar die gesin sy produktiewe en selfonderhoudende aktiwiteite tot 'n groot mate verloor het en waar die vormende invloed

---

1) Röpke W. - Civitas Humana, p. 133.

2) Ibid. - p. 134.

3) Ibid. - p. 134.

derhalwe al meer na die skool verskuif word, daar is die probleme van ernstiger aard. Dit te meer waar ons te doen kry met die verkeerd gerigte demokratisering van die intellektuele lewe en van die universeel tegniese, wetenskaplike en "utilitarian education at the expense of an historical, philosohical and literary one, the cultural pyramid has been levelled ....." 1)

Die gevolg is die daarstelling van 'n intellektuele proletariaat, "the most explosive dynamite for any society whatsoever." 2) Nou verwant aan hierdie proses van massifikasie is die patalogiese proses van Proletarisering. Die reuse industrieë, die konsentrasie van eiendom en kommersiële belange, het alles gelei tot die daarstelling van 'n groep besittinglose verstedelikte loontrekkers... die eiendomme is verruil vir geld. Hierdie proletariaat leef van betaaldag tot betaaldag... "Proletarianisation means nothing less than that human beings have got into a highly dangerous sociological and anthropological state which is characterised by lack of property, lack of reserves of every kind (including the ties of family and neighbourhood), by economic servitude, uprooting, massed living quarters, militarisation of work, by estrangement from nature and by the mechanisation of productive activity; in short, by a general devitalisation and loss of personality. Life consists in the short rhythm of the weekly pay-day. It is an existence which has been torn from its firm anchorage, namely, property, the warmth of community, natural surroundings and the family." 3)

Hierdie besittinglose massa, hierdie proletariaat soek sekuriteit in die kollektivistiese lewensvorme en by name in die kollektivistiese staat wat hierdie mense uiteindelik verslaaf en altyd met die mag van die geweld in toom hou.

---

1) Röpke W. - Civitas Humana, p, 135.

2) Ibid. - p. 135.

3) Ibid. - p. 140.

"Collectivism can thrive only in the shade of the scaffold." Röpke se voorstelling van die massamens as die mens wat sy bindinge verloor het, laat 'n mens dink aan die definisies wat Banning en Van Dijk van die massa-mens gegee het. Banning tipieer hom as "de vormloze, maar vooral de geestelijk-inhoud- en normloze mens, die een bedreiging vormt voor alle hogere cultuur."[1]

Van Dijk stel dit as volg: "Massamens, dat is de mens die geen gerichtheid des levens meer kent of omdat hij is losgeslagen van alle bindingen, of omdat hij in de veelheid der bindigen en de veelheid van tegenstrijdige normen, ideeën en idealen zichself heeft verloren. De massamens dat is de mens zonder individuele eigenheid, zonder initiatief, originaliteit en bewustzijn. Kwantiteit zonder kwaliteit. De mens die ook wanneer hij denkt te schuiven wordt geschoven, die niet leeft maar wordt geleefd."[2]

Dit is die mens wat die vryheid in die ongebondenheid aan medemens en medemenslike orde verloor het.

(iii) Karl Mannheim.

Met die taamlik breedvoerige uiteensetting van Röpke en Banning haal ons Mannheim oor die aard van die moderne samelewing kortliks by. Hy stel dit onomwonde dat ons huidige samelewing siek is. Die situasie in die huidige samelewing som hy op in die volgende sin: "We are living in an age of transition from laissez-faire to a planned society." [3] In hierdie massasamelewing sal daar eenvoudig nuwe ontdekkinge en verbeteringe moet kom in die Sosiale tegnieke. By "Social Techniques" I understand the sum of those methods which aim at influencing human behaviour and which, when in the hands of the Government, act as an especially powerful means of social control." [4] Alleen as die demokrasie militant

---

1) Smits P. - Kerk en Stad, Boeksentrum N.V.S., Gravenhage, 1952, p. 65.

2) Van Dijk R. - Mens en Medemens, p. 140.

3) Mannheim K. - Diagnosies of our time. Wartime Essays of a Sociologist, Routledge en Kegan Paul Ltd., London, 7de. Druk, p. 1.

4) Ibid., - p. 1.

sal word, en sekere basiese waardes sonder reserwe sal handhaaf, en nie slapheid met verdraagsaamheid sal verwar, en hierdie waardes met die regte beplanning ("Planning for the Freedom") in hierdie gemeenskap ontwikkel, sal die demokrasie kan voortbestaan. Indien dit nie sou gebeur nie, sal die totalitariese beplanning die botoon voer.

Baie belangrik is die feit dat die krisis van ons tyd 'n krisis in waardes is. Die krisis in waardes is volgens Mannheim die oorsaak van die krisis van die gemeenskap. "To religious thinkers and philosophical idealists it seemed clear from the outset that the crisis in valuations was not the effect but rather the cause of the crisis of our civilization." 1)

Hierdie krisis in waardes het sekere oorsake met gevolge, onder meer die volgende:

(i) Die steuring in die sfeer van waardes vanweë die onbeheerde en snelle groei van die gemeenskap. "We pass from a stage where the so-called primary groups, family, neighbourhood, form the background to one where the larger contact groups prevail."2)

(ii) Die oorgang van 'n pre-industriële wêreld waar die handwerk en landbou voorrang geniet het, word nie alleen weerspieël in die veranderde betekenis van die waardes "which are focussed in the property concept, but also in a changing set of aesthetic valuations and of values regulating our habits of work and leisure."3)

Dit sou nie baie moeilik wees om aan te toon dat die masjien ons hele nuwe waardering beïnvloed het nie. "We have successfully developed a new type of "taylorized" efficiency which makes

---

1). Mannheim K. - Diagnosis of our time, p.15.

2) Ibid., - p.17.

3) Ibid., - p.19.

man part of the mechanical process and moulds his habits in the interests of the machine. But we have not yet succeeded in creating those human conditions and social relationships in the factory which would satisfy the value aspirations of modern man and contribute to the formation of his personality." [1]

Dit moet ook toegepas word op die vryetydsbesteding. Met die radio, bioskoop, grammafoon wat almal gereedskap is vir die verdeling van nuwe maniere van vryetydsbesteding het ons ook die probleem dat dit nog nie daardie egte waardes ontwikkel het om mense se tyd te vermenslik (humanize) en te vergeestelik (spiritualize) nie. 'n Mens dink hier onwillekeurig aan die uitsprake van andere wat in die verslawing aan die masjien ook die robotisering van die mens daarin sien. In hierdie verband spreek van Riessen van die devaluasie van die arbeid [2] terwyl Bavinck [3] weer wys op die ontworteling, ontaarding en ontluistering van die arbeid en dit omdat die arbeid in die gesekulariseerde wêreld van sy religieuse wortel afgesny is. Dieselfde geld ook t.o.v. die vryetydsbesteding waar daar 'n psigiese wanverhouding tussen daaglikse arbeid en vryetydsbesteding is, waar daar 'n distansiëring met die natuur is en waar die passiewe niksdoen oorheersend is. [4]

(iii) Met die verandering van die verlede met sy toestande na die hede word die waardes ook nog aangetas deur die <u>groeiende getal van kontakte tussen groepe en mense.</u> "Through the growth in the means of communication and through social mobility such as migration or the rise and fall in the social scale, values of different areas are dropped into the same melting-pot." [5]

---

Vgl.1) Mannheim K. - <u>Diagnosis of Our Time,</u> p. 19.

Vgl.2) Van Riessen Ir. H. - <u>De Maatschappij der Toekomste,</u> T. Wever-Franeker, 1952, p. 171.

Vgl.3) Bavinck J. en van Veldhuizen - <u>Mens of Robot,</u> p. 19-38

Vgl.4) Smits P. - <u>Kerk en Stad,</u> p. 20.

Vgl.5) Mannheim K. - <u>Diagnosis of our Time,</u> p. 20.

Waar daar in die verlede stadige en onopgemerkte prosesse aan die werk was met geleentheid vir die besinning, assimilasie en die standardisering van waardes het dit nou alles anders geword. In hierdie verband wys verskeie sosioloë daarop dat met die vermeerdering van die sosiale kontakte dit in die verstedelikte lewe moodwendig daarop uitloop dat die kwalitatiewe aard van die kontakte verminder en verswak. Die waardes van die verstedelikte mens is meer op die oppervlakte en saaklikheid geleë.

"The emphasis of the urban environment is upon social content rather than psychological form, upon the correct definition of the situation rather than upon desirable personality traits. The emphasis is upon etiquette rather than morals ...." [1)]

Mannheim vat hierdie hele veroorsaking van die krisis in waardes saam: "We have seen some of the social causes making for crisis in our laissez-faire societies. We have seen how the transition from primary groups to great society, the transition from handicrafts to large-scale industrial techniques, the contacts between formerly separated value areas, caused disturbances in the process of valuation. We have seen how the new forms of authority and sanctions, the new methods of justifying authority, the lack in the focussing of responsibility and the failure to educate for conscious value appreciation, each by itself and all of them together contribute to the present crisis in valuations. We have finally seen how all the mechanisms which used to regulate automatically the process of valuation have gradually been weakened or eliminated without being replaced by anything else. It is no wonder, therefore, that our society lacks that healthy background of commonly accepted values, and everything that lends spiritual consistency to a social system.." [2)]

Van baie belang is dit dat ons dit net sal noem dat Mannheim

---

1) Riemer Svend. - The Modern City, Prentice-Hall Inc., New York, 1952, p.120.

2) Mannheim K. - Diagnosis of our Time, p. 24.

baie klem laat val op die opvoeding en onderwys. Hy wys daarop dat in die moderne samelewing waar die funksionele standaarde en rasionaliteit, die grondbetekenis het, die substansiële sy betekenis verloor. "Dat in een industrialistisch maatschappijtype de functionele rationaliteit toeneemt, maar tevens de substantiële rationaliteit verswakt." 1)

Dit is voorwaar 'n baie belangrike gedagte wat hier genoem word. Mannheim se diagnose van die samelewing is dat dit baie siek is. Dit is 'n krisistyd. Die grootste probleem is dat dit die krises in waardes meebring. Vir Mannheim is daar net een genesing, en dit is die "planning." "Planning for the Freedom."

Vir die kritiek teen hierdie beplanning verwys ons u net na die opmerkingsvan Van Riessen 2) en Kooistra 3) en ook na dié van Röpke. 4) Ons wil tog net in die verbygaan opmerk dat ons nie maar sonder meer hierdie "planning" moet afskryf nie. Wanneer die Christen hierdie beplanning doen volgens die strukturele gebondenheid van die samelewingsvorme aan die eise van Gods Woord, en die beplanning van die lewe doen volgens die eise en norme van die fasette van die lewe, dan sou daar niks daarteen in te bring wees nie. Inteendeel dit word geëis van die verantwoordelike mens met 'n persoonlike normbesef.

(iv) P.A. Sorokin en andere.

Sorokin maak 'n onderskeiding van verskillende soorte kultuur, die ideële (an ideational), 'n geïntegreerde kultuur, gebaseer op die beginsel van die bo-sintuiglike en bo-redelike God as die ware en werklike waarde; "met die verval hiervan in die middeleeue het ons gekry die idealistiese, wat nog met die "supersensoriese" en bo-redelike aspekte tesame met die rasionele en die sensoriese aspekte rekening hou.

---

1) Banning W. - Moderne Maatschappij - Problemen, deel I, p. 70.

2) Van Riesen Ir. H. - De Maatschappij der Toekomste, p. 213 e.v.p.

3) Kooistra, R. - De Gereformeerde Theoloog en de Sociologie (Akademiese Proefskrif), T. Wever-Franeker, 1955, p. 83.

4) Röpke W. - The Social Crisis of our Time, William Hodge and Co. Ltd., London, 1950, p. 158.

Langs die weg van die sekularisasie het hierdie kultuur in verval geraak en het die moderne kultuur, die sinlike (sensate) kultuur, ontstaan. Dit is die kultuur "waarin die waardebeginsel nl. dat die ware werklikheid en waarde sintuiglik is op alle terreine tot uiting kom: die skone kunste en die wetenskap, wysbegeerte en (skyn) godsdiens, etiek en reg; op die gebied van die sosiale, ekonomiese en staatkundige organisasie, die leefwyse en die mentaliteit." 1)

Sorokin sê van hierdie krisis die volgende: "the present crisis is not ordinary but extraordinary. It is not merely an economic or political maladjustment, but involves simultaneously almost the whole of Western culture and Society in all their main sectors. It is a crisis in their art and science, philosophy and religion, law and morals, manners and mores; in the forms of social, political, and economic organizations, including the nature of the family and marriage in brief.

It is a crisis involving almost the whole way of life, thought and conduct of Western society. More precisely, it consists in a disintegration of a fundamental form of Western culture and society dominant for the last four centuries." 2)

Sorokin herinner daaraan dat die mens van die twintigste eeu "vergaande contrôle over de natuur verwierf, maar de zelfcontrôle verloor. Zij werd als een kind, dat met een bom speelt: in een vlaag van waanzin heeft het kultuurkrachten, waarover het beschikken gekregen had, op zichzelf gericht en op zijn producten." 3)

Net soos so baie ander skrywers en sosioloë van humanistiese inslag, wil Sorokin dat die genesing vir die wonde gesoek moet word in die medisyne wat die menslike gees self kan verskaf. "Finally, with the possible exception of Spengler, all the writers

---

1),2) Venter J.J. - Die Huidige Krisis in die Menslike Samelewing, Ongepubliseerde M.A. verhandeling in die Sosiologie, 1958, p. 28.

3) Kooistra R. - De Gereformeerde Teoloog en de Sociologie, p. 61-63, 65.

agree that the crisis of our age is not necessarily tantamount to the fatal last act in the drama of human history. In spite of its apocalyptic character, its further development can be stopped and eventually replaced by a new constructive era. If humanity mobilizes all its wisdom, knowledge, beauty, and especially the all-giving and all-forgiving love of reverence for life and if a strenuous and sustaining effort of this kind is made by everyone - an effort deriving its strength from love and reverence for life - they certainly be ended and a most magnificent new era of human history ushered in. It is up to mankind itself to decide what it will do with its future life-course." [1)]

Verskeie sosioloë en andere wat hulle besig hou met die samelewing soek die samelewingskrisis in die ongelyke ontwikkeling wat daar was tussen geestelike en tegniese waardes. "The failure of institutions to keep pace with science and material culture." [2)]

"Wegens de onevenredigheid van groei tusschen de inwendige (geestelijke) en uitwendige (technische) cultuur, is de moderne mensch meer dan het voorgeslacht in zijn evenwicht geschokt." [3)] so besluit Wielenga in 'n beskrywing "Luister en Ellende van den Moderne Mensch."

Ook Bouman wil die kultuurkrisis hierin gaan soek. Luister maar net hoedat hy dit stel: "Cultuur is de levenstijl van een samenleving: het ondeurgrondelijk verband tusschen geest en materie, waarin het stijl-element een zeker streven en een zeker rangorde van waarden tot uidrukking brengt. Waar de rangorde van idealen en het normbesef verloren gaat of snel verandert, de spankracht van ieder geestelijk idealisme verdwijnt en een vlak materialisme segeviert, kan van een cultuurcrisis worden gesproken. De huidige cultuur-crisis vindt haar oorsprong ten dele in het feit dat de technische

---

1) Sorokin P. - Social Philosophies of an Age of Crisis, The Beacon Press, Boston, 1951, p. 319.

2) Barnes Harry Elmer. - Society in Transition, Prentice Hall, Inc., New York, 1952, p. 5.

3) Wielenga B. - Het Wezen van het Christendom, J.H. Kok, Kampen, p. 13.

vooruitgang soveel sneller is voortgeschreden dan de morele krachten van de mens. De techniek, die middel zou moeten zijn is meer en meer doel op zichzelf geworden. De materie dreigt de geest te oorwinnen." 1)

In hierdie verband moet ons dus wel daarop let dat die samelewingskrisis 'n kultuurkrisis is met die probleem van die "krisis in waardes."

Ons het hier te doen met die versteuring van die normbesef van die mens soos daar 'n verwarring binne die normsfere en -komplekse gekom het. Ons herinner weer aan die woord van Van Dijk waar hy die "cultural lag" beskrywe as "een achterblijven van de ontwikkeling, de normatieve vooruitgang van bepaalde cultuursectoren of samenlevingsvormen bij andere." 2)

Die sekularisasie het in toenemende mate hierdie versteuring in die menslike samelewing aangehelp. Die hoë waardes van die geloof in God en Sy Woord, die etiese norme, het almeer plek gemaak vir die tegniese en ekonomiese en ander praktiese waardes. Die sosiaal-kulturele norme waardeur die mens in die samelewing gereguleer word en wat geïntegreer is tot 'n homogene geheel, die kultuurpatroon 3), het in 'n styl ontwikkel wat Schippers (aldus Kooistra) so beskryf: "een manier van leven en een levensbeschouwing, die alleen uitgaat van de geschapen dingen en die God niet wezenlijk belangrijk acht voor het leven of denken van een mens." 4)

Hierdie versteuring van die ewewig in die samelewing, hierdie transformasie vanweë die sosiale proses van verandering, het gelei tot die samelewingskrisis wat Kooistra as volg definieer: "Van een cultuurcrisis dan sprake is, wanneer de totaliteit der structuren van de samenleving en de totaliteitstructuur van deze samenleving zich bevinden in een proces van ontbinding." 5)

---

1) Bouman P. - Algemene Maatschappijleer, Een eerste inleiding tot de Sociologie, H.J. Paris, Amsterdam, 1949, p. 110.

2) Van Dijk R. - Mens en Medemens, p. 68.

Vgl. 3) Ibid., - p. 63.

4) en 5). Kooistra R. - De Gereformeerde Theoloog en de Sociologie, p. 67 en 53 respektiewelik.

C. Samevatting en beoordeling van die huidige situasie.

Ons kan na die omvattende bespreking van die situasie deur verskeie skrywers en ook sekere gedagtes wat ons daarby gevoeg het, kort wees in die samevatting en beoordeling.

Vanweë die vooruitgang op die wetenskaplik-tegniese gebied kry ons te doen met die proses van massifikasie in die wydste sin van die woord. P. Smits wys op twee aspekte van massifikasie; die (a) kwantitatiewe en die (b) kwalitatiewe aspekte.[1]

(a) By die kwantitatiewe aspek het ons die massas wat saamgetrek is in die industrieë rondom sekere ekonomiese, staatkundige en bedryfskonsentrasies.

In hierdie verband merk Bos op: "De moderne stad is in overwegende mate het product van de geweldige technische-economische opleving in de 19de eeuw. Als sentrum van machinale productie en van rusteloze activiteit van vrije ondernemers, heeft zij grote stromen van arbeiders tot zich getrokken. Uit hun vertrouwde landelijke omgeving gestoten, worden zij opgezogen door de stad, waar zij samenspoelden in de troosteloze steenmassas der grauwe arbeidswijken." [2]

Ook binne die Republiek van Suid-Afrika vind ons hier 'n unieke verstedelikingsproses, 'n trek van die platteland na die stad, 'n distansiëring met die natuur. Dit was en is 'n unieke proses waarvan die eienskappe o.a. die volgende is:

(i) Dit was 'n snelle proses van verstedeliking binne vyftig jaar.

(ii) Die stad het hier hoofsaaklik bestaan uit vreemdelinge met 'n vreemde kultuur en lewenswyse.

(iii) Die urbanisasie van die Afrikaner dadelik gevolg is deur 'n soortgelyke trek van die Bantoe na ons groot industriële sentrums. Dit het die situasie nog meer

---

1) Smits P. - Kerk en Stad, p. 64.

2) Bos Ir. A. - De Stad der Toekomst - de Toekomst der Stad, A. Voorhoeve, Rotterdam, MCMXLVI, p. 29.

vertroebel en nuwe netelige probleme aan die blanke stadsowerheid gestel, oor die hantering waarvan diepgaande verskille tussen die twee blanke rasse hulle geopenbaar het.

(iv) Dit is tekenend dat ons eie stadswaartse trek saamgeval het met wat genoem word 'n wêreldrevolusie as gevolg van die resente wêreldoorlog en die aanvang van die sogenaamde masjien- en atoomeeue....." 1)

(b) By die kwalitatiewe aspek van massifikasie het ons te doen met die geestelike uitwerking wat hierdie massale en geïntensivieerde leefwyse op die mense en die kultuur het.
Uit die kookpot van die massa-samelewing met die distansiëring van die natuur, standardisering van die lewe, demokratisering van die kultuurelemente, tegnifisering met die oog op gerief en gemak, anonimisering in die groot finansiële belange, 2) robotisering van die arbeid, proletarisering van die arbeider, kollektivering terwille van sekuriteit, ens., het ons die massamens gekry. Dit is die mens wat sy bindinge verloor en in wie se samelewing die faktore van disintegrasie werksaam is.

Om 'n duidelike begrip van die huidige samelewingskrisis te verkry, sal ons alles wat in punt E gesê is oor die samelewing en die krisis, moet gaan meet aan wat in punt A gesê is, Ons moet die samelewing, die feitlike orde gaan pas aan die ideale bouorde van Gods ordening en plan. Die slotsom waartoe ons dan geraak is dat daar 'n verregaande verabsolutering en terreinoorskryding gemaak is, beide van die aspekte van die lewe en van die samelewingsvorme. Dit kan ons saamvat met al die -ismes met sosiaal patologiese verskynsels.

Hiertoe was verantwoordelik die sosiale proses van verandering (volgens Wirth), die transformasie binne die samelewing wat 'n

---

1) Albertyn J.R. - Land en Stad ('n Sosiologies-Godsdienstige studie), N.G. Kerk Uitgewers, Kaapstad, 1959, Inleiding.

Vgl. 2) Banning W. - Moderne Maatschappij - Problemen, Deel I, p. 88.

positiewe en negatiewe invloed uitgeoefen het op die gemeenskap met sy instellinge, houdinge, idees en gedrag "and the problem situations which men confront."

Die probleem in so 'n samelewing bly die oordrag van norme volgens die Godgewilde rangorde.

En in hierdie lig is die gesin se taak en roeping die positivering van sy struktuurnorm vir sy lede in hulle aansluitingsproses by die samelewing met al sy situasies en normekomplekse.

Hierdie bewering lei tot die volgende hoofstuk.

# HOOFSTUK III.

## Die bydrae van die Christelike gesin in die positivering van die normekomplekse op die samelewing.

### Die unieke plek van die Gesin in die positivering.

In hierdie hoofstuk word die aandag nie geskenk aan die krisisaard van die huidige samelewing nie maar aan die positivering van die gesinsnorme in die samelewing.

Wanneer gespreek word van die positivering van die norme kan dit soos reeds vroeër aangemerk is nooit losgemaak word van die opvoedingswerksaamheid nie. Trouens "gezagsdragers en leiders positiveren, de beginselen, de menselijke algemene kennis van de wet, van het zó behoren tot concrete en pregnante leefregels: de positieve normen." 1)

Om hiertoe te kan kom, is daar 'n voortdurende en meesal onbewuste opvoedingsarbeid in die samelewing aan die gang."Om dat zich conformeren aan de samenlevingsnormen zo goed mogelijk en met zo weinig mogelijk weerstand en moelijkheden te doen verlopen, beschikt elke samenleving en beschikt elke samenlevingskring over methoden, activiteiten, instellingen om de lede ervan aan het normcomplex te gewennen, daarvoor ontvankelijk te maken kortom, om zo in de kennis van en de gehoorzaamheid aan het normencomplex op te voeden. Elke samenleving geeft daarom een pedagogisch (recreatief) aspect te zien dat zich met name belichaamt in allerlei daarop gerichte instituten en activiteiten, waaronder gezin en school zeer belangrijk maar bij lange na niet de enige zijn." 2)

Van der Walt 3) spreek in hierdie verband van "die opvoedingsproses in die menslike samelewing in universele sin en betekenis." Hy maak dan in hierdie verband betekenisvolle aanhalings van Kuypers en Ottoway respektiewelik. "Een menselijke gemeenschap, waarin niet opgevoed word, bestaat niet" en "Society is full of educators." - die ruimere sosiologiese opvatting.

---

1) en 2) Van Dijk R. - Mens en Medemens, p. 56 en 61 respektiewelik.

Vgl. 3).Van der Walt J.P. - Histories-Prinsipiële beskouing oor die opkoms, die veld van ondersoek en die betekenis van die Opvoedkundige Sosiologie, p. 43.

In hierdie proses van die opvoedingswerksaamheid in die positivering van die samelewingsnorme neem die gesin 'n heel unieke en eie plek in. Trouens die opvoedingstaak is in die bestemmingsfunksie van die gesin opgesluit. "De interne bestemming ligt uitsluitend in de liefde, terwyl we onder de externe doelordening verstaan, dat het gezin bv. mededienstbaar is aan de opvoeding tot burger, aan de instandhouding van de christelijke kerk, aan de voortzetting van het bedrijsleven enz." 1)

Die vraag na die bevoegdheid van die gesin om die opvoedingstaak in die positivering en sosialisering te verrig moet terstond aan die orde kom.

A. Die grondslag vir die positiveringstaak van die gesin.

Soos ons reeds eerder daarop gewys het, is die gesin se interne bestemmingsfunksie en die eksterne doelordening wat die positivering van die norme as opvoedingstaak verrig, religieus veranker.

Ons wys op die volgende in hierdie verband.

(a) Skepping.

Nadat God die eerste mense geskape het, het Hy hulle self ten huwelik gelei en bevestig. "De geschiedenis van het menschelijk geslacht begint met eene bruiloft." 2)

Aan hierdie eerste egpaar kom die Here met die kultuuropdrag van die onderwerping van en die heerskappy oor die aarde (Gen.1.28) en daarmee saam kom die opdrag tot vermeerdering en tot die uitbouing van die gesin. In hierdie opdrag lê alreeds opgesluit die opvoedingstaak van die ouer wat sal bestaan in die leiding van die kind tot die medeheerskappy oor die natuur en in die ontwikkeling van die kultuur.

Van hierdie gesin het Bavinck die volgende gesê "Op deze gemeenschap der liefde heeft God dan ook in bijzonderen zin zijn zegen gelegd. Hij is de Schepper van man en van vrouw, de

---

1) Spier J.M. - Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee, p. 172.

2) Bavinck, H. - Het Christelijk Huisgezin, J.H. Kok, Kampen, 1930, p. 7.

Insteller van het huwelijk, en ook de Zegenaar van den echt. Elk kind, dat geboren wordt, is vrucht der gemeenschap, en daarin tevens vrucht van Goddelijken zegen. De twee-eenheid van den mensch breidt in het kind tot de drie-eenheid zich uit. Vader, moeder en kind zijn één ziel en één vleesch, uitbreiding en ontplooiïng van het éene beeld Gods, één in drievoudige verscheidenheid en verscheiden in harmonische eenheid." 1)

Dit is noodsaaklik dat hier 'n mensbeskouing moet geld en wel soos God dit aan ons geopenbaar het. Die mens is as geskapene na die beeld van God, 'n verantwoordelike wese wat in al sy doen en late ook in die wisselwerking met andere sedelik-godsdienstige norme tot rigsnoer van sy handelinge moet hê. C.K. Oberholzer stel dit as volg: "Menswees word as 'n geroepene wees, gesien ( die visie van die Protestantse Calvinisme). Om mens te wees beteken wesenlik niks anders nie as om aangesprokene te wees en wel aangesprokene deur God. Immers in die lig van ons lewensopvatting staan ook die ouerskap onder die wekroep van geroepenheid en is dit 'n taak op Hoër Gesag..... Omdat ek my persoonlik teenoor Hom verantwoord, doen ek dit ook aan hulle wat deur Hom vir my verantwoordelikheid op my pad geplaas is. My verhouding met hulle wat voortdurend deur beslissinge van my kant voltrek word, is my reeks antwoorde op my aangesprokenheid, wat ek aan hulle doen, doen ek aan Hom." 2)

(b) Herskepping.

Wat hierdie religieuse grondslag en binding in die opvoeding en positivering nog betekenisvoller en heerliker maak, is die feit dat die gelowige huisgesin betrek is in die genadeverbond wat God in Jesus Christus opgerig het en wat Hy teken en verseël deur die sakrament van die doop.

"De verhouding ouders-kinderen is in het leven begrepen in een speciaal bestel Gods. Dat speciale bestel Gods hangt samen met het Verbond waarin God ouders en kinderen samen opneemt." 3)

---

1) Bavinck H. - Het Christelijk Huisgezin, p. 14.

2) Oberholzer C.K. - Ons en ons Kinders. Besinninge oor die Verhouding Ouer-Kind, J.L. van Schaik, Pretoria,1957, p. 47.

3) Waterink J. - Theorie der Opvoeding, p. 93.

Sinvol is die volgende sitaat wat die betekenis van hierdie binding in Jesus Christus aan God teken vir die opvoeding en die positivering van die Christelike norme: "Dit is by ons (Die Christen-Afrikaner) nog steeds die gebruik om nie baie lank na die geboorte van die kleine nie daarmee na die bedehuis te gaan om sy ingelyfdheid in die genadeverbond deur die doop beseël te kry. Nou is die bediening van die sakrament van die Heilige Doop een van die grootste gebeurtenisse in sowel hulle lewe as ons s'n. Dit is nie belangrik omdat ons kind dan 'n naam kry en in die kerklike registers genoteer word, of dat ons op die doopmiddag die geleentheid sou hê om die een of ander partytjie te organiseer nie, maar wel dat ons kind verbondskind is en dat ons die verantwoordelikheid aanvaar het om hom as verbondskind op te voed. Hierdie verbondskind word allermins van die noodsaaklikheid van die opvoeding losgemaak; inteendeel, dit bring juis mee dat die opvoeding van hierdie kleine in 'n bepaalde rigting sal verloop wat meermale met aanleg en belangstelling bitter min, indien enigiets, te make het...." Met die bevestigende antwoord op die vrae van die doopformulier "beteken dit dat ons bereid is om verantwoordelikheid vir die opvoeding in 'n bepaalde rigting te aanvaar... Die oprigting en instandhouding van Sy genadeverbond met ons, plaas ons juis onder 'n geweldige persoonlike verantwoordelikheid." [1)]

Kragtens die doopbelofte waarin die ouers belowe dat "hulle kinders in die leer sal onderrig of laat onderrig", word die opvoeding en die oplegging van die gesinsnorme bepaald Christelik gekleur. In die christelike gesin is daar by die opvoeding en positivering van die gesinsnorme die sterke grondslag van die skepping en die herskepping.

---

1) Oberholzer C.K. - Ons en ons Kinders, p.90,91.

(c) Bloedsband.

In hierdie verband moet ons ook nog op 'n ander aspek wat deur die religieuse grondslag van geweldige betekenis voorsien is, wys. Dit is naamlik dat opvoeder en opvoedeling in die gesin deur die bande van bloed gebind is. By die struktuuranalise van die gesin is daarop gewys dat die gesin 'n konstante individuele liefdesgemeenskap is op die grondslag van die natuurlike bloedbande tussen ouers en kinders. Hierdie binding deur die bloedband van afstamming is 'n sterk en noodsaaklike binding by die opvoeding van die gesin. Brillenburg Wurth het van hierdie aspek in die gesinslewe veel gemaak in sy werke oor die etiek en opvoeding.

Hy wys o.a. daarop dat die gesin net soos die huwelik 'n fisieke, 'n biologiese basis, het. Dit kom danksy die natuurlike afstamming tot stand deurdat uit die ouerpaar kinders gebore word, kinders wat kragtens die wonder van die ontvangenis "in den bloede aan hun ouders verwant zijn."[1)]

Hierdie bloedverwantskap in die gesin is 'n faktor van groot betekenis. Die waarde daarvan behoef ons as Christene seker nie te onderskat nie. Dit is weliswaar nie 'n grootheid van die eerste orde nie. In die rangorde van waardes is daar ander waardes wat dit oortref, maar om dit te onderskat lê allermins in die lyn van Gods geopenbaarde sedewet. Op die bloedverwantskap berus o.a. die wedersydse natuurlike liefde tussen ouers en kinders en niemand sal wel die betekenis daarvan kan ontken nie.

Die fisieke band in die gesin is self iets onvervangbaars.[2)] Daar kan omstandighede kom, van welke aard dan ook, dat kinders in plaas van in hulle eie gesin elders by pleegouers of in inrigtings geplaas word en daar hulle opvoeding moet ontvang. Maar tereg, so gaan Brillenburg Wurth verder, is daar herhaaldelik op gewys dat selfs al sou so 'n opvoeding buite die gesin tegnies aan veel beter voorwaardes voldoen dit nooit kan vergoed

---

1) Brillenburg Wurth G. - Zedelijke Opvoeding, grondlijnen der Etische Paedagogiek, p. 149 150.

Vgl. 2) Brillenburg Wurth G. - Het Christelijk Leven in Huwelik en Gezin, p.283.

wat die kind aan natuurlike warmte nou maar eenmaal alleen in die eie gesin en veral by die eie moeder kan ontvang. "In die physieke band gaat het om maar niet iets suiver-lichamelijks, een kwestie van uiterlijke bloedverwantschap zonder meer. Het bloed heeft niet voor niets in de Bijbel een zo wondere, mysterieuse betekenis. We raken hier aan het diepste levensgeheimenis. Het natuurlijke is hier maar niet enkel natuurlijk maar ook ten aanzien van de liefde grondslag voor heel het verdere leven en al de andere levensbetrekkingen. Vandaar dat het gezin in het leven van het kind zo ongeëvenaarde betekenis is. Het kind wordt in het gezin geboren. En althans in de eerste levensjaren is het gezin de gemeenschap, waarin heel het leven van het kind rust, waardoor het gedragen, geleid, innerlijk zowel as uiterlijk beheerst wordt." 1)

Hierdie liefdesgemeenskap van ouers en kinders en gefundeer op die basis van die bloedverwantskap maak die gesin 'n ideale plek vir die opvoeding. Bavinck wys daarop dat ons in hierdie drie-eenheid van verhoudinge en betrekkinge tussen ouers en kinders onderling die drie elemente van gesag, liefde en gehoorsaamheid vind, "de pijlers van alle menschelijke samenleving." 2)

In hierdie gesinsgemeenskap met sy besondere betrekkinge tussen ouers en kinders vind ons die twee noodsaaklike elemente vir die opvoeding nl. die van liefde en verantwoordelikheid. Waterink stel dit aldus: "Voor de opvoeder zijn er alzo twee elementen: liefde en verantwoordelijksgevoel, zonder dewelke hij niet opvoeden kan." 3)

Die onderlinge verhoudinge van die gesinslede saamgebind deur die een bloedsband maak die gesin ideaal om die positiveringstaak te verrig. Dit is hier wat die voorwaarde vir die regte opvoeding nl. die eenheid van liefde en gesag gevind word. 4)

---

1) Brillenburgh Wurth G. - Zedelijke Opvoeding, p. 150.

2) Bavinck H. - Het Christelijk Huisgezin, p. 14.

3) Waterink J. - Theorie der Opvoeding, p. 9 .

Vgl. 4) Brillenburg Wurth G. - Zedelijke Opvoeding, p. 152.

Om saam te vat kan ons dit dus so stel dat in die religieuse binding by die Skepping en Herskepping en in die binding in die bloedverwantskap van die gesin, ons die grondslag vir die positiveringstaak van die Christelike huisgesin het.

B. Die gesagselement in die gesin. - 'n Noodsaaklikheid vir die uitvoering van die positiveringstaak.

Alle opvoeding berus op gesag. By die positivering spreek ons van die gesagsdraers wat die beginsels en norme positiveer. Wat bedoel ons met gesag?

"Gesag, daaronder hebben wij te verstaan een "zeggen", waarop een ander antwoorden moet door in onderworpenheid zich te laten gezeggen." 1)

By elkeen van die samelewingsverbande vind ons die gesagselement, maar hierdie gesagstruktuur verskil van verband tot verband. Die samehang tussen die funderings- en bestemmingsfunksie karakteriseer hierdie gesagstruktuur. By die gesin wat gefundeer is op die bloedverwantskap moet die liefde beide die gesagsdraer asook die wat onder die gesag staan, lei en beheers. 2) Hierdie gesagsleiding is noodsaaklik by die opvoeding en die positivering van die gesinsnorme. In hierdie verband laat Van der Walt hom as volg uit: "Maar nou is dit waar dat geen mens aan 'n ander leiding kan gee sonder die faktor van gesag as die fundamentele by die opvoeding nie." 3)

Die gesag wat iemand oor ander kan besit kan volgens Brillenburg Wurth van tweërlei aard wees. Die gesag van so 'n persoon kan berus op kwaliteite of op sy posisie. 4)

---

1) Brillenburg Wurth G. - Zedelijke Opvoeding, p. 100

Vgl. 2) Spier J.M. - Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee, p. 100.

3) Van der Walt J.P. - Histories-Prinsipiële beskouing oor die Opkoms, die Veld van Ondersoek en die Betekenis van die Opvoedkundige Sosiologie, p. 539.

Vgl. 4) Brillenburg Wurth G. - Het Christelijk Leven in Huwelijk en Gezin, p. 286.

In eersgenoemde geval het ons dan te maak met die persoonlike hoedanighede wat iemand sou besit. Hiervan sê Van der Walt tereg dat ons hier meer te maak het met 'n gesaghebbende leier. "Hierdie vorm van gesag is eerder leierskap op byvoorbeeld die terreine van die handel, kuns, geselligheid, lewe,mode, ens. Hierdie gesaghebbende leierskap is wetenskaplike gesag met die korrelaat, wetenskaplike leiding." 1)

Dit is nie die eintlike gesag waarvan daar sprake is by die gesin nie, waarvan daar sprake is by die vyfde gebod nie. "Daar berust het gezag immers niet op bepaalde kwaliteiten, die men als ouders bezit (immers niet op) en waardoor men de meerdere van de kinderen is. Daar berust het gezag op de bijzondere positie, waarin men door God is geplaatst, men zou ook kunnen zeggen, op het bijzondere ambt, waarmee men als ouders in het gezin over de kinderen door God is bekleed." 2)

Hierdie gesag is natuurlik afgeleide gesag want God het alleen absolute gesag en in Sy welbehae dra Hy dit aan mense oor. Op grond van die feit dat ouers van Godsweë gesag oor hulle kinders ontvang het, rus daar op hulle die groot sedelike verpligting om gesag reg uit te oefen. Op die kinders rus daar ook die groot verpligting om hierdie gesagsleiding te eerbiedig,soos die vyfde gebod tereg ook eis. In albei gevalle gaan dit om die eer van Hom wat absolute gesag het.

Saamvattend kan ons oor die gesagverhoudinge in die opvoeding dit nie beter stel as wat Waterink dit gedoen het nie; nl. "Bovenal ontvangt deze opvoeding een eigen karakter door de gezagsverhoudingen die er zijn tussen ouders en kinderen. Het ouderlijk gezag is anders dan het ambtelijk gezag in de kerk of het militaire gezag in het leger. Dit ouderlijk gezag berust op scheppingsorde en verbondsverhouding. De erkenning door het kind van het gezag van de ouders, enerzijds in gebed in de liefdeverhouding tegenover de ouders en

---

1) Van der Walt J.P. - Ongepubliseerde Proefskrif, p. 541.

2) Brillenburg Wurth G. - Het Christelijk Leven in Huwelik en Gezin, p. 286.

anderzijds geworteld in de eerbied voor de orde Gods in de verbondsverhouding gerealiseerd, is van zo specifieke, maar voor de opvoeding ook van zo wezenlijke aard, dat moeilijk verondersteld kan worden, dat we hier niet te doen hebben met een specifieke paedagogische structuur .

Met dit gezag van de ouders hangt bovendien nog samen het recht van de ouders om het kind te straffen. De straf als opvoedingsmiddel in speciale zin en de tucht in haar algemene vormen typeren de opvoeding van de kinderen door de ouders tot het heel speciale, dat onvergelijkbaar is met elke andere opvoedingsvorm," 1)
Ook straf en teregwysing is 'n element eie aan die positiveringstaak mèt betrekking tot die gesinsnorme.

C. Die belangrike betekenis van die positiveringstaak van die gesin.

In die positivering van die norme ook met die sosialiseringswaarde neem die gesin onteenseglik 'n baie belangrike plek in onder die samelewingsverbande. Dit is so om verskeie redes o.a. vanweë die feit dat die kind op sy vatbaarste stadium van die leerproses in die ouerhuis vertoef, ook vanweë die feit dat die liefdesverhouding tussen die ouers en kinders so intiem is.

Dit is dan ook nie sonder betekenis dat sosioloë nog altyd die belangrike betekenis van die gesin in die sosialisering 2) en positivering van die gesinsnorme beklemtoon het o.a. deur so 'n aanhaling: "Which things are good and bad, are again part of the primary socialization materials, transferred to the child during his course of growing up inside the family unit. The meaning of various societal norms i.e. the meaning of good citizenship, politeness, respect for others, adaption to group living, honesty, or whatever the norms of society may be, are again first learned inside the family." 3) .

---

1) Waterink J. - Theorie der Opvoeding, p. 16,17.

Vgl. 2) Elmer M.C. - The Sociology of the Family, Ginn and Co., New York, 1945, p. 466 en volgende bladsye.

3) Bennet John en Tumin M.W. - Social Life - An Introduction to General Sociology, p. 549.

Die positivering van die gemeenskapsnorme vind allereers binne en deur die gesin plaas. Daarom verstaan ons waarom sulke belangrike uitsprake soos die volgende voorkom: "Het gezin is voorts het opvoedingsinstituut bij uitnemendheid. De waarneming, het geheugen, het oordeel wordt er geoefend, maar ook de verbeelding, de wil, het geweten, het gemoed en het hart." 1)

Onder meer het Herman Bavinck hierdie opvoedingskrag in die positiveringswerksaamheid pragtig saamgevat in "Het Christelijk Huisgezin."

"Alles voedt in het huisgezin op, de handdruk van den vader, de stem van de moeder, de oudere broer, het jongere zusje, de zuigeling in de wieg, de kranke lieveling, die grootmoeders en de kleinkinderen, de ooms en de tantes, de gasten en de vrienden, de voorspoed en de tegenspoed, de feestdag en de dag van rouw, de Zondagen en de werkdagen, de bede en de dankzegging aan den disch en de lezing van Gods Woord, het morgen- en het avondgebed. Alles is bezig om elkaar op te voeden, van dag tot dag, en van uur tot uur, zonder opzet, zonder plan, zonder methode en stelsel, die te voren uitgedacht zijn. Van alles gaat eene opvoedende kracht uit, zonder dat ze ontleed en berekend kan worden. Duizend nietigheden, duizend kleinigheden, duizend beuzelingen, ze oefenen alle hare werking uit. Het is het leven zelf, dat hier opvoedt, het rijke, onuitputtlijke, alzijdige, groote leven. Het huisgezin is de school des levens, omdat het er de bron en de haard van is.

En die opvoeding omdat den ganschen mensch....In het huisgezin heeft de menschwording van den mensch plaats; hier wordt de grondslag gelegd voor de vorming van den toekomstigen man en vrouw, van den vader en de moeder, van het lid der maatschappij, van den staatsburger, van den onderdaan in het koninkrijk Gods." 2),3).

---

1) Drogendijk A.C. - Man en Vrouw voor en in het Huwelijk, J.H. Kok, Kampen, 1947, p. 139.

2) Bavinck H. - Het Christelijk Huisgezin, p. 121, 122.

Vgl. 3) Elmer M.C. - The Sociology of the Family, p. 406-434.

In hierdie verband maak Van der Walt die volgende stellinge: "Hierin lê opgesluit, dat die interne doelstelling die noodsaaklike voorwaarde, fondament en hoeksteen is vir die geleidelike vorming, ryp- en bekwaammaking van die gesinsverhoudinge vir die gemeenskaps- en maatskapsverhoudinge. Die eerste "wortels" van die roeping van die mens en kind as toekomstige gesinslid, kerklidmaat, burger en leerling word in die gesin ingeplant, gekoester en gevoed vir die geleidelike aansluitingsproses by die samelewing. Cooley sê in hierdie verband: "The family is the cradle of personality", die geleidelike vorming van gesonde gesinsbindinge en -ankers wat innerlike sekuriteit, stabiliteit en bestendigheid van die kind verseker sonder die norm van ouerliefde, wat die onontbeerlike voorwaarde vir die geleidelike diensbaarmaking aan die samelewingsverhoudinge is.."

Vervolgens maak hy dan die volgende illustrerende aanhaling uit "Citizens growing up at home, in school and after" published for the ministry of Education, by his Majesty's Stationary Office 1949 p.p. 7, 8, 9: "The home is the first training ground for character, both individual and social. It sets the first examples. It gives the first teaching.... The family, like society at large, shapes its members and is shaped by them." 1)

Ook t.o.v. die menslike verhoudinge in die latere lewe laat die gesin hom in sy opvoedende krag geld. Hier word reeds die norme vir die sosiale kontakte geleer en bestendig tot op sekere hoogte. "De verhoudingen binnen het gezin vormen het grondpatroon waarop de latere interpersonale verhoudingen groeien als varianten op een thema."2)

Met alles wat gekonstateer is oor die opvoedende krag van die gesin, die mag van die positiveringsarbeid van die gesin op sy lede, moet ons waak om nie te verval in 'n psigo-analitiese determinisme nie. Die mens is nie bloot produk van die gesinsopvoeding nie al speel dit ook al so 'n groot rol in die lewe van die mens.3)

---

1) Van der Walt J.P. - Ongepubliseerde Proefskrif, p. 546, 547.

2) Oldendorff A. - Mense onder Elkaar, Utrecht, 1957, p. 64.

3) Vgl. Brillenburg Wurth G. - Zedelijke Opvoeding, Grondlijnen der Etische Paedagogiek, p. 56.

Verder is die mens nie die uitsluitlike produk van die opvoeding en positivering nie. Ons moet rekening hou met die indiwidualiteit van die persoonlikheid in die toekomstige aksiesentrum - die mens - met sy persoonlike verantwoordelikheids- en normbesef in sy keuse tussen goed en kwaad, 'n eie gewete ens.

Uit bostaande is dit duidelik dat die gesin 'n baie sentrale plek inneem om die indiwiduele en sosiale norme en beginsels op sy lede af te stempel en also mee te werk in die sosialisering van die kind om sy rol in die menslike samelewing te kan vervul.

D. Die omvattende aard van die positiveringstaak van die gesin.

Hierdie só geoefende gesagsleiding en opvoedende werksaamheid het 'n geweldige invloed op die gesinslede wat gevorm word vir die aansluiting tot volwaardigheid in die lewe.

Vervolgens let ons op die omvattende aard van die positiveringstaak van die gesin. Vanweë sy bestemmingsfunksie wat gevind word in die liefde dra die positiveringstaak van die gesin altyd die stempel van die etiese.

Wanneer ons spreek van die etiese, staan ons meteens by die normatiewe; dit wat gedoen behoort te word of nie gedoen mag word nie. Die positiveringstaak van die gesin dra 'n sterk etiese karakter en wil steeds op 'n intensiewe manier die beginsels onder die gesagsleiding van die ouerlike liefde positiveer tot lewensnorme in die gesin. Hierdie normbesef by die gesin kan alleen reg gelei en van die regte inhoud wees as dit voortvloei uit die Bybelse openbaring met die daarmee gepaardgaande werk van die verlossing in die hart van die mens wat onder die wet staan.[1)]

Op sedelik verantwoorde wyse moet die gesinslede deur die liefdevolle gesagsleiding gebring word tot 'n verantwoordelike optrede in alle aspekte van sy bestaan, in die ganse kulturele en natuurlike werklikheid elke oomblik. Wat hierdie taak so

---

Vgl. 1) Spier J.M. - Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee, p. 62.

omvattend maak, is dat ons hier te doen het met die menslike wese vanaf sy geboorte soos hy opgroei en deur verskillende stadiums van sy jeugjare gaan.

"This role of the family will vary according to the different stages through which the child must pass. The stages of development are ordinarily given as follows: (a) period of infancy (b) pregang stage (c) gang stage (d) negative stage (e) adolescence." [1)]

Soos hierdie kind ontwikkel, kom hy steeds weer met nuwe groepe mense in aanraking. Hy gaan uit die beskermde huis met sy intieme atmosfeer na die skool, die speelgrond en die bure se kinders. "The child passes from the protected milieu of the home to the unprotected, highly competitive locale of the school and the playground. Hence the child must learn new roles.... In other words the child must make this transfer to the larger world, but at the same time, the family must help him understand new situations and interpret them in the light of his previous training." [2)]

Om verdere voorbeelde te gee is nl. dat die mens as verantwoordelike wese moet optree in verskeie verbande en in die verskillende aspekte van die werklikheid.[3)] Dit vind onder meer soos volg plaas:

(a) In die biotiese aspek moet die mens versorg word en leer om die biotiese nie te sien as doel op homself nie, maar as Godgegewe rykdom wat onder die sedelike en godsdienstige oordele moet buig. Steeds moet die skoonheid van die biotiese as gawe Gods voorgestel word en as sulks waardeer en behandel word. [4)]

---

1) Mihanovich, Schepp en Thomas. - Marriage and the Family, The Bruce Publishing Co., Milwaukee, U.S.A., 1952, p. 293.

2) Ibid. - p. 293.

3) Vgl. Good Alvin. - Sociology and Education, Harper Brothers, New York, 1926, p. 91. Hier handel hy oor "Phases of Education given by the Family". Hy handel oor die opvoeding wat gaan oor die volle samelewingswerklikheid, die lewe, die natuur, die taal, die sedes, die godsdiens, ens.

4) Vgl. Erasmus D.F. - Die Christelike Huisgesin, Die Ossewareeks, Pro-Ecclesia, Stellenbosch, 1942, p. 85.

(b) In sy psigiese lewe moet die ontvanklikheid van die kind vir indrukke op sy gees, steeds onthou word. Hierdie psigiese sy van sy lewe moet eerbiedig word en mag nie willoos oopgestel word vir psigiese skokke vanweë die ouers se verhouding teenoor mekaar of vanweë emosionele skokke van buite af nie. Die kind moet leer om sy gevoelsfunksie te beheers en onder die kalmerende inwerking van die geloof in 'n Ewige Vader dit te laat funksioneer.

(c) As 'n wese wat begiftig is met 'n analitiese vermoë moet die opvoeding en oordrag van norme in die kind se lewe op 'n logiese wyse verrig word. Die klein kind moet leer dat hy aan die logiese wette getrou moet wees wanneer hy dink, ken ontleed en redeneer. Die oordrag van die norme in die lewe moet altyd op logies-aanvaarbare wyse geskied. Verder moet die analitiese vermoë ook altyd meer ontwikkel word sodat die kind almeer die wondere van Gods skepping kan deurgrond.

(d) As iemand wat binne 'n historiese verband gebore is, moet die kind opgevoed word teen die agtergrond van sy historiese milieu, sodat hy ook weldra sy plek kan inneem in die gang van die Godsopenbaring in die geskiedenis van die wêreld. Dit is noodsaaklik dat die mens wel deeglik kennis sal hê van daardie weg waarmee God hom langs die weg van afstamming gelei het; van eerbied vir die lewe en dood ens., of soos Röpke dit stel: "Hand in hand with the disruption of the Family... goes the loss of a sense of "generations", so that the individual loses not only his sense of direction in living society but also his sense of the continuity of time and the relationship of the dead to the living and the living to their successors. A state of affairs to which the words of Burke are not inappropiate, namely, that those who never reflect on their ancestors will pay small heed to their descendants." 1)

---

1)Röpke W. - Civitas Humana. Eng. Vert., p. 134.

Die kind moet leer wié hy is en wáárheen hy op pad is.

(e) In sy omgang met andere in die gemeenskap maak die mens gebruik van die taal as omgangsmiddel. In die meedeel van die lewensbeginsels en in die oordra van die norme, is die taal 'n noodsaaklike medium. Maar ook die taal moet beantwoord aan sekere verhewe vereistes; daarom moet taalkundige norme deur woord en voorbeeld in die gesproke woord aan die kinders oorgedra word. "Perhaps in no phase of education is the family more important than in giving to the children their language." 1)

(f) Reeds vanaf geboorte word die kind binne die primêre sosiale groep ingelei o.a. deur bv.: "The family gives training in the conventions and manners of the group .... The well-trained child is prepared to enter the larger society and to feel at ease in mixing with others, since it has been taught "the right thing to do" in the various situations which arise.... It is in the family that the child learns the rules and manners of dealing with the different sexes, age groups and social classes... The family introduces the child to other social institutions - the church, the city with its stores and shops, the school, the officers of the law and finally other families.... No doubt, the inculcation of moral precepts and rules of conduct is the most valuable function that the family performs for the child." 2)

Ook hier word die "sosiale" gerig deur die wet van die liefde. "De liefde leert mij van de ander zien, dat hij er is. In de liefde ontdek ik mijn naaste. Mijn ogen voor hem open. Ik

---

1) Good Alvin. - Sociology and Education, p. 92.

2) Mihanovich, Schepp en Thomas. - Marriage and the Family, -. 291.

zie hem naast mij, als mijn medemens, die recht op mij en op mijn liefde heeft, zodat ik niet vrij ben kil en liefdeloos aan hem voorbij te gaan...." 1)

In sy sosiale verhoudinge met mense, of dit in die spel of in die werk is, in alles moet daar gesoek word na die sedelike, van reg en verkeerd, die verhouding wat naasteliefde leer. Die huisgesin voed die gesinslid op om sy plek in die samelewing in die algemeen vol te staan.

(g) In die huisgesin speel die ekonomie 'n baie groot rol. Daar word die kind die eerste keer die betekenis van geld geleer. Ook hier is daar sekere normatiewe reëls vir die besteding van die geld. Die kind moet leer om waardes af te weeg en te bespaar.

"Die verstandige ouer wat die toekomstige belang van sy kinders op die hart dra, sal dan ook nie versuim om hulle deur woord en voorbeeld gedurig in te prent om vlytig en eerlik, sober en spaarsaam te lewe nie. Dit vorm 'n onmisbare deel van die godsdienstige-sedelike opvoeding. Volle nadruk moet intussen daarop val dat die opvoeding tot spaarsaamheid op 'n godsdienstig-sedelike grondslag moet rus, want as daar van 'n ander beginsel uitgegaan word, sal die vrug van die opvoeding alleen maar wees dat die kinders opgroei tot selfsugtige gierigaards en Mammon-aanbidders wat geen begrip het van die rentmeesterskap waartoe die Woord van God ons oproep 2) Hierdie sedelike leiding bring mee verantwoordelike omgang met die gawe van geld en met die bedryf, met die ekonomiese vaardigheid van die lewe.

(h) Waar ons lewe in 'n mooi wêreld waarin God die mooi dinge van klank en van natuur geskenk het, daar sal die kind ook

---

1) Brillenburg Wurth G. - Zedelijke Opvoeding, p. 90.

2) Erasmus D.F. - Die Christelike Huisgesin, p. 95.

moet leer om die estetiese te kan waardeer. Ook hier speel die opvoeding 'n geweldige rol waar bepaalde estetiese norme ingeskerp word - die skoonheidstruktuur van die skepping of geskapene. Sonder daarvan bewus te wees, vind die positivering van die estetiese norme plaas daar waar die moeder haar eerste wiegelied neurie of daar waar die gesin saam na die skoonheid van die sonsondergang kyk of waar hulle saam hulle verlustig in die skone lied of in die skone kuns. In die positivering van die estetiese norme by die kind, word die smaak vir estetiese ontwikkel en word die afkeur in dit wat lelik is en voor God nie meer as kuns gereken kan word ook versterk. Binne die gesinslewe is daar ook regs- en gesagsverhoudinge wat tipies is van die gesinstruktuur.

(i) In die juridiese verhoudinge word die kind ingelei in die besef van reg en verkeerd en in die wete dat die kwade gestraf moet word. By die opvoeding tot die juridiese besef en tot 'n lewe wat van hierdie mens 'n gehoorsame en diensbare staatsburger sal maak, moet die liefdesleiding die toon aangee. Dit is merkwaardig dat die Teoloë die vyfde gebod oor die ouerlike gesag en die kinderlike gehoorsaamheid uitbrei tot die gehoorsaamheid aan die Staat. (Vgl. hiervoor Geesinck se Etiek, Die Heidelbergse Kategismus ens. oor die vyfde gebod.[1]) "The political as well as the religious training is so closely related to all activities and interests in life that it would be impossible for children to live in the family group without discovering their relations to the state group."[2]

(j) As verantwoordelike wese moet die mens sedelik beantwoord aan die eise wat van Godsweë aan hom gestel word. Die mens moet oor die nodige kennis beskik om te kan kies tussen reg en verkeerd en wel soos Brillenburg Wurth dit stel: "In het

---

Vgl. 1) Geesinck W. - Gereformeerde Ethiek, J.H. Kok, Kampen, 1931, Deel I, p. 379.

2) Good Alvin. - Sociology and Education, p. 111.

ethos of de zedelijkheid gaat het om het handelen van de mens al of niet overeenkomstig de daarvoor geldige ethische norm en om de achter dat handelen liggende en daarin zich openbarende innerlijke gezindheid." [1]

Met ander woorde, die mens moet ook opgevoed word om 'n sedelike beoordeling te kan doen. Hierby kom dan die gesonde opskerping van die gewete sodat daar almeer 'n gesonde gewetensems by die kind na vore sal kom. [2]

Deur die positivering van die sedelike norm moet die kind al meer gelei word tot die keuse tussen goed en kwaad [3] wat belangrik is vir karaktervorming.

(k) Hiermee is die positiveringstaak van die huisgesin nie afgehandel nie want daar is ook nog die baie belangrike pistiese aspek van die lewe waarin die gesin funksioneer. Die opvoeding wat nie rekening hou met hierdie aspek van die lewe nie, is eensydig en verwaarloos die allerbelangrikste waarde in die lewe. Waterink het dit baie treffend gestel in die volgende woorde: "Zo zien wij, dat opvoeden al dadelijk betekent het leggen van de betrekking tussen het leven van onze kinderen en Christus Jezus. En dit niet alleen in de zin van het: "die kinderen bekend maken met het heil der verlossing van hun zonden." Ook dat. Maar christelijke opvoeding kan zelfs dat brengen van Christus als Zaligmaker niet isoleren uit de levenstotaliteit, want Christus verlost maar niet de partiële mens..., maar Hij verlost heel het leven van de mens en heel het leven van de schepping. De verlossing in Christus omsluit alzo heel het leven en alle levensverbanden en is in die zin dus ten volle universeel." [4]

---

1) Brillenburg Wurth G. - Zedelijke Opvoeding, Grondlijnen der Ethische Paedagogiek, p. 12.

Vgl. 2) Ibid. - p. 146.

Vgl. 3) Good Alvin. - Sociology and Education, p. 95.

4) Waterink J. - Theorie der Opvoeding, p. 25, 26.

Hiermee is dit duidelik dat al die funksies in die saamhangende aspekte in ons bestaan antisipeer na die pistiese waardes. Om dus 'n gebalanseerde en harmonieuse lewe te kan voer mag die opvoeding wat die pistiese betref nooit nagelaat word nie. In die positiveringstaak van die gesin sal dit uiteindelik moet uitloop op die leiding van die kind deur Gods Woord na Gods Huis en om also Gods Wil in sy lewe uit te voer. Hier word die roepingsbesef, die verantwoordelikheid teenoor die Ewige met die ewige norme, gewek en versterk.

In "Die Patriargale Familie"van Cronje en Venter, word daar in hoofstuk vier gewys op die betekenis wat die godsdiens in die patriargale familie gehad het. Ons kan volstaan met 'n aanhaling om die bewering te bewys: "Wat die Boerefamilie betref, het die georganiseerde kerk baie min gedoen aan die geestelike bearbeiding van sy wydverspreide kudde. Die behoud van die Christelike godsdiens kan hoofsaaklik gedank word aan die godsdiensbeoefening deur en binne die familie.

Die rol van die godsdiens in die Boerefamilie was van onskatbare betekenis. Eerstens was dit verantwoordelik vir die hoë agting vir die huwelik in die Boerefamilie aangesien die huwelik as 'n goddelike instelling gesien is. Verder het dit ook voorkom dat die blankes in die binneland van Suid-Afrika, alhoewel omring deur barbare en weg van beskawingsinvloede, tog nie verwilder het nie, maar bly vashou het aan die blanke beskawing.

Ook het die Boerevolk hul ongeëwenaarde deursettingsvermoë in die moeilike pionierstydperk geput uit hul godsdiens, want alle krag is verkry uit hul onwrikbare geloof. In noue verband hiermee is die gevoel van die eenheid wat uit die godsdiens gespruit het. Die broederskap in Christus het sterk op die voorgrond getree.

Ook op intellektuele gebied het die godsdiens vir die Boerevolk veel beteken, want vir 'n paar geslagte was dit die enigste intellektuele stimulus; om die Bybel te kon lees, en "aangeneem" te kon word as

lidmaat van die kerk,was 'n sekere minimum onderwyskwalifikasies noodsaaklik.

Laastens dien gewys te word op die rol wat die godsdiens gespeel het in 'n gemeenskap waar die godsdiens feitlik die enigste rigsnoer in die bepaling van die gedragskode was." 1)

Hierdie positiveringsaksie wat op godsdienstige gebied so geslaagd deurgevoer is deur die patriargale Boeregesin, het dan ook geblyk die vaste anker te bied in die dag van storm en stryd, dood en versoeking. 2)

Ons kan dus konstateer: die ouerlike huis speel 'n uiters belangrike en noodsaaklike rol in die godsdienstige opvoeding van sy lede. "But the family that consciously and sensibly gives religious training, will so fix religious beliefs in the habits and the mind of the children that a lifetime of attack and attempts to modify, will have little effect except to develop a broader and more reasonable religious belief that ordinarily develops with higher intellectual training. Simple regligious practices of Bible reading and prayer that become a sacred and intimate part of family life, especially if the acts of the parents in every walk of life harmonize with the religious training, have such a strange influence upon the child who develops these attitudes for the most part before school age, that little in life can exert sufficient influence to make him stray from the fundamental faith of his parents....."3)

In die lig van die vorige aanhalings, bespreek ons die volgende:

E. Die doel van die positiveringstaak van die gesin.

Brillenburg Wurth stel die uiteindelike doel van die opvoedende

---

1) Cronje G. en Venter J.D. - Die Patriargale Familie, H.A.U.M. Kaapstad en Pretoria, 1957, p. 95-97.

Vgl.2) Erasmus D.F. - Die Christelike Huisgesin, p. 64. Vgl. ook Koers in die Krisis, Deel 1, p. 287. Vgl. in hierdie verband ook hfs. 6 van C.C.Nepgen se proefskrif - Die Sosiale Gewete van die Afrikaansprekendes, p. 58-66.

3) Good Alvin - Sociology and Religion, p. 104.

werksaamheid in die gesin as volg: "Dat alle rechte opvoeding, opvoeding is tot zelfstandigheid en vrijheid."[1)]

Die kind moet deur die gesagvolle liefdesleiding so gelei word dat hy selfstandig sal kan optree en sy beslissinge ook selfstandig sal kan neem volgens die norme en beginsels wat aan hom oorgedra is in die positiveringsaksie van die gesin. Die ou spreekwoord is immer waar: "Liefde maak groot en hou nie klein nie."

Vanuit die huisgesin sal die kind mettertyd na vore moet kom as iemand wat selfstandigheid en volwassenheid bereik het met sekere eienskappe:

> "The child should emerge from this process with certain qualities well developed.
>
> (i) He should acquire the ability to stand on his own feet, to make his own decisions, to be genuinely self-reliant.
>
> (ii) That degree of emotional freedom from his parents which is necessary for leading a life of his own, must be attained.
>
> (iii) He must learn to associate with those of his own age on a real companionship basis.
>
> (iv) Finally, he must achieve a satisfactory adjustment to those of the opposite sex."[2)]

In die voorafgaande paragraaf word aan ons die "ideaal" vir die opvoeding van die adolessente kind gestel nl. die van die geleidelike selfstandigwording. Hierby moet ons ook nog lees wat 'n opvoedkundige soos Waterink tereg opmerk: "Dit kind moet worden tot een volwassene, die voor zichzelf zorgt en zichself onder de tucht heeft . Een volwassene die door zijn opvoeding in staat gesteld is om alle gaven en krachten waarover hij beschikt, te gebruiken. Dus ook een volwassene, die geleerd heeft zich aan

---

1) Brillenburg Wurth G. - Het Christelijk Leven in Huwelijk en Gezin, p. 290 .

2) Mihanovich, Schnepp en Thomas - Marriage and the Family, p. 293.

te passen .... in alle levensverbanden waarin God hem stelt, zijn eigen taak en roeping weet te vervullen."[1]

In aansluiting by die vorige, stel Brillenburg Wurth in "Zedelijke Opvoeding" hierdie opvoeding tot selfstandigheid voor met 'n vierderlei doel:

(i) Opvoeding tot vryheid - selfverantwoording en selfbeslissing.

(ii) Opvoeding tot universaliteit - tot volle "menselijkheid."

(iii) Opvoeding tot individualiteit - om die eie persoonlikheid uit te lewe "zoals elk mens individueel uitdrukking is van een eigen Goddelijke gedachte."

(iv) Opvoeding tot gemeenschap - God heeft ons by onze schepping aangelegd op medemenselijkheid."[2]

Uit die voorafgaande blyk dit dus dat die positiveringstaak van die gesin as doel het die selfstandige verantwoordelike optrede van die kind binne die Godgewilde orde en volgens die Godgegewe norme. Die opvoedeling moet dus gelei word om sy plek in die volle lewe en in die verskillende lewensverbande in te neem. Ons wys net op enkele van die verbande waarin die kind wat tot volwassenheid gekom het, moet optree.

Eerstens moet die kind gelei word om geleidelik binne die gesin as volwassene op te tree. Hy moet in staat wees om later self 'n gesin te bou wat gegrond is in die biologiese lewe maar waar die (sedelike) liefde wel die leiding sal kan neem. Hierdie mens sal met ander woorde die doel van gesinsverband moet begryp en die Godgegewe norme in die gesinspraktyk en lewe moet verwerklik.

Hierdie radikale funksies van die huwelik en gesin vereis onder meer die volgende:

"De sexuele voorlichting is derhalve voor onze opgroeiende jeugd van groot belang. Het is evenwel een uiterst moeilijk en verantwoordelijk werk, dat vele ouders van dag tot dag uitstellen om dan

---

1) Waterink J. - Theorie der Opvoeding, p. 120, 121.

2) Brillenburg Wurth G. - Zedelijk Opvoeding, Grondlijnen der Etische Paedagogiek, p. 58-94.

op een gegeven oogenblik tot de ontdekking te komen, dat ze met de inlichtingen te laat zijn. Twee moeilikheden doen zich hierbij in't bijzonder voor, te weten wat medegedeeld moet worden en in de tweedeplaats, wanneer inlichtingen gegeven dien teworden.....
De sexuele voorlichting moet zich vooral toespitsen op een aankweeken van het verantwoordelijkheidsbesef ten opzichte van het huwelijk. Ze moet tot doel hebben de kinderen reeds vroeg bij te brengen het begrip kuischeid, d.w.z. het stellen van de geslachtsdrift onder de heerschappij van den geest, het brengen van het natuurlijke driftleven onder de tucht van den wil tot het goede." 1)

Oor hierdie saak is daar reeds baie gesê en geskryf. Die eis is en bly dat die leiding tot 'n kuise en normatiewe besef aangaande die huwelik en die verkryging van kinders moet uitgaan van die ouers. In 'n tyd waarin die prikkellektuur van die geel pers, boeke met sekstendense, die lewe wat in die greep van die seksualisme 2) gevange sit, so 'n geweldige invloed op die jeugdige gemoed het, is die ouerlike leiding en voorligting oor die wonder van die seksuele lewe, 'n gebiedende eis. 3)

Volwasse optrede binne die gesin omsluit baie meer as net die seksuele, daarom sal die opvoeding baie wyer gaan as net die geslagtelike voorligting.

Tweedens moet die kind gelei word om binne die kerk as volwassene op te tree. Deur die ouerlike onderrig op godsdienstige gebied en veral deur die kategetiese onderrig van die kerk, moet daar gesoek word dat die kind die geloofswaarhede en belydenis sy eie sal maak.

Hoe gewigtig hierdie taak in die moderne stad is, blyk bv. uit 'n verslag wat deur 'n kommissie van ondersoek van die Ned. Geref. Kerke in boekvorm opgestel is, waarin die volgende omtrent die stadsjeug geskryf is: "Die meeste van die waardes

---

1) Drogendijk A.C. - Man en Vrouw voor en in het Huwelijk, p. 70,72.

Vgl. 2) Banning W. - Machten en Mensen, p. 170.

3) Vgl. Bavinch H. - De Opvoeding der Rijpere Jeugd, J.H. Kok Kampen, 1916, p. 156-164.
Vgl. Coetzee J. Chr. - Koers in die Krisis, Deel III, p. 321 Die hoofstuk handel oor "Die seksuele Opvoeding van die Mens!" Hierdie boeke is gedruk deur Pro-Ecclesia, Stellenbosch.

wat hy tot nog toe sonder twyfel as geldig en gesaghebbend aanvaar het, en waarna hy sy lewe ingerig het, vind hy in die stad van weinig of geen gesag te wees nie. Hier heers 'n ander maatstaf waaraan alles getoets word - die geldelike .... Nou is dit wel moontlik dat hy gelukkig genoeg mag wees om in die stad in 'n eerbare Afrikanerkring te beland, maar in baie gevalle bevind hy hom op sy werkplek temidde van mense wat 'n gans andere lewensbeskouing daarop nahou, en wat spot met al die dinge wat hy altyd vir geldig en heilig aangeneem het.

Die uitwerking hiervan op sy jeugdige, plastiese gemoed is te voorsien. Hy word gebring in 'n toestand van geestesverwarring; hy ondervind wat genoem word 'n "kultuurskok". Vir so te sê die eerste maal begin hy twyfel aan die regsgeldigheid, waarheid en gesag van wat hom altyd geleer was. Hy sien 'n ander kant, net die teenoorgestelde; hy sien dat dit die lewensreël is van vele duisende rondom hom. En as hy nie vas geanker is in die geloof nie, sal hy begin dink: "Hoe weet ek dat alles wat my geleer was reg en waar is? Is ek met my Christendom nie miskien op 'n sinkende skip nie?" 1)

Ons kan seker ook dieselfde sê van die neutrale en die ongelowige wetenskap, wat hulle uitwerking op die jongmense wat die huis verlaat het, betref. Deur die positivering van die godsdienstige norme wat ten diepste gebind is aan die lewende en sentrale Norm 2), Jesus Christus, moet die gesin in samewerking met die Christelike skool en die kerk, sy kinders opvoed en lei tot 'n volwassenheid in die geloof wat die hoof sal kan bied en 'n antwoord sal kan hê teen die magte van die sekularisasie.

---

1) Albertyn J.R., du Toit P. en Theron H.S. - Kerk en Stad, Verslag van die Kommissie van Ondersoek van die Gefedereerde N.G. Kerke na kerklike en godsdienstige toestande in die 9 stede van die Unie van Suid-Afrika, Pro-Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, 1948, p. 259.

Vgl. 2) Van Dijk R. - Mens en Medemens, p. 64.

Hierdie volwassenheid binne die kerk as instituut sal meebring 'n meedoen aan die kerklike verrigtinge, liturgiese handelinge en 'n wandel volgens die kerklike norme soos dit tot hom gekom het in die positiveringsaksie. Met ander woorde, hy sal belydende lidmaat wees van die kerk, daardie geloofs- en kultusverband van Christus-gelowiges wat op die eis van Gods Woord (Skrifopenbaring) gegrond is en wat in die eenheid van belydenis en erediens en onder leiding van die geïnstitueerde ampte tot die diens van die Woord en die diens van die onderlinge liefde staan.[1]

Derdens moet die kind ingelei word om as volwassene binne die bedryfslewe te kan optree. Hierdie werkverband waarin opgetree moet word, word omskryf as:

"het samenlevingsverband waarin arbeid en kapitaal (technische apparatuur) rationeel zijn georganiseerd tot de produktie van nuttige goederen en diensten." [2]

Deur sosiale verandering het die gesin heelwat van sy kernfunksies verloor of dit aan ander verbande oorgedra. As illustrasie kan die volgende aanhaling gebruik word: "The family lost most of its productive economic functions when mechanical energy, largely steam, was applied to the tools of production. Later gas was introduced.... Electricity has been increasingly used as a source of power, as has also oil and its derivatives. Chemical transformations have also taken the place of transformations by mechanical power... Then recently an entirely new type of energy has appeared, atomic energy, of such a revolutionary nature as to forecast an atomic age. These types of energy when applied to tools and appliances effect home production by developing it away from the home, by lessening the transfer of the production from the home, and by placing new types of production in the home." [3]

---

Vgl.1) Van Dijk R. - Mens en Medemens, p. 106.

2) Ibid. - p. 115.

3) Ogburn W.F. en Nimkoff M.F. - Technology and the Changing Family, Houghton Mifflin Company, New York, 1955, p. 270.

Nie alleen het die produksieproses weg van die huis verskuif, maar ook het daar 'n totaal nuwe psigo-sosiale verandering by bedryfslui gekom. In die bedryfslewe het ons die verregaande sekularisasie, die ekonomisme wat Banning ons so insiggewend aangetoon het.[1] Sonder om besonderhede te noem, moet die werknemer sy eie identiteit, eiewaarde en kritiese oordeel binne die handels- en bedryfswêreld behou. Hy mag nie die verlengstuk van 'n masjien word nie.

Vierdens moet die kind opgevoed word om as 'n goeie staatsburger sy plek uiteindelik as volwassene in te neem. Hy moet weet wat die pligte van burgerskap is. Hy moet die swaardmag van die Staat wat moet sorg vir die harmonisering van die privaat belange in die algemene belang,[2] eerbiedig. Hy moet verder self ook as mondige staatsburger(es) deelneem aan die politieke lewe van sy land en sy gesonde eie kritiese oordeel behou en uitleef. As verantwoordelike staatsburger sal hy nie net stry en veg vir sy vaderland - sy ideale, tradisies, kultuur, godsdiens ens.,nie maar ook om die goeie sosiale orde te behou.

Alleen wanneer die huisgesin die kind kan opvoed met die ware Christelike lewensbeskouing kan veel vermag word.

V Samevatting en eie opvatting:

Ons kan samevattend noem, optrede in die volle lewe, die vervlegting en wisselwerking van al die samelewingsverbande, en die optrede in alle lewenssituasies en gebeure, sodat dit opvoedend en lerend op die medemens kan inwerk. Dit is die dienswerk in die ryke lewe, d.w.s. dit is die ampsroeping[3] van die gelowige.

Die gesin moet in sy positiveringstaak in wisselwerking met die ander verbande, sy lede voorberei vir 'n variasie van roepings

---

1) Banning W. - Machten en Mensen, p. 23.

2) Van Dijk R. - Mens en Medemens, p. 110.

3) Heidelbergse Kategismus - Sondag 12, Vraag 32.

a) om as profeet(es) God te ken en te bely soos Hy Hom openbaar in Sy skepping met sy eenheid en veelvormigheid; b) om as priester(es) lief te hê op vertikale en horisontale lyne; om met die diens van liefde die samelewing te verryk; c) om as koning te heers oor die sonde, deur dit te bestry maar ook om die skepping en die kultuur te beheers as iemand wat deur God herskep is, tot elke goeie werk volkome toegerus. (2 Timotheus 3:17).

# HOOFSTUK IV.

## Die invloed wat die samelewingskrisis op die positiveringstaak van die gesin het.

### A. Die gesin midde in die samelewingskrisis.

Ons het daarop gewys dat die proses van sosiale verandering die groot oorgange binne die samelewing is en ook die gesin aantas. Met ander woorde, die huisgesin as een van daardie instellinge en primêre samelewingsverbande kan nooit aan die transformasie en verandering ontkom nie. "The family is more closely related to and more pervasively integrated with social change than in any other human insitution." 1)

Trouens die samelewingskrisis soos Kooistra dit stel omvat ook die huisgesin as een van daardie samelewingsverbande wat in 'n staat van ontworteling, disintegrasie en ontbinding verkeer. "dat van een cultuurcrisis dan sprake is, wanneer de totaliteit der structuren van de samenleving en de totaliteitsstructuur van deze samenleving, zich bevinden in een proces van ontbinding." 2)

#### (a) Die gesin in die greep van enkele sosiale magte wat die krisis veroorsaak.

Wanneer Banning in sy "Machten en Mensen" 3) die mens sien as prooi van sekere magte in die samelewing dan is die huisgesin ook in daardie greep van die magte ingesleep. Die huisgesin is vanweë sy versorgingsfunksie geheel in die ekonomiese wêreld ingetrek. Die gesin is verbruiker by uitnemendheid en die huisgenote is ook die werkers of die werkgewers. Daarom is die huisgesin ook ingesleep onder die mag van die i.) ekonomisme, met sy begeerte na welvaartsgenieting. Trouens dit is juis hierdie mag wat so 'n groot invloed

---

1) The Annals of the American Academy of Political and Social Science, November 1950. Toward Family Stability. Artikel geskrywe deur C.C. Zimmerman - "The Family and Social Change", p. 22.

2) Kooistra R. - De Gereformeerde Theoloog en de Sociologie, p. 53.

Vgl.3) Banning W. - Machten en Mensen, p. 13.

op die huisgesin het sodat o.a. die probleem van die werkende moeder [1] geskep is. Nou hiermee verbonde is die hele saak van die geboortebeperking en van die klein gesin. Die ekonomiese waardes verbied groot gesinne en dwing ouers om albei buitenshuis te werk. Terwille van die ekonomiese welvaart werk die moeder saam met die vader. Om te kan werk moet die moeder so min kinders as moontlik hê daarom word geboortebeperking in al sy vorme toegepas.[2] In hierdie verband maak Goodsell die volgende belangrikke stelling: "What are the reasons that lead married couples to restrict the size of their families? It can scarcely be doubted that one of the paramount motives is economic. In a world society where millions of men and women are engaged in a daily struggle, year in and year out, to earn a meagre subsistence and hold families together, any reliable means of limiting the number of children brought into the home will, inevitably, as knowledge of contraceptives becomes general, lead to family restriction." [3]

Ook die volgende stelling in "Technology and the Changing Family" klink oortuigend: "Most women work because they want more income, whether it be because they need more income or desire a higher standard of living. One of the most effective obstacles to the employment of married women is the presence of small children in the home. Therefore the reduction in the size of families in recent decades is an important factor in the increased employment of wives." [4]

---

Vgl. 1) Goodsell Willystine - Problems of the Family, D. Appleton-Century, Co., New York, 1930, p. 168-190 .

Vgl. 2) Albertyn, du Toit en Theron. - Kerk en Stad, p. 226.

3) Goodsell Willystine - Problems of the Family, p. 274.

4) Ogburn W.F. en Nimkoff M.F. - Technology and the Changing Family, p. 145 - 147.

Vervolg, sien voetnoot op volgende bladsy /...

Die mag van die ekonomisme bepaal vir baie mense die waardes van die lewe en aan hierdie waardes word die norm gebind wat dan onbewustelik weer oorgedra en gepositiveer word tot lewensreëls vir die volgende geslagte.

Die gesin is ook in die greep van die ii.) Tegnisisme. Nie alleen het die tegniek dinge gebring wat skadelik inwerk op die gemoed van die mens, naamlik sy verregaande trots op die grote mens met sy uitvindinge, sy verabsolutering van die tegniese vermoë en sy ooraksentuering van die substansiële of materiële bokant die geestelike nie, maar dit het ook nuttige dinge gebring vir die gerief en gemak van die huisgesin. (Elektriese krag, motors, voedselbewaring ens.) Dit moet ons waardeer - ja, ook die tegniek wanneer dit reg aangewend word, is deel van die kultuurgawes aan die mens. Trouens wanneer die tegniek aangewend word om die verborge kragte in die skepping te ontgin en diensbaar te maak aan die menslike samelewing vir die doel waartoe God dit verorden het dan het ons waarlik met kultuur te maak. 1)

Die probleem is egter dat ons hier te doen het met die verabsolutering van die tegniek as menslike vermoë, wat wel weet om alles te reguleer, ook die geboortes van mense, ens. Die mens het die wonder voor sy oë sien verskrompel tot 'n doodgewone ding; hy is deur die sekularisme losgesny van God die Skepper.

Ook aan die mag van die iii.) wêreldpolitiek is die gesin onderworpe. In byna elke huis staan media waardeur die gesin in aanraking bly met die res van die wêreld. Ons dink maar hier aan middele soos die koerant, die radio, televisie, ens.

---

Vgl. in hierdie verband ook: Cronje G. - Krimpende Kindertal. Verslag van Kommissie van Ondersoek insake die gesinslewe, N.G. Kerk Uitgewers, Kaapstad, 1958, p. 118-144.
Cronje G. - Vroue en Moeders wat werk, Verslag van die Kommissie van Ondersoek i.s. die Gesinslewe, N.G. Kerk Uitgewers, Kaapstad, 1960 p. 56-82.

1) Vgl. Meeter H. Henry - Calvinism, (An Interpretation of its Basic Ideas, Zondervan Publishing House, Grand Rapids, Michigan, 1939, Hfs. 8, p.78-91.

Die idee van wêreldbroederskap, die relativering van die eie-waarde en die eie-afkoms, die eiendomlike van sy volksaard ens., vind hier onbewustelik plaas. Die gesin staan elke oomblik binne die invloedsfeer van die wêreldpolitiek met sy verskillende ideologieë en stryd. Die genoemde e.a. magte het meegewerk om in die wêreld 'n humanistiese normsisteem van menslike gelykwaardigheid met die daarmee gepaardgaande nivellering van grense tussen alle volkere en rasse te bewerk.

Net soos die enkeling is die gesin onderworpe aan 'n hele reeks van buro's wat in baie opsigte ontaard tot 'n iv.) burokratisme. Hierdie buro's tree reëlend op in die lewe veral van die arbeiders. Daar is die reëling van die pensioen, die mediese dienste, daar is die buro's vir die reëling van ontspanning, daar is die politieke party, die verskillende verenigings op allerlei gebiede. In baie opsigte word die norme in die gesin nie meer self vasgestel nie, maar is die norme wat oorgedra word dié wat deur die buro's opgelê is. Hier het ons dan te maak met die oordrag van die gesagsleiding wat ouers gee as die vrug van die instansies van buite, wat die proses van "die selfsontvreemding" van die huisgesin ontketen.

Die moderne huisgesin bevind hom in die brandpunt van die magte van die tyd en staan onder die beïnvloeding van hierdie tydsgees.

As Banning dan naas al die ander magte nog die v.) eudaimonisme wat die genot as die hoogste goed stel en voeg by die vi.) seksualisme, dan volg dit dat die huisgesin sekerlik ten diepste daarin betrek is. Met hierdie welvaartsideologie kom ons by baie van die oorsake van patologiese verskynsels in die gesinslewe. Die opoffering wat deur die gesin geverg word, pas nie by die welvaartsideaal van baie gesinslede nie. Lewenswaardes word bereken in terme van die welvaart en dit bring mee 'n hele veranderde sedelike norm van wat goed is. In verband hiermee wys Banning tereg op

"die roekelose omgang wat dikwels met geestesbesit gemaak word."[1]

Die seksualisme tas die grondstruktuur van die gesin,nl. die eenwording van man en vrou in die huwelik aan en daarby ook die seksuele opvoeding. In hierdie verband moet ons daarop wys dat die bioskoop, sommige boeke en tydskrifte, ens, 'n negatiewe opvoedende werksaamheid en positiveringsaksie verrig. Moderne losse opvattings van die huwelik en gesin vat vinnig pos onder die jonger generasies van ons volk. Keyter wat hiervan 'n studie gemaak het, getuig as volg: "Navrae onder ons studerende jong dames toon 'n baie opvallende losmaking van ou tradisionele opvattings. Die Goddelike oorsprong van die huwelik en gesin word deur vele vervang deur die "romantiese liefde" as oorsprong en doel van die huwelik. Byna sonder uitsondering word getuig dat die geboorte van die eerste kindjie eers 'n paar jaar uitgestel moet word; sommige noem selfs ses jaar of meer! As rede vir hierdie uitstel word o.a. aangegee "dat hulle eers die lewe met hulle man 'n bietjie wil geniet." Hier het die losmaking van die huwelik van die huisgesin reeds plaasgevind en is selfsugtige genot en gemaksug duidelik bespeurbaar. Kontraseptiesemiddels is alombekend en maklik verkrybaar. Te oordeel na die uitsprake van mediese doktors, aptekers en onderwysers het die verkoop daarvan reeds 'n uiters gevaarlike omvang aangeneem onder ongetroude mense, jongmense, en word dit dikwels by skoolkinders aangetref."[2]

Voeg hierby die "nuwere" sielkunde,[3] wat die seksuele uitlewing as gesond voorstel, omdat selfbeheersing volgens Freud e.a. verkeerdelik sou lei tot frustrasies, en die beeld is bykans voltooi.

---

Vgl. 1) Banning W. - Machten en Mensen, p. 64.

2) Albertyn, du Toit en Theron. - Kerk en Stad, p. 212.

Vgl. 3) Brillenburg Wurth G. - Het Christelijk Leven in Huwelijk en Gezin, p. 109.

(b) Die gesin en die ontbinding van die drie-dimensionele struktuur.

Röpke sien die krisis van ons tyd as die ontbinding van die drie-dimensionele struktuur van die samelewing, die piramide. Hierdie ontbinding sien hy die duidelikste in die gemeenskapsverhoudinge. "The decay of occidental society is fundamentally nothing but the collapse of this arch, the crumbling of this three dimensional structure and hence the continuous dissolution of all genuine community feeling." [1)]

Ons het hier te maak met die individualisering binne die lewe maar veral in die gesin, waar die bindinge mettertyd ook in die familielewe verdwyn. Dit alles werk mee tot die daarstelling van die massamens, die normlose en vormlose mens, die mens wat losgeskeur is van bindinge met die lewe. Hier is die wesenlike probleem van die moderne gesin sodat daar geen sprake kan wees van die positivering van Christelike norme nie.

(c) Die gesin en die krisis in waardes. [2)]

Mannheim sien die krisis van die samelewing grootliks as 'n krisis in waardes en so moet ons die gesin van ons dag ook sien in hierdie krisis.

Mannheim wys daarop dat die massa samelewing 'n sterker invloed het op die vorming van die normkomplekse as die bestaande lewensverbande. "If in our mass society neither the school nor the church and religion (hy kon gerus hierby ook gevoeg het die gesin, want in die gesin is dit meer waar as in die ander verbande hier genoem) provide codes, patterns of action and paradigmatic experiences, it is the cinema and other commercialized institutions which take over the role of teaching people what to strive for, whom to obey, how to be free, how to love." [3)]

---

1) Röpke W. - Civitas Humana, Engelse Vertaling, p. 134.

Vgl. 2) Mannheim K. - Diagnosis of our Time, p. 15.

3) Ibid., - p. 148.

Die "cultural lag" [1] wat veroorsaak is deur die agterstand wat die abstrakte kultuur by die materiële kultuur gehad het, bring mee dat ook by die positivering van norme, die probleem van 'n verkeerde rangorde van waardes en van norme by die meeste gesinne in die wêreld van die krisis aangetref word. Ons verwys in hierdie verband net na die standpunte van Sorokin, Bouman, Van Dijk e.a. soos hulle behandel is in Hoofstuk II.

Dit is duidelik dat die huisgesin midde in die samelewings-krisis staan. Om die invloed van die samelewingskrisis en die proses van sosiale verandering op die positiveringstaak van die gesin te kan verstaan, moet ons let op hoedanige wyse dit die funksies van die gesin aangetas het.

B. Die aantasting van die kernfunksies van die gesin deur die samelewingskrisis.

Wanneer 'n mens die werke van verskillende sosioloë en die rapporte van verskillende ondersoeke lees, word mens getref deur die eenstemmigheid nl., dat die huisgesin van die moderne tyd deur die proses van sosiale verandering gebring is op 'n plek waar daar 'n funksie-verlies [2] in die wydste sin van die woord is. Sommige spreek van "Shrinking Functions", [3] "loss of transformation of institutional functions," [4] verandering van die kernfunksies van die huisgesin [5] en

Genoemde e.a. werke bring die verandering van die gesin en daarmee ook die aantasting van die funksies van die huisgesin in verband met die verstedelikingsproses.

"A further effect of the Industrial Revolution was the increasing urbanization of the population. Modern society is primarily urban-society, or at least, society dominated by the urban way of life. The significance of urbanization for all institutions is apparent.

---

Vgl.1) Van Dijk R. - Mens en Medemens, p. 63.

Vgl.2) Ibid., - p. 85.

Vgl.3) Ogburn, Nimkoff - Technology and the Changing Family, p. 123. Hfs. 6

Vgl.4) Mihanovich, Schnepp - Marriage and the Family, p. 21 en Thomas.

Vgl.5) Van der Walt J.P. - Histories-Prinsipiële beskouing oor die opkoms, die veld van ondersoek, die betekenis van die Opvoedkundige Sosiologie p. 548.

Huge masses of people are thrown in proximity with each other with little prospect of forming intimate acqaintances. There is a general depersonalization of relationships at work. Perhaps the best way to study the specific changes this wrought on the family is to consider the change in institutional and personal functions which the family performs. It will be remembered that these functions are the fulfilling of needs which the individual experiences in life, it will be seen that any change in the fulfillment of these functions by the family will have serious consequences on the importance of the family to the individual. To the extent that these needs can be supplied by other institutions, the importance of the family to the individual will be lessened." [1)]

Die verstedelikingsproses wat die groot stad vorm, word vinnig aangestu deur kommunikasiemiddele, waardeur die stadsinvloede tot op die platteland deurwerk.[2)] Dit geld ook vir die Republiek van Suid-Afrika.[3)] Ons dink hier aan die industriële stede, mynstede, hawestede, hoofstede met die groot persentasie van amptenare, ens.

Ook in ons eie land net soos oor die hele wêreld het hierdie verstedeliking met sy intensivering van lewe, sy konsentrasie, sy spanninge, beweeglikheid, verwydering met die natuur, en al die ander tendense,[4)] 'n geweldige invloed uitgeoefen op die eertydse patriargale gesin. Die patriargale boerefamilie en gesin, word volgens Cronje en Venter in die boek "Die Patriargale Familie" beskrywe as die geslote landelike, selfversorgende groep, waarin die gesagverhouding van die ouers so 'n vername rol speel en waarin die kern van die godsdiens saambindend en bewarend van die gesinslewe was.[5)]

---

1) Mihanovich, Schnepp en Thomas - Marriage and the Family, p. 14 en 16.

Vgl.2) Banning W. - Moderne Maatschappij Problemen, Deel I, p. 63.

Vgl.3) Albertyn, du Toit en Theron. - Kerk en Stad, p. 15.

Vgl.4) Banning W. - Moderne Maatschappij Problemen, p. 70-75.

Vgl.5) Cronje G. en Venter. - Die Patriargale Familie, p. 15-139.

Vanweë ontwikkeling en sosiale verandering word die geslotenheid verbreek en word geboekstaaf: "Die verval van die patriargale familie hier te lande het hand aan hand met die verstedelikingsproses gepaard gegaan." 1)

Hierdie verandering het meegebring dat daar ook wysiging en aantasting gekom het in die funksies van die gesin.

"Dit wil voorkom asof die opkoms van die stede met alles wat daaraan kleef, veral die tradisionele boeregesinslewe nadelig getref het. Dit het diepgaande wysiginge aangebring in die besondere funksies wat kenmerkend en bindend was in hierdie landelike huisgesin." 2)

Met ander woorde die positiveringstaak van die gesin het nou grondig verander; die gesin self is van 'n ander aard en karakter omdat dit "moderne" norme moet oordra. Ons besef meteens die probleme waarmee die gesin nou te kampe het in sy opvoedings- en positiveringstaak van norme. Aan die hand van Van Dijk stel ons die kernfunksies 3) in verband met die huisgesin en die probleem van die positiveringstaak soos volg:

(a) Die voorsiening in die materiële behoeftes van die opgroeiende geslag tot aan die volwassenheid binne die sfeer van liefdevolle versorging.

(b) Die oordrag van die sosiaal-kulturele verworwenhede (godsdiens daaronder begrepe) van die ouers op die jongere geslag met name gedurende die eerste lewensjare, onder die stimulerende en geduldige leiding van die ouerlike gesag (opvoeding).

(c) Die instandhouding van 'n sfeer van sekerheid, geborgenheid, gesellighe id, simpatie, liefde ten behoewe van die lede van die gesin.

---

1) Cronje G. en Venter. - Die Patriargale Familie, p. 146.

2) Cronje G. - Egskeiding, Die Aard en Oorsake van die Huweliksontbinding in Suid-Afrika. Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake die Gesinslewe, Deel II N.G. Kerk Uitgewers, Kaapstad, p. 32.

Vgl. 3) Van Dijk R. - Mens en Medemens, p. 86.

# HOOFSTUK V.

## Die probleem van die aantasting van die kernfunksies van die gesin en die positiveringstaak.

A. Die voorsiening in die materiële behoeftes van die opgroeiende geslag tot aan die volwassenheid binne die sfeer van die liefdevolle versorging.

In aansluiting by die kernfunksies wat genoem is, gee ons aandag aan sekere probleme wat daarmee saamhang:-

(a) Vrae wat saamhang met die materiële voorsiening van die gesinsbehoeftes.

(i) Hoe verskil die voorsiening in die materiële behoeftes van die kind in die moderne gesin met die van die patriargale gesin?

Die patriargale familie word gekenmerk deur selfversorging in verskeie opsigte. Hierdie hoedanigheid is veral by die Boerefamilie in die verre binneland versterk vanweë kommunikasiemiddels, afstande, die aanwysing op eie vindingrykheid, die afwesigheid van ambagslui, die gebrek aan winkels, ens. Die ouers moes vir alles sorg, die skoene, die seep, die voedsel, die klere is self gemaak, die meubels self vervaardig. Die aller nodigste is af en toe gekoop, verder moes in die behoeftes self voorsien word. Hier het ons die kenmerkende gebondenheid aan mekaar - tussen ouers en kinders, waar hulle self die nodige produseer en gebruik. 1)

In die moderne gesin het hierdie selfvoorsienende en selfversorgende funksies omtrent geheel en al verdwyn. Klere word klaar gekoop, daar is fabrieke haas vir alles. Die materiële voorsiening neem hier meer die vorm aan van geld wat die nodige koop vir die kind en minder die arbeid wat die nodige moet verskaf met eie hande. Vgl. 2.

---

Vgl. 1) Cronje G. en Venter - Die Patriargale Familie, p. 111

Vgl. 2) Banning W. - Moderne Maatschappij-Problemen, Deel I, p. 204.

Hierdie verskil in die materiële voorsiening is baie belangriker as wat ons met die eerste oogopslag raaksien. Die materiële middele nl. geld, waarmee die nodige gekoop word, neem dikwels vader en moeder weg van die huis, die plek waar die opvoedingstaak verrig moet word. Die huislike warmte van lotsgebondenheid by die arbeid gaan dikwels hier verlore. Hieroor later meer.

Die tweede vraag wat hier behandel moet word, is:

(ii) Waarheen moet die ouer hom wend om die middele vir die materiële voorsiening van sy kind te vind?

Vanweë die ekonomiese druk en behoefte verhuis die ouer na die stad om in die daaglikse behoeftes te kan voorsien. Met ander woorde die ouers is verplig om in die stad,[1)] die plek van spanning, die plek met sy eie kunsmatige atmosfeer, van gedurige beweging en van intense konsentrasie, 'n heenkome te vind. Hierdie ouers gaan na die groot besigheidsbelange "mammoth concerns", industrieë, myne, administratiewe werksplekke, om die middele vir die voorsiening van die kinders te vind. Hierdie gesinne gaan na daardie plekke van kommersialisering, anonimisering, industrialisasie. Hulle moet in die stad woon, dikwels onder moeilike omstandighede en in 'n swak omgewing. Maar wat meer is, die ouer bring vanaf sy werk behalwe die geld wat hy meebring ook sekere geesteswaardes en invloede. Hy dra in baie gevalle 'n geesteskimaat met hom mee, die klimaat wat nie bevorderlik is vir die positivering van die Christelike lewensnorme by sy kinders nie. Hierdie voorsiening in die materiële behoeftes van die kind was meermale die rede vir die stadwaartse trek van die ouer.[2)]

'n Derde vraag word hier in verband met die materiële voorsiening vir die kind gestel nl.:

(iii) Watter eise stel hierdie arbeid ter voorsiening van die materiële behoeftes van die gesin?

---

Vgl. 1) Bos Ir. A. - De Stad der Toekomst - De Toekomst der Stad, p. 29.

2) Albertyn, du Toit en Theron, - Kerk en Stad, p. 17.

Die eise wat gestel word aan die beroepsarbeid is groot. Daar is die eise van liggaamlike inspanning, maar eintlik is die eise wat gestel word aan die gees, groter. Ons dink in hierdie geval aan die arbeid wat gepaard gaan met die tempo van die lopende band[1], daar waar miskien te dikwels robotisering plaasvind. Van hierdie arbeid spreek Van Riessen as 'n ontoelaatbare devaluasie van die arbeid. [2]

In baie gevalle is dit nie net die vader wat tot die beroepsarbeid toetree nie, maar dikwels is die moeder ook verplig, of word sy terwille van die betere inkomste in die versoeking gestel om ook ten volle in die daaglikse arbeid buitenshuis toe te tree. Hierdie eise in die moderne samelewing met sy hoë lewenskoste en "mass-comfort" bring mee dat daar hoë eise aan die ouers gestel word wat dikwels 'n breuk bring tussen huis en arbeid, maar ook alte dikwels tussen ouers en kinders.

"Waar die boeregesin as 'n eenheid funksioneer, bestaan die stadsgesin dikwels uit los eenhede, elkeen met aparte belange en werkkringe. Die lotsgemeenskap wat so 'n magtige opvoedingsfaktor vir die boeregesin was, slaan in die stad oor na die individualisme, waardeur elke lid sy eie weg volg." [3]

Rondom hierdie vraag van die materiële voorsiening in die behoeftes van die gesin is daar ook 'n vierde, nl.:

(iv) Watter probleme word geskep deur hierdie arbeid ter voorsiening in die materiële behoeftes van die gesin?

Probleme rondom die beroepsarbeid is velerlei. Dit is probleme wat saamhang met die permanentheid van die werk. Ons dink hier aan daardie soort van konstruksiewerk wat die arbeider van plek tot plek neem of werk wat gestaak word en lei tot werkloosheid.

---

Vgl. 1) Banning W. - Moderne Maatschappij Problemen, Deel I, p. 155.
Vgl. 2) Van Riessen Ir. H. - De Maatschappij der Toekomst , p. 171.
V 3) Albertyn, du Toit en Theron - Kerk en Stad., p. 213.

Verder word baie meer probleme geskep, soos bv. die werkskofte wat uithuisigheid meebring of die kontak met die huisgenote verbreek bv. bedags slaap en snags werk, ens. De Vries wys op die sosiaal-psigologiese aspekte van die industrie-arbeidersgroep, o.a. op die solidariteitsgevoel by die groep (met die gevaar van die opgaan in die kollektiwiteit), maar ook op die afhanklikheidsgevoel en die behoefte aan sekuriteit. "Het verlangen naar sociale zekerheid." Daarmee hang ook nog saam die geestestoestand van "werk en levens-frustratie en gebrek aan levensbevrediging". Hierby kom die behoefte aan waardering - 'n sosiale status - waarin die arbeider nie absoluut nutteloos sal voel nie.[1] Veel van wat die arbeider hier op sosiaal-psigologiese vlak deurgaan, dra hy of sy terug in die huisgesin waar die opvoedingstaak op hulle kinders wag.

Dit is baie duidelik uit die bogaande dat die voorsiening in die daaglikse behoefte van die gesin die ouer lei na die plek van arbeid om daar te gaan worstel met die probleme van die arbeid en om dan weer terug te keer met veel meer as net die loon wat vir die arbeid ontvang is. Rondom hierdie kernfunksie van die voorsiening in die daaglikse behoeftes op materiële gebied lê die hele arbeidsvraagstuk met wat daaraan vir die huisgesin verbonde is, ineengeweef. Dit vorm deel van die probleme waarmee die Christen-ouer by die positivering van die lewensnorme te worstel het. Die wêreld van die arbeid vereis andersgeaarde norme wat die ouers nie met die van die kinderopvoeding kan versoen nie. Talle ouers is nie opgewasse vir hierdie taak nie.

(b) Die normeringsaspek en betekenis van die oueroptrede in die voorsiening van geldelike middele.

Ook van 'n ander aspek moet ons hier by die voorsiening in die materiële behoeftes kennis neem, naamlik dat die voorsiening in baie gevalle van sodanige aard is, dat dit die norme wat geld op die aspek van die ekonomiese heeltemal versteur.

---

Vgl.1) De Vries E. - De dienst van de Kerk aan de Industrie-Arbeider, T. Wever, Franeker, 1962, p. 91 en volgende bladsye.

(i) Ons dink bv. aan die eenkant aan die gevalle waar daar geen spaarsame sin bestaan nie en die kind letterlik toegegooi word met onnodige weelde. Hier word die perke meermale deur ons hedendaagse ouers in talle gesinne oorskry. Ons dink bv. aan skoolkinders met enige soort luukse, motorfietse en selfs motors.[1] Die groter aggressiwiteit van die jeugdiges uit ouerhuise van die hoër inkomstegroepe moet waarskynlik aan verwenning tuis toegeskryf word. Sulke jeugdiges is gewoond om te maak soos hulle wil. Die gevolg is dat hulle geen teenstand kan duld nie.[2]

(ii) Die ander uiterste lewer die probleem waar die ouer nie by magte is om aan die kind die nodige te gee nie. In hierdie verband is die volgende bevinding betekenisvol:

"Armoede kan wel op indirekte wyse wangedrag in die hand werk en wel as volg:

(a) Wangedrag vloei dikwels voort uit die bekrompe ekonomiese toestande tuis,bv. die kinders kry weinig of geen sakgeld, hulle kry selde of nooit nuwe klere en gevolglik staan hulle agter by hul maats uit beter gestelde huise. Daar ontstaan by hulle 'n gevoel van ontevredenheid wat meebring dat hulle in verset kom teen hul toestand van agterlikheid en dientengevolge onbeheerbaar raak. Dit alles voer tot 'n verswakking van die ouerlike gesag en dissipline.

(b) Dikwels is die wens om die onbevredigende behoefte te vervul die direkte aanleiding tot wangedrag bv. die behoefte wat gevoel word aan sigarette, lekkernye, bioskoopvertonings en ander vorme van vermaak.

---

Vgl.1) Young George. - War on the Homefront (An Approach to the Problem of Juvenile Delinquency in South Africa), Methodist Publishing House, Kaapstad, p. 27.

Vgl.2) Cronje G. - Ontspoorde Jeugdiges - Die aard en Oorsake van Jeugmisdaad. Verslag van die Kommissie van Ondersoek, N.G. Kerk Uitgewers, p. 92.

(c) Belangrik is veral die niveau of peil waarop die behoeftes as onbevredig gevoel word. Die behoeftes wat op die ekonomiese peil van die huisgesin nie bevredig kan word nie, word miskien sterk deur die omstandighede aangewakker. In hierdie verband speel die welstandsteenstellinge 'n groot rol. Die kind aanskou gedurig hoe die behoeftes van beter gestelde kinders bevredig word en dit gee aanleiding daartoe dat hy sy eie onbevredigde behoeftes sterker aanvoel.

(d) Die invloed van die welstandsteenstellinge strek nog veel verder. By die armste kinders laat die armoede in die huisgesin geen ruimte vir plesier nie ...." 1).

Dit is duidelik dat baie meer inbegrepe is met die eerste kernfunksie van die huisgesin en dat rondom hierdie funksie van die materiële versorging van die kind tot by volwassenheid daar ook gedurig 'n positivering van norme plaasvind. Dit is 'n taak wat met groot probleme omsoom word wanneer die arbeidswêreld daarbuite en die gesindheid binne die hart van ouer en kind met die verkeerde norme vervul is.

B. Die oordrag van die sosiaal-kulturele verworwenhede (godsdiens daaronder begrepe) van die ouers op die jongere geslag met name gedurende die eerste lewensjare onder die stimulerende en geduldige leiding van die ouerlike gesag (die opvoeding).

Hierdie kernfunksie word veral aangetas van drie kante:

(i) Die gebrek aan die ouerlike gesagsleiding.

(ii) Die gebrek aan die kulturele en godsdienstige besit by die ouer.

(iii) Die oordrag van hierdie funksie op ander verbande en instellinge.

---

1) Cronje G. - Ontspoorde Jeugdiges, - p. 90 en 92.

(i) Die gebrek aan die ouèrlike gesagsleiding.

Soos reeds in Hoofstuk III aangetoon, kan daar van werklike positivering en van ware opvoeding nie sprake wees as daar nie gesagsleiding is nie. Nou is dit waar dat dit juis op hierdie gebied is dat die groot prøbleem van die positiveringstaak deur die gesin geskep is.

In die patriargale families in die algemeen, was daar 'n baie sterk gesag wat die ouer en dan veral die vader van die huis uitgeoefen het. Let op die standpunte van Goodsell [1], Ogburn en Nimkoff [2] en ook die van Cronje en Venter [3]. Die mindere of swakkere gesagsleiding is die vrug van verstedeliking, die moderne leefwyse en opvattinge, geweldige verandering,ens. waarvan baie ouers en gesinne die slagoffers geword het.

"In die stad is die Afrikaanse huisgesin nou reeds veel minder 'n gesagsgemeenskap as wat dit onder die ou boerebevolking was. Die gesinslede word in die stad in 'n sterk mate gedifferensieer bv. in die arbeid en vryetydsbesteding.. Elkeen beweeg in verskillende kringe. Elke kring laat 'n bepaalde invloed geld. Die gesinslede word aldus nie alleen gedifferensieer nie - hulle word ook geïndividualiseer. Meer en meer lei elkeen sy eie lewe.

Die houvas van die vaderlike en in die algemeen die ouerlike gesag word geringer. Ook die nuwerwetse stedelike opvattings werk dit in die hand. Al gou wil elke kind sy eie lewensrigting bepaal. Die ouers het nie meer die onbetwiste seggenskap oor hul kinders nie. Die kinders maak aanspraak op seggenskap oor hulself. Hierdie verval van die ouerlike gesag word by die stedelike Afrikaanse huisgesinne inderdaad in verskillende grade aangetref, maar wat ook al die graad mag wees,dit is feitlik oral aan die gang.

---

Vgl.1) Goodsell Willystine - Problems of the Family, p. 32 en volgende bladsye.

Vgl.2) Ogburn en Nimkoff - Technology and the Changing Family, Hfs. 8, Away from Authority, p. 167 en volgende bladsye.

Vgl.3) Cronje en Venter - Die Patriargale Familie, p.38-74. Hfs. III.

Die eerste gevolg hiervan is dat die hegtheid van die gesinsverhoudinge verswak en die bestendigheid van die gesin afneem. Die tweede gevolg is dat die dissipline in die huisgesin verswak. Die huisgesin is nou in mindere mate 'n gesagsordening. Daar word minder gesag uitgeoefen en minder verantwoording gevra. Soms word die dissipline so swak dat dit tot losbandigheid voer.

Die derde gevolg is dat die gesagsdraer, met sy verminderde gesag, nie meer so 'n behoudende krag kan wees nie. Hy kan nie meer die goeie konservatisme laat deurwerk nie. Hy kan nie meer die hoë gesag aan die tradisionele beskouings en waardeskattings verleen nie. Hy kan nie meer so kragtig as bolwerk teen die vreemde en nuwerwetse idees en opvattings dien nie." 1)

Uit hierdie aanhaling is die probleem van die gesagsvermindering, 'n probleem om nou die verlore gesag te herwin om die lewensnorme te positiveer en dit in 'n samelewing wat van 'n ander normatiewe krag spreek. 'n Mens dink hier onwillekeurig aan die probleem wat Oom Gert gehad het om die norme aan sy Dina te leer, soos Totius dit vir ons so gevoelvol beskrywe in "Trekkersweë".

Hierdie gesagsleiding in die ouerlike huis kan vanweë baie omstandighede verminder of selfs in 'n groot mate verdwyn. In hierdie verband is daar verskeie faktore wat daarvoor verantwoordelik kan wees. Ons wys net op die volgende:

Afwesigheid van die ouer omdat (a) die vader se werksure so moeilik is, (b) omdat die moeder ook in die beroepsarbeid buite haar huis staan 2), (c) omdat die kinders weg is van die ouer of vanweë die inwoning in 'n losieshuis of koshuis, of selfs vanweë die feit dat die huisgesin verbreek is.

(a) In verband met die vader se werksure kan ons net die volgende aanhaal:

---

1) Cronje en Venter - Die Patriargale Familie, p. 162, 163.

2) Vgl. Cronje G. - Vroue en Moeders wat Werk - Verslag van die Kommissie van Ondersoek i.s. die Gesinslewe, N.G. Kerk Uitgewers, 1960, p. 56-82, 125-138.

"Die vader moet gewoonlik vroeg na werk; hy kan min bydra tot die huislike opvoeding. Een geval het onder die Kommissie se aandag gekom van 'n vader wat vir drie maande sy kinders nie wakker gesien het nie, hoewel hy elke nag tuis geslaap het. Dit is miskien net op Sondag dat die hele gesin saam aan tafel sit; in die weeksdae is hulle werkure so verskillend dat hulle nooit eers kan saameet nie. Menige moeder moet elke oggend driemaal, op verskillende ure, vir haar man en kinders kos klaarmaak. Waar bly die vaderlike opvoeding, die huisgodsdiens, die gebed vir sy kinders?"[1)]

In hierdie verband dink ons ook nog aan die afwesigheid van die vader vanweë sy sportbelangstelling, sy klub en ander buite-belange, sodat hy haas nooit meer tuis is nie.

(b) Die afwesigheid van die vader skep al 'n probleem by die gesagvolle leiding van die kind, maar wanneer die moeder ook nog afwesig is dan word die probleem nog groter. Die Kommissie van Ondersoek insake die Gesinslewe in ons land, formuleer sy bevindinge in 'n Verslag oor die Ontspoorde Jeugdiges soos volg:-

"Dit kan nie betwis word nie dat die afwesigheid van die moeder gedurende die dag tot verwaarlosing van die kinders kan lei: die versorging en toesig is gebrekkig, terwyl die opvoeding meermale verwaarloos word. Dit kan tot gevolg hê dat die kinders op straat beland en met ongewenste maats in aanraking kom".[2)] En verder "Die loonarbeid van die vrou en moeder is in ieder geval in die reël ongewens. Die uitgangspunt is naamlik dat die kind, as gevolg van onrypheid en gebrek aan ervaring, die voortdurende sorg en toesig van ten minste een ouer nodig het. Tydens die afwesigheid van die vader om te gaan werk, berus hierdie taak vir 'n deel van die dag uitsluitend by die moeder, maar indien sy ook loonarbeid verrig, word die weg meermale voorberei vir verwaarlosing en wangedrag. In sulke gevalle is die ouers ongetwyfeld in groter mate as dié ouers by wie die verskynsel van buitehuislike

---

1) Albertyn, du Toit en Theron - Kerk en Stad, p. 214.

2) Cronje G. - Ontspoorde Jeugdiges, p.74

loonarbeid van die moeder hom nie voordoen nie, medeverantwoordelik vir die anti-sosiale gedrag van hul. kinders." [1]

Die afwesigheid van albei ouers uit die huis bring in die Republiek van Suid-Afrika mee dat hulle die gesagsleiding en opvoeding meermale oorlaat aan die nie-blanke bediende wie se normsfeer totaal verskil van die van die blanke ouer. Behalwe die gemis aan die stimulerende leiding is daar ook die gemis aan die emosionele sekuriteit wat so 'n kind nodig het.

(c) By die gemis aan die ouer in die huis, die gemis aan die gesagvolle leiding van die ouer, kom ook nog die probleem van die afwesigheid van die kind uit hierdie ouerlike omgewing. Vanweë werkomstandighede, vanweë verdere skoolopleiding, moet die kind heel dikwels die ouerhuis verlaat op 'n baie vroeë stadium van sy lewe. In hierdie verband dink ons aan die groot getal kinders wat reeds vanaf hulle sesde jaar in koshuise vertoef en ook aan die baie seuns en dogters wat vir vakkundige onderrig of terwille van hul werk verplig is om die voete onder 'n vreemde tafel in te steek. Op dié wyse is hulle ook afwesig uit die liefdevolle gesagsleiding van die ouer.

(ii) Die gebrek aan die regte kulturele en godsdienstige besit by die ouer.

Hierdie gebrek aan die regte kulturele en godsdienstige besit by die ouer moet gesoek word in daardie magte en tendense wat daar in die huidige samelewing aan die werk was en is en wat hierdie besit geroof het of wat 'n ander verminkte en andersoortige besit in die hand gestel het. Dit het natuurlik 'n geweldige invloed op die normekomplekse wat oorgedra word. Ons dink hier aan die volgende magte en gesindhede:

1. Industrialisasie met verstedeliking.
2. Kommersialisasie met passiwiteit wat dit meebring.
3. Sekularisme met kerkloosheid en -losheid.

---

1) Cronje G. - Ontspoorde Jeugdiges, p. 96.

4. Individualisering met isolasie.

5. Massifikasie met sy gelykmakingsproses.

Enkele paragrawe oor die bogenoemde gedagtes.

1. Industrialisasie: Banning het eens opgemerk [1] dat die veranderde samelewing met die groot mag van die industrialisasie en verstedeliking 'n ander mensetipe, 'n ander beskawingstipe, na vore gebring het. Hierdie mensetipe het heeltemal 'n ander waarde-oordeel. Mannheim [2] wys daarop dat die mens in die geïndustrialiseerde samelewing die geindustrialiseerde mens meer gesteld is op die funksionele as op die substansiële, m.a.w. die mens van hierdie soort beskawing is in die reël meer gesteld op die flinke en gladde verloop van die etiketreëls as op die diepere lewensnorme.[3]

Hierdie verstedelikte mens in die verskillende ekonomiese sentra word in 'n onpersoonlike en dikwels in 'n wêreld met 'n totaal veranderde lewensstyl [4], 'n veranderde kultuurpatroon, saamgetrek. Ons luister na enkele uitsprake soos: "Modern cities set a new pattern of civilization." [5]

Met hierdie saamgetrekte massas, hierdie onpersoonlike verhoudinge, kry die "Gemeenschapsmoraal" [6] 'n geweldige knou. Die norme wat heel dikwels nog gerig is deur die sosiale gewete, die beheer vanweë die intieme verhoudinge, die "social control", het verlore gegaan.

In hierdie opsig verskil die "social control" van die stad en die platteland. Die onderlinge kontak, die wisselwerking tussen mense op die platteland en die van die stad, is meer 'n verskil van kwaliteit as kwantiteit. [7] Die wisselwerking is in die geval van die platteland baie meer diepgaande as die van die stedelike. Hierdie

---

Vgl. 1) Banning W. - Moderne Maatschappij-Problemen, Deel I, p.70.
Vgl. 2) Ibid., - p.70
Vgl. 3) Riemer - The Modern City, p. 210
Vgl. 4) Bouman - Algemene Maatschappijleer, p. 110.
5) Barnes Henry Elmer. - Society in Transition, Prentice Hall, Inc. New York, 1952, p. 3?9. Vgl.
6) Banning W. - Moderne Maatschappij-Problemen, Deel I, p. 73.
Vgl. 7) Sorokin en Zimmerman - Principles of Rural-Urban Sociology, p. 16-44.

kontakte in die stad alhoewel baie groot in getal oefen nie so 'n diepgaande invloed en beheer oor sy lede uit as wat die geval is op die platteland nie.

"Because of the nature of these contacts the activities controlled in the urban community are those concerning the manners and customs of polite society ....The manner of making calls --- behaviour on street --- dress for all occasions. On the other hand, in cities activities with serious moral problems involved, such as sex activities, drinking, and gambling, are not controlled by the primary contacts of community groups. In the rural communities such activities can seldom be carried on without everyone in the community knowing of them and knowing who are the participants. In the city when such immoral acts are engaged in, they take place among people and in such parts of the city that all in contact with the individuals favor the activity. This condition makes the problem of controlling immoral activities in urban groups more difficult." 1)

In die geïndustrialiseerde stedelike maatskappy gaan een van die sterk bondgenote in die normering van die lewe, naamlik die publieke opinie of die "social control", die verhouding tussen die enkeling en die groep, veral wat sedelike beslissing betref, verlore. Hiermee is dit nie afgesluit nie want die stad met sy invloed gaan vanweë al die kommunikasiemiddele uit tot op die verste dele van die platteland, sodat die publieke opinie ook op die platteland aangetas word deur die van die stad. 2)

Hier moet ons samevattend opmerk. dat die normekomplekse in die verstedelikte en geïndustrialiseerde samelewing grootliks verskil van die van die landelike. Die verswakte openbare mening word nie net verloor as bondgenoot van die ouer wat die Christelike norme wil positiveer nie, maar is ook alte dikwels een van die vyande van die Christelike moraal.

---

1) Good Alvin - Sociology and Education, Harper en Brothers, New York, 1926, p. 260.

Vgl. 2) Cronje G. - Egskeiding, Kommissieverslag, p. 31-33.

2. Kommersialisasie: 'n Ander mag wat meewerk om die positivering van die norme deur die ouer te bemoeilik, en wat ook verskraling van die kultuur- en geestesbesit wat moet oorgedra word, veroorsaak, is "die kommersialisasie met die passiwiteit wat dit meebring." Hier dink ons aan die volle lewe met sy kultuurbesit wat deel geword het van die handel. Die kuns, die ontspanning (liggaamskultuur), vermaaklikheid, alles het in die lewe voorwerp van die handel geword.[1] Hierdie massakultuurmedia met die tegniek as die skepper soek om die massas te vermaak. Hierdie invloede het 'n normerende invloed op sowel die ouers as op die kinders).

"Youthful imagination now receives its stimulus from the shop window, the newspaper placard, the cinema and cinema poster. Much that passes today for art and literature has, on a whole, proved a corrupter of youth. The most popular art, that of the cinema, with its immense influence, is almost totally devoid of any Christian background. The cinema has shown an apparently pleasant world of unbridled desire, of love crudely sentimental or fleshly, of vast possessions, of ruthless acquisition, of reckless violence, of incredible kindliness; a maelstrom of excitement played upon by the glamour of false emotionalism. The road to speedy and spectacular riches for the film magnates has been to popularise and beglamour a distorted picture of the most degenerate aspects of a materialistic age, and erotic film industry has been allowed to be the chief single influence to which the young have been subjected during their formative years."[2]

Waar die ontspanning en vermaak in die patriargale familie hoofsaaklik in die huiskring en omgewing self gevind en verskaf is[3] daar het dit in die moderne tyd alles weggeskuif uit die huis na die baie verkoopte vorme van vermaak.

---

Vgl.1) Banning W. - Moderne Maatschappij-Problemen, Deel I, p. 71

2) Towards the Coversion of England - Report of a Commission on Evangelism appointed by the Archbishops of Canterbury and York pursuant to a resolution of the Church Assembly passed at the summer session, 1943, The Press and Publications Board of the Church Assembly - Westminister, (England), 1945, p. 10.

Vgl.3) Cronje G. en Venter - Die Patriargale Familie, p. 121, p. 123.

Die vryetydsbesteding het van die meeste mense passiewe ontvangers, sonder eie skeppingsinisiatief gemaak. In hierdie verband gebruik Barnes 'n tiperende woord vir hierdie passiwiteit nl.: "Spectatoritis" 1).

Waar ons dus met die gekommersialiseerde kultuur en ontspanning in die moderne samelewing te make het moet ons by die positiveringsarbeid deeglik rekening hou met hierdie normerende invloed wat uitgaan beide op die gesagsdraers wat die beginsels oplê asook op die kinders aan wie dit opgelê word. Die invloed op die sedelike oordele, die invloed op die rekreatiewe handelinge, is geweldig groot. Een van die grootste probleme is hoe om as Christelike huisgesin met sulke sterk teeninvloede die Christelike norme te positiveer.

3. Sekularisme: Saam met die magte van industrialisering en kommersialisering moet ook die mag van die sekularisasie wat lei tot sekularisme met gepaardgaande kerkloos- en kerkloosheid gereken word. Ons herinner aan die tipering van die gesekulariseerde lewenswyse en kultuurpatroon soos Schippers dit stel: "Een manier van leven en een levensbeschouwing, die alleen uitgaat van die geschapen dingen en die God niet wezenlijk belangrijkt acht voor het leven of denken van een mens." 2)

Hierdie proses wat gepaard gaan met die menslike vermoë op tegniese gebied, met sekulêre onderwys en die hele geesteshouding van die Sciëntisme, het 'n geweldige invloed op die ouer en kind. Met hierdie sekularisme is die mens losgeruk van die sterke band aan die Ewige en Liefdevolle God en sy sin vir die hoogste geesteswaardes verloor.

"The cumulative effect ( hier word gespreek van die sekulêre en neutrale onderwys, dog ons kan dit toepas op die hele proses van sekularisme) has been that masses of our young people have lost a whole dimension of life - the spiritual dimension. They seem neither

---

1) Barnes Henry Elmer - Society in Transition, p. 445.

2) Kooistra R.- De Gereformeerde Theoloog en de Sociologie, p. 67.

to be conscious of being spirit, nor to possess the faculty for apprehending the realms of the spirit." 1)

Hierdie proses het die gesin ook aangetas want: "The instability of the contemporary family has also been furthered by the widespread decline of faith in orthodox religion. In the days of our grandfathers powerful support was given to family unity by the authority of the church and its commanding influence over the beliefs and the moral standards of men and women .... The decline of dogmatic religious influence has been proceeding apace since the eighteenth century, when faith in the new method of science and in the authority of human reason began to supplant uncritical of religious dogmas." 2)

Met hierdie verlies van die geestelike en geloofwaardes het 'n baie belangrike mag van behoudenis van die norme verlore gegaan. Dit bly waar wat Elmer skrywe: "There is probably no more universal or important social control than religion. It is the basis for his evaluation of life. His religious beliefs become involved with his folkways, his mores and the social institutions of his group." 3)

Hierdie losmaking met die ewige dinge, hierdie sekularisasietendens, wat so 'n skeiding bring tussen die daaglikse handel en tussen die Sondag, wat die gedagte aan die behoefte van God wil uitwis, het alles meegewerk tot die verwydering met die kerk en met die vergadering van die Christusgelowiges rondom die Woord en in die gemeentelike diens.

Die draagwydte van die verswakking van die normering op die mens as dit losgemaak word van die Goddelike Woordopenbaring en van geroepenheid voor God is baie groot. Ons kan verstaan dat dit geweldig moeilik is om in so 'n wêreld van gesekulariseerdheid die Christelike lewensnorme te positiveer, veral nog waar die onderrig aan die hoër

---

1) Towards Conversion of England.- Verslag, p. 12.

2) Goodsell Willystine - Problems of the Family, p. 132.

3) Elmer M.C. - The Sociology of the Family, Ginn en Co., New York, 1945, p. 108 en volgende bladsye.

inrigtings en ook op die skole op 'n sogenaamde neutrale grondslag staan - hier verloor die huis dan 'n bondgenoot.

4. Individualisering: Al hierdie magte wat die kulturele lewe van sy hoëre bindinge losslaan en probleme skep vir die positivering van die norme deur die gesin, werk 'n ander tendens ook in die hand, nl. die individualisering met die bykomende isolasie.

"Die individualistiese lewensbeskouing moet aangewys word as 'n ander vinger in die hand wat besig is om die bande van die gesinslewe los te knoop. Dit is niks anders as een van die openbaringsvorme van die sekularisme, aangesien die individualisme die individu op die troon plaas...Die nadruk wat hierdie beskouing lê op die vryheid van die mens, en die belangrikheid van die eie belange, eie optrede, eie denke, eie persoonlikheid, eie bestemming, het tot gevolg dat by die mens die gier ontstaan het om hom los te woel uit alle vertikale sowel as horisontale lewensverbintenisse." 1)

Met hierdie individualisering waarin die enkeling oorbeklemtoon word vind ons die nadruk wat val op die vrou as die gelyke van die man (emansipasie), die romantiese liefde wat op die goeddunke en emosionele opwellinge die huweliksband tot niet maak ens. Dit bring mee dat ons met hierdie individualisering ook isolering binne die gesin vind. Een van die gevolge is dat die kind hom al hoe meer aan die gesagsleiding van die ouer onttrek. Hy meen dat hy volle reg het om op te tree soos hy wil sonder dat sy ouers werklik gesag oor hom sou hê.

In die stad waar elke lid van die gesin dikwels sy eie weg moet gaan, is hierdie proses van individualisering baie sterk aan die werk 2). die situasie waarin elkeen dikwels kom met die teenspoed en probleme, veroorsaak dikwels 'n diepe eensaamheid en gevoel van alleenheid. Meteens besef ons dat hierdie tendens by die huidige samelewing in baie opsigte die gesag van hulle wat die beginsels oplê, ontneem.

---

1) Cronje G. - Egskeiding, Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake die gesinslewe, p. 29.

Vgl.2) Albertyn J.R. - Land en Stad, p. 135.

Daar is voorts 'n losmaking met die tradisie en die eie oorgelewerde kultuurbesit.

5. Massifikasie: Saam met die bogenoemde magte en tendense in die samelewing wat die kultuurpatroon van die mens totaal verander en wysig, wat die positiveringstaak van die Christelike gesin nie alleen bemoeilik en verswaar nie maar ook dikwels in so 'n mate beïnvloed dat dit sy positief-Christelike betekenis verloor, moet ook nog genoem word die groot proses wat vandag so sterk aan die werk is, nl. die massifikasie of "Vermassungsproses." Ons het hier te doen met daardie proses in die kulturele lewe wat gelykskakeling in die hand werk. Al die magte van die kultuurelemente soos televisie, radio en bioskoop en pers, vorm en kondisioneer om as soveel gelykhede te bestaan.

Net soos die woonhuise van die skemas almal in dieselfde konkreetvorms gegiet word so wil dit mense in dieselfde vorme in die geestelike wêreld giet. Alle kulture en mense word nou gelyk gemaak en op die wyse word ook met die afbraak, die nivellering, van alle grense tussen die kulture van volkere en rasse gekom. Dit gaan in die hele proses van massifikasie met die sterkerwordende kollektivisme, om die gelykskakeling van alles en almal. Die eiendomlike word ondergeskik gemaak aan die wêreldpatroon.

Hier het ons met een van die wesenlike probleme in die positivering van norme te doen. Dit gaan om 'n erkenning van die dinge wat God in Sy beskikking nie alleen geskenk het in die samelewingsorde nie, maar ook laat toekom het langs die weg van eiendomlike vaderlandsgeskiedenis.

Wanneer ons sulke betekenisvolle bindinge aan die verlede verloor het op die vertikale vlak, dan gaan die horisontale ook verlore.

In so 'n genivelleerde lugleë ruim is dit uiters moeilik om die positiveringstaak van norme in die Christelike gesin uit te voer.

6. Natuurlike onvermoë: Die gebrekkige besit van 'n lewenstyl, die gebrek aan balans tussen die geestelike en die materiële kultuur

en die probleem van die mens wat vanweë natuurlike oorsake soos aanleg en verstandsvermoë nie tot 'n verhewe kultuurbesit en kultuuroordrag kan kom nie, vererger die vraagstuk. In "Die Kulturele agtergrond van die Jeugoortreder en sy ouers" word die volgende opmerkings gemaak en wel in tabelvorm t.o.v. die onderwyspeil van die vaders van jeugoortreders: Tabel 45:

| Onderwyspeil van vader. | Persentasie. | Getal. |
|---|---|---|
| St. III .......... | 8.75 | 28 |
| St. IV - VI ...... | 55.00 | 176 |
| St. VII - VIII ... | 16.25 | 52 |
| St. IX - X ....... | 2.50 | 8 |
| Diploma en graad . | 0.63 | 2 |
| Ontbreek ......... | 16.87 | 54 |
| Totaal ...... | 100.00 | 320 |

Volgens die Tabel het vaders van 176 of 55 persent van jeugdige oortreders slegs onderwys in St. IV tot VI ontvang, terwyl die vaders van 28 of 8.75 persent nie verder as St. III gekom het nie. Die vaders van 52 of 16.25 persent oortredende jeugdiges het sover as St. VII en VIII gevorder.

"Die opvoeding wat die kind ontvang, hang nou saam met die peil van ontwikkeling wat die ouers bereik het. Die ontwikkelde mens is in die reël ook 'n beskaafde persoon en ooreenkomstig sy ontwikkeling is hy toegerus om langs die weg van die goeie voorbeeld, gesonde leiding en begrypende insig die ontwikkeling van sy kind in die regte kanale te stuur. Kinders wie se ouers oor 'n gebrekkige opleiding beskik, moet egter dikwels hierdie positiewe en rigtinggewende opleiding ontbeer. Sulke ouers is dikwels nie in staat om die kinderlike gemoed te peil, die diepste behoeftes, wense, begeertes en motiewe van die kind te begryp en deur simpatieke raadgewing rigting daaraan te gee nie. In plaas hiervan word die reaksies van die kind miskien heeltemal verkeerd vertolk, met die gevolg dat die ouer hardhandig optree wanneer simpatieke meelewing eintlik die aangewese weg is.

Die mens as kultuurskepper en kultuurdraer moet ook die hoëre geestelike waardes aan die kinders oordra. Vanweë sy gesagsposisie in die gesin berus hierdie oordrag in aansienlike mate by die vader. Die welslae hiervan sal grootliks bepaal word deur die vader se agtergrond en ontwikkeling, maar vanselfsprekend sal die pogings van diegene met 'n geringe onderwyspeil in die reël deur hul eie gebrekkige opleiding aan bande gelê word. Sodoende ontvang die kind van sy ouer(s) 'n swakker kultuurerfenis en, by ontstentenis van die hoëre waardes, sal hy nie altyd weerstand kan bied teen die verleiding van die misdaad wat, as verskynsel, meer bepaald met 'n lae beskawings- en ontwikkelingspeil saamhang." 1)

(iii) Die oordrag van kulturele verworwenhede op ander verbande en instellinge.

In "Verandering in het Gezin" wys Banning 2) daarop dat wat die "sociaal-culturele functie (en pedagogische)" betref 'n baie belangrike deel oorgeneem is deur die skool. Ouers is nie meer die leidsliede by die intellektuele en beroepsvorming nie. Ook ontspanning en vryetydsbesteding geskied steeds minder in die gesinsverband. Die gesinslede het elk hul eie verenigings en klubs waar hulle hulself vermaak. Ook die algemeen maatskaplike vorming word oorgeneem deur die verskillende organe soos die vakbeweging, jeugorganisasie, die koerant, radio, ens.

Wat die religieuse betref "is het duidelijk, dat een groeiend aantal ouders óf deze functie laten vallen óf hulp zoeken bij onderwijs, kerk, jeugdorganisatie." 3)

Hierdie bevinding word algemeen deur sosioloë en opvoedkundiges aanvaar. In hierdie verband wys ons slegs op die groot aantal kinders wat vanweë die feit dat die ouers albei buitenshuise beroepsarbeid verrig reeds baie vroeg na die kleuterskool gestuur word. 4)

---

1) Cronje G. - Ontspoorde Jeugdiges - Die aard en oorsaak van Jeugmisdaad, p. 81-82.

Vgl. 2) Banning W. - Moderne Maatschappij-Problemen, Deel I, p. 204, 205.

3) Ibid. - p. 205.

Vgl. 4) Ogburn en Nimkoff - Technology and the Changing Family, p. 140.

Marais wys op 'n ontstellende verskynsel van die verskuiwing van die opvoeding weg van die gesin af: "Dit het derhalwe alhoemeer die gewoonte geword dat die gemeenskapsorganisasies ingryp om aan te vul wat menige huis nie gegee het nie of kon gee nie. So vind ons dat die skool en die Kerk die hele onderwys en godsdiens oorgeneem het. Daarna het die ouers baie gretig ook nog die ontspanningsprogram oorhandig. As hierdie dinge 'n eenheid met die huisgesinsinvloed word, soos dit in die verlede was, is hulle magtige hulpmiddels en het veel vormende waarde ....Ons het te veel in die verlede die swaartepunt van ons opvoeding laat verskuif weg van die huis af en vir onsself wysgemaak dat die verskeie deskundige metodes net so goed en beter vir ons kinders rigting kan verskaf as die gesin self. Op die wyse het ons een van die grootste leemtes in ons volksopvoedingsplan laat ontstaan..." [1]

Vergelyk in hierdie verband ook die bevinding in - Kerk en Stad. [2]

Dit is derhalwe duidelik dat die gesin baie van sy positiveringstaak in ons dag oorgedra het aan ander verbande en groepe. Iemand het selfs gespreek van die "institutionalization of education, the institutionalization of recreation and amusements." [3]

Hiermee het die gesin baie van sy taak om norme te kan positiveer, prysgegee.

Samevatting: Die positiveringstaak van die sosiaal-kulturele verworwenhede (godsdiens ingesluit) deur die gesin word 'n steeds moeiliker taak vanweë die aantasting van die ouerlike gesagsleiding, die gebrekkige besit van kulturele en godsdienstige dinge en vanweë die oordrag van hierdie taak aan ander gemeenskapsinstellinge.

---

1) Marais M.D. - Vormende invloed van die Gesin op die Ontwikkeling van die Kind. Gepubliseerde lesing, Nasionale Pers, Kaapstad, p. 6,24.

2) Albertyn, du Toit en Theron - Kerk en Stad, p. 246.

3) Gillin en Gillin - Cultural Society, MacMillan Co., New York, 1948, p. 371.

C. Die instandhouding van 'n sfeer van intieme geborgenheid.

Binne die warme en simpatieke atmosfeer van die huislike kring moet die van die positivering van gesinsnorme plaasvind. "The individual needs this intimate, friendly, sympathetic association of persons who are concerned with the routine little things of his life as the occasional more important things. The individual needs the sympathetic understanding of persons who care for him and love him and take a responsible interest in him." 1)

Hierdie intieme en warme atmosfeer waarin die positiveringstaak van die gesin plaasvind, is die ideale plek vanweë die liefde en sekuriteit wat dit bied aan die kind. Juis op hierdie gebied is daar faktore wat groot probleme skep en hierdie intieme geslotenheid as die oord van geborgenheid versteur. Naas ander van die veroorsakende faktore, word slegs twee kortliks behandel,nl.:

(i) Woningnood en (ii) Gesinsonvolledigheid.

(i) Woningnood: Die huis waarin 'n kind groot word het 'n groot vormende invloed op die wordende persoonlikheid.

"The kind of home in which a child is reared determines to a large extent his attitude towards the community and the government. The house alone does not make a home, but a child whose home is dilapidated, unsanitary, and overcrowded is not always likely to have much incentive to become a responsible citizen." 2)

Nou veroorsaak die opeenhoping van mensemassas in die stede 'n tekort aan huise en woninggerief sodat baie oorsake vir die ontspoorde jeugdige, vir die uitwissing van die diepste oortuiginge in hierdie toestande gevoed word. Mense van alle soorte en nasionaliteite is dikwels saamgegooi in agterbuurtes, woonstelle en in kamers. Daar kom 'n botsing tussen die opgelegde norme deur die ouer en die van die omgewing. "Dat wordt natuurlijk een vermenging

---

1) Elmer - The Sociology of the Family, p. 5

2) Barnes Harry Elmer - Society in Transition, p. 460.

van totaal verschillende levensstijlen, van losse zandgronders met zwaarwichtige kleibewoners, van Calvinisten en Roomsen, van blondkopjes met zwartharigen, van Carnavalsgasten met haast-doperse geesten .... Er is voor kleine heuveltjes nooit plaats in gezinnen, die met acht en meer personen-grootouders, ouders, kinderen - één tot drie kleine kamers bewonen.
Zo gauw als het gaat - en dat gaat heel gauw! - worden ze de straat op gestuurd van's morgens vroeg tot's avonds laat. Daar leren ze weining goeds, maar binnenskamers maken ze ook te veel mee van een leven zonder geheimen. Hun kinderogen hebben al vaak meer van de omgang der geslachten gezien dan mensen met ruimere huizen ooit zullen aanschouwen. Verwekking noch baring zijn hun vreemd. En al heel jong, op duistere trapportalen en in donkere hoekjes beleven zij zelf gruwelijke avonturen." 1)

So beskryf Van Veldhuizen, die probleem van 'n ongesonde verstedeliking in 'n stad soos Rotterdam. In groot stede soos London en New York vind ons die groot verdiepingsgeboue waarin groot getalle gesinne gevestig is.

"Apartment or tenement house from three to fifteen stories high, often with two or three floors underground, are the homes of millions of city residents. Often several thousands of people living in a single block; families with several children live with one or two ill-ventilated rooms. Such families have been known to take in roomers and boarders. Beds sometimes are used in the daytime by the night shifts of workers and in the night by the dayshifts." 2)

Onder sulke omstandighede is dit duidelik dat die intieme geborgenheid verlore gaan; dat 'n massa invloede van buite die ouerlike gesag met die oplegging van norme totaal verbreek en neutraliseer. Positivering van die Christelike norme in so 'n

---

1) Van Veldhuizen G. - Op de Straathoek (Comprehensive Approach in de Practijk, J.N. Voorhoeve, Den Haag, 1954, p. 7-10.

2) Good Alvin - Sociology and Education, p. 276.

atmosfeer is seker 'n haas onmoontlike saak. Op die hele geestelike en sielkundige lewe van die kind het hierdie woningnood en saamdromming 'n negatiewe uitwerking.

"Crowding seems very definitely to effect the self-sufficiency of children - their ability to be alone..... The search is for games, for work where many others are close by .... It seems that persistent and constant crowding from early life,destroys the sense of individuality which without doubt is fostered by the opportunities for privacy. These children seek in all their activities situations in which there are others - the movies, the factory." 1)

Die vrug van hierdie saamdromming van mense werk mee dat kinders en jong mense wegvlug van die intieme geborgenheid van die huis en die familielewe. Dit beteken by die kind 'n onttrekking aan die positiveringsaksie en by die ouer 'n versaking van die taak.

In ons land word met groot dank kennis geneem van alles wat gedoen word vir die behuising van blank en nie-blank. Met hierdie eiewoning het daar tog 'n baie belangrike stuk van die familie-geslotenheid oorgebly. Tog moet ons hier ook opmerk dat die neiging na die woonstellewe as 'n surrogaat vir die aparte woonhuis baie sterk na vore kom. Daarmee is die distansiëring met die natuur, die onsekere element by verhuising na 'n kortere tyd, ook aanwesig by die kind vir wie sy ongewing so 'n belangrike faktor is.

(ii) Gesinsonvolledigheid: Die volgende aanhaling stel die belangrikheid van die gesinsvolledigheid vir die opvoeding baie duidelik: "Ons uitgangspunt is dat die opvoeding van die kind die eis van die volledigheid van die egpaar stel. Die vader en die moeder is aanvullend by mekaar en die kind kry eers dán 'n werklike opvoeding wanneer albei ouers nog daar is. Indien albei ouers afwesig is, soos dit by 3.44% van die jeugoortreders in die huidige ondersoek voorkom, moet die kind die rigtinggewende gesag van die vader én die liefdevolle simpatie van die moeder ontbeer....

---

1) Bell en Vogel - A Modern Introduction to the Family, The Free Press of Glencoe, Illinois, 1960, p. 40.

In die gevalle waar die moeder ontbreek, was egskeiding na verhouding die vernaamste rede van gesinsonvolledigheid. Die opvoeding van die kind stel onder andere ook die eis van die volwaardigheid van die lewensgemeenskap van die vader en die moeder, want slegs wanneer die ouers werklik één is, sal hulle ook met betrekking tot die opvoeding van die kinders as 'n eenheid kan optree...." 1)

Met die gesinsonvolledigheid tree daar baie probleme by die kind na vore, soos o.a. gestel met die aanhaling: "A loss of security characterizes most children from broken homes, particularly those disorganized by the family tension and conflict which terminate in divorce. They are often transferred from mother to father and back again, while their affections are being alienated alternetively from those two parents who should be the object of their admiration, confidence, love and devotion. Such children may have their conceptions of family life so distorted that they are unable to adjust themselves adequately when the time come for them to marry. Various studies indicate that much delinquent bahaviour in children, such as incorrigibility, running away from home, truancy, stealing, can be attributed to broken homes." 2)

Wat ons verder t.o.v. die bogenoemde kan toevoeg, is dat gesinsonvolledigheid in verskillende graadverskille bestaan: bv. van bloot tydelike aard - wanneer die werk van die ouers dit meebring. Dan is daar ook onvolledigheid vanweë bv. dood en egskeiding wat van permanente aard is. In lg. gevalle is die positiveringstaak 'n baie moeilike taak. In albei gevalle doen die gesinsonvolledigheid die intieme atmosfeer van liefdevolle simpatie en sekuriteit wat so nodig is in die opvoedingstaak skade aan.

---

1) Cronje G. - Ontspoorde Jeugdiges, p. 109.

2) Mihanovich, Schnepp en Thomas - Marriage and the Family, p. 345.

# HOOFSTUK VI.

## Enkele riglyne vir die gesonde positivering van die gesinsnorme in die moderne samelewing.

Vanaf die begin van hierdie studie is dit duidelik dat ons in die positiveringsaktiwiteit van die Christelike gesin, onmiddellik dink aan die gelowige kinderopvoeding. Dit is hierdie gelowige kinderopvoeding wat die mens lei tot die:

(a) Vryheid van gehoorsaamheid aan die Ewige God. Want hierdie vryheid is geen "tuchteloosheid of losbandigheid" nie. "De recthe vrijheid, zo kunnen wij het ook zeggen, sluit steeds verantwoordelijkheid in. En verantwoordelijkheid betekent binding, betekent aangesproken en geroepen zijn - door het leven, door de medemens, door God door Christus - en nu antwoord moeten geven. Maar dan antwoord moeten geven in vrijheid! Gehoorsaamheid! Maar vrijwillige gehoorsaamheid."[1)]

Hierdie gelowige kinderopvoeding is ook 'n opvoeding tot

(b) Universaliteit. Teenoor die humanisme wat nie rekening hou met die kind as iemand wat 'n "religieuse geaardheid" het, en daarom nie wil weet van die godsdienstige opvoeding, en teenoor die piëtisme wat die opvoeding beperk tot die oorheersing van die geestelike, staan die gesonde gelowige kinderopvoeding wat die ganse wêreld van kennis en arbeid wil onderwerp aan die heerskappy van God en Christus Jesus. Maar gelowige kinderopvoeding is soos reeds tevore aangehaal ook 'n opvoeding tot individualiteit.

(c) Individualiteit in die kinderopvoeding het 'n ope oog vir die feit van die Godgewilde verskeidenheid ook in die mensewêreld. "Voor God is elke afzonderlijk mens een apart heilig geheimenis. Met elk mens individueel heeft God zijn heel bijzondere plan, zoals elk mens individueel uitdrukking van een eigen goddelijke gedagte is."[2)]

---

1) Brillenburg Wurth G. - Zedelijke Opvoeding, Paedagogische Beginselen, p. 72.

2) Ibid. - - - p. 63.

Voorts is die gelowige kinderopvoeding dus nie net Godgerig nie maar ook 'n opvoeding tot

(g) Gemeenskap wat 'n opvoeding tot ware diensbaarheid en liefde binne die sosiale lewenskringe is. Voorop staan altyd dat die gemeenskap sy oorsprong het in die Wil van God en dat die diens aan die gemeenskap religieus verankerd en gerig is.

Die gelowige kinderopvoeding is dus in die ware sin van die woord, harmonieus van aard. "En wie dit verstaat, wie de harmonie weet te vinden tussen hoofd en hart, wie leert kennen met zijn hart en liefhebben met zijn verstand - en dit is het kennen en dit is het liefhebben waarvan de Schrift voortdurend spreekt- die ervaart ook in de opvoeding de eenheid van het leven. Die is niet vandaag bezig aan de godsdienstige opvoeding en morgen aan de intellectuele, die is niet overmorgen aan het werk om het kind zedelijk op te voeden, om het een dag later een aesthetische beurt te geven. Die begrijpt, dat het leven één is en dat in hem, de opvoeder, en het kind, dat hij opvoedt, dit ene leven zich uiten moet en zich ontplooien moet naar de regel, die de Schepper heeft gesteld, opdat hij zij, en dat kind wórde, een mens Gods." 1)

Uit wat tevore gesê is, blyk duidelik dat gelowige kinderopvoeding die kind opvoed om in die volle ryke lewe met sy medemens te kan optree. In hierdie proses word die norme soos dit deur God vir ons lewensuitinge en vir die samelewingsvorme neergelê is, gepositiveer. Hierdie normekomplekse wat oorgedra word, is in 'n harmoniese geheel saamgebind. Soos Waterink dit stel: 2) "Het zwaartepunt, het uitgangspunt, het begin en het einde van alle leven is God zelf, die de Oorsprong des levens is en die alle leven in Zijn hand houdt. God heeft zich aan deze wereld geopenbaard in Christus door Zijn Woord en Geest, opdat Hij weer gevonden zou kunnen worden door mensen, die Hem verloren hadden. Deze mensen, die God weer kennen en die leven

---

1) Waterink J. - Theorie der Opvoeding, p. 28.

2) Ibid. - p. 43.

in het Verbond met God, zien nu alles weer in de betrekking, waarin de Schepper de dingen tot zich gesteld had en gesteld heeft. Vandaar dat een zelfde norm geldt voor individu en gemeenschap, voor natuur en cultuur."

Die Christelik-gelowige opvoeding bepaal ook die weg vir die ander samelewingsvorme en verbande om volgens dieselfde Skrifnorme mee te werk en ondersteuning te bied. Trouens, ons het reeds by die bespreking van die begrip positivering daarop gewys dat elke samelewingsverband op sy eie wyse en metodes hierdie oordrag as die oplê van norme in die samelewing, laat geskied. Derhalwe moet alle samelewingsverbande saamwerk in die bepaalde rigting van die positiveringstaak ten einde die verkeerde invloede uit te skakel.

Vervolgens behandel ons kortliks die positivering van die vernaamste struktuurnorme.

Oor die samewerking en vervlegting tussen die samelewingsvorme skryf o.a. Gillin en Gillin [1] die volgende: Institutions function as harmonizing agencies in the total cultural configuration.... Institutions are not independent, but are related to each other in a cultural system or configuration ... The patterns of one institution are linked with those of another and the underlying groups of an institution, as we have seen, tend to interlock in membership and function with other institutional groups."

Dit is dus uiters noodsaaklik dat die ander samelewingsvorme wat in vervlegting met die gesin staan die gesin moet help en ondersteun in sy positiveringstaak. In hoofstuk I is gesê: "Die mens word deur die Ewige God in Jesus Christus opgevoed deur die verskillende samelewingsvorme as werktuie te gebruik".(P.16)

Vervolgens behandel ons die:

A. Die aandeel van die Kerk. Die Kerk as instituut het deur die

---

1) Gillin J.L. en Gillin J.P. - Cultural Sociology, The Macmillan Co., New York, 1948, p. 325.

Woordverkondiging en die diens van die liefde die roeping om die beginsels van Gods Woord tot leidende en rigtinggewende in die lewens van die gelowiges aan te toon."Deze geloofsmacht van het zwaard des Woords .... moet doorwerken in het gehele tijdelijk bestaan der gelovigen."[1)]

Die kerk laat wel deeglik 'n pedagogiese aspek te sien. Onder die leiding van die ampte, deur die prediking, kategese en pastorale sorg, word die verantwoordelikheid teenoor die sentrale Norm, Jesus Christus, opgeëis. Hierdie positiveringstaak van die kerk wat geskied van die wieg tot aan die graf, kom tot die mens in die volle ryke lewe en het te maak met die "hoe"van die pisteutiese. Slaag die kerk daarin om die pisteutiese norme te positiveer dan werk dit mee dat die lidmaat in al die fasette van sy lewe Christen wil wees en dat die ander lewensverbande verander en gekleur word tot die Skrifgebonde struktuurnorme.

Nou is dit waar dat die kerk self midde in die kultuurkrisis staan. Die kerk sal dus vir homself moet rekenskap gee en besin hoe hy hierdie taak van die oordrag van die norme en van die verbintenis aan die Sentrale norm kan vervul. Die kerk het die metodes om hierdie taak in 'n disintegrerende wêreldorde te kan verrig. Talle probleme staan egter in die weg waaroor die kerk deeglik moet besin:

(1) Hoe hy sy Positiveringstaak tot voordeel van die gesin in die krisis sal kan uitvoer. In hierdie verband moet die besinning geskied by kerklike vergaderinge, kongresse, [2)] en deur studiekommissies [3)] wat gespesialiseer het oor hierdie onderwerpe;

(2) Hoe hy sy positiveringstaak veral in die kategetiese onderrig en arbeid aan die jeug sal kan uitvoer. Hier dink ons daaraan

1) Spier J.M. - Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee, p. 206.
2) Ons dink hier bv. aan die Kerklike kongres oor die Gesinslewe, wat deur N.G. Kerk gereël was op Bloemfontein in September 1963, en
3) Die Werk van die Kommissie van Ondersoek oor die Gesinslewe onder Voorsitterskap van Prof. G. Cronje en wat bestaan uit 12 verslae in boekvorm en aan die 3 Susterkerke aangebied.

dat die opgroeiende jeug wat onder die trefkrag van die strokiesprent, rolprent, televisie, ens. verkeer, anders dink as 'n geslag gelede; dat die huidige geslag "louter in beelden denkt. Het abstracte begrip is verdrongen door de zinnelijk-waarneembare voorstelling. Het is dus zinloos om te goochelen met begrippen." 1)

Die kerk sal sonder om hom skuldig te maak aan die verbreking van die 2de en 3de gebod baie meer van aanskoulike onderwys en visuele middele gebruik moet maak in sy kategetiese onderrig.

(3) Hoe hy sy positiveringstaak volgens die onderlinge diens van die liefde in die geïndustrialiseerde maatskappy met sy isoleringsuitwerking sal kan vervul. Die disintegrasie tussen die kerklede het sover voortgeskry dat die vraag gestel moet word: "Hoe kan men zo nog broeders en zusters zijn? Allerlei factoren van milieu, migratie en sociale stratificatie maken de spraakverwarring binnen de gemeentes steeds groter ..... Thans kunnen vele gemeenteleden alleen nog maar samen Avondmaal vieren en verstaan ze elkaar alleen nog in de liturgische taal van die formulieren, voor zover zij deze althans verstaan. Zo wordt de vereenzaming in de gemeente steeds pijnlijker." 2)

In 'n wêreld waarin die onderlinge verbondenheid deur die liefde verkrummel, word die kerk geroep om hetsy deur kleiner wyke, wyksgemeentes, gespesialiseerde arbeidskragte, die atmosfeer te skep waarin die ouer en die kind bereik kan word.

(4) Hoe hy in hierdie positiveringstaak die oor van hulle met wie hy besig is, kan bereik.

Volgens Smits 3) verstaan die mens van ons dag nie meer die taal wat die kerk spreek nie. Hy wys daarop dat die geloofstaal geaktualiseer moet word en hy maak duidelik onderskeid tussen die aktualisering en die gevaarlike popularisering van die geloofstaal. Laas-

---

1) Van Veldhuizen G. - Op de Straathoek, p. 50.

2) Kooistra R. - De Gereformeerde Theoloog en de Sociologie, p. 123.

Vgl. 3) Smits P. - Kerk en Stad, p. 319.

genoemde doen meer skade as goed.

In hierdie verband word die denkwyse van ons tyd beskryf as: "The Mechanistic mind is incapable of reasoning or thinking clearly on abstract subjects such as politics or religion..." 1)

Die kerk moet sonder om sy boodskap te verloën die boodskap bring in die taal van die moderne mens. Wanneer die kerk besin het hoe om die probleme wat in die weg staan van die gesonde beïnvloeding van die gesin die hoof te bied, kan die kerk geweldig veel doen om die gesin in sy positiveringstaak nie alleen te bereik nie, maar ook leiding te gee vir die lewenspraktyk.

Die geleentheid wat gebied word by die doopvont en die voorafgaande ontmoeting met doopouers kan kostelik benut word om die roeping en verantwoordelikheid van die ouers te beklemtoon. Deur die aktuele prediking van Gods Woord oor die gesinslewe (dink bv. aan die Vyfde Gebod) kan geweldig veel bereik word. Die kategetiese onderrig met gebruikmaking van visuele middele, die gesonde funksionering van jeug- en susters-hulpdienste, kan alles meehelp om die gesin te versterk in sy taak. Die kerk in sy stimulerende uitwerking op die godsdiensonderrig in die huis verrig 'n noodsaaklike funksie. Ons dink maar aan uitsprake soos: "There is probably no more universal or important social control than religion" en Religion may have a guidance value apart from its strictly religious aspects, as a social control, a balance wheel, a compass to guide the child's development." 2)

Ook moet die kerk as Instituut nie net klerikalisties gesien word nie. Trouens elkeen binne die kerk het sy roeping en taak om die gesinsbeskerming in die hand te werk. Cronje stel dit as volg: "Dit is immers 'n geheel foutiewe opvatting dat die indraging van die Christelike lewensopvatting op alle terreine van die menslike

---

1) Towards the Conversion of England, p. 13.

2) Elmer - The Sociology of the Family, p. 108, 109.

bestaan die uitsluitende taak en verantwoordelikheid van die Christelike kerk of die kerklike ampsbekleërs is. Nee, elke Christen het hier 'n verantwoordelikheid - of minstens medeverantwoordelikheid - waar hy hom ook al bevind en op watter terrein van die lewe hy ook al werksaam is .... So gesien, hang gesinsbeskerming ook saam met die opbouende en positiewe, veral Christelike, invloede wat vanuit allerlei lewenskringe versterkend op die gesinslewe inwerk. Hier het die kerk as sodanig nie soseer 'n regstreekse taak om self die Evangelie daar in te dra nie, maar eerder 'n onregstreekse taak wat hy moet aanpak deur die Christene oral te mobiliseer en te aktiveer." [1)]

(b) Die aandeel van die skool en hoër opleidingsinrigtings.

Die skool moet aansluit by die opvoeding van die Christelike huisgesin.[2)] Dit is hier waar ons een van die grootste probleme in verband met die opvoeding en positivering van norme in die moderne samelewing vind. Die sogenaamde neutrale skool met die verswyging van die Skrifopenbaring in die beoefening van die wetenskap is 'n onaanvaarbaarheid vir die Skrifgelowige.

Dit is juis hierdie sogenaamde neutrale onderwys wat volgens die Rapport van die Aartsbiskoppe van Canterbury en York meegewerk het tot die toestand waarin die gemeenskap verkeer. Hulle spreek daarvan as "one-sided education". In verband met die Godsdienstige opvoeding en onderrig sê hulle: "Religious education, meanwhile, has steadily receded into the background ..... It has also been forgotten that true Christian education is far more than to teach a certain subject at a certain time. It is a particular kind of education in all subjects and at all times - not only in the classroom. In other words, Christian Education means schools with every activity pervaded by religion." [3)]

---

1) Cronje G. - In 'n Referaat: Die Kerk en Gesinsbeskerming met verwysing na Owerheidsbeleid. In die verslag van Kerklike kongres (Ned. Ger.) gehou 23-27 Sept. 1963. "Kerklike Kongres oor die Gesinslewe, N.G. Kerk Uitgewers, Pretoria, 1963, p. 136.

2) Vgl. Elmer M.C. - The Sociology of the Family, p. 488.

3) Towards the Conversion of England, p. 11.

Hulle bepleit godsdiensonderrig as "the unifying factor in education, co-ordinating all learning, inculcating a sens of responsibility, revealing the meaning and purpose of life". Hierdie soort onderrig is "Christian in aim and content."

Wanneer die skool gedefinieer word soos Van der Walt dit doen op die voetspoor van Spier: "Die skool is 'n samelewingsvorm waar die beginsel van soewereiniteit in eie kring geld. Dit is dus nie die verlengstuk van die een of ander samelewingsvorm nie. Dit het ontstaan as vrug van kultuurontwikkeling deur differensiasie en spesialisasie vir vervollediging van die ontplooiing van die rykdom wat God in die skepping vir die mens weggelê het," [1] dan is dit duidelik dat die skool in sy opvoeding moet aansluit by die Christelike opvoeding wat ouers gee in die oordrag van sekere kulturele en godsdienstige verworwenhede. Dit is, sonder om in hierdie verband 'n pleidooi vir die regverdiging van die skool of universiteit op Christelike grondslag te lewer, 'n noodsaaklikheid dat ons opvoedingsinrigtings sal aansluit by die Protestants-Christelike geloof beide wat die inrigting se bestuursreëling as ook die leerplan betref. [2]

C.N.O. (Christelike-Nasionale-Onderwys)[3] bly die aangewese hulpmiddel vir die Christelike gesin in sy opvoedingswerksaamheid in die Republiek van Suid-Afrika. Ons haal aan uit die "Christelike-Nasionale-Onderwysbeleid" opgestel deur die F.A.K. in 1948:

"Art. 1 Grondslag. Ons glo dat die onderwys en opvoeding van die kinders van blanke ouers op die grondslag van die lewens- en wêreldbeskouing van die ouers moet geskied. Vir die Afrikaanssprekende kinders beteken dit dat hulle op die grondslag van die Christelike-Nasionale lewens- en wêreldbeskouing van ons nasie opgevoed moet word.......

---

1) Van der Walt. - Historiese-Prinsipiële Beskouing oor die opkoms, die veld van ondersoek en die betekenis van die Opvoedkundige Sosiologie, p. 149.

2) Vgl. Koers in die Krisis, Deel I, Bybel en Wetenskap, Prof. D.J. van Rooy, p. 288.
Deel II - Beginsels van 'n Christelike Wetenskapsleer, Prof. H.G. Stoker, p. 293.
Deel III - Christelike-Nasionale Onderwys in Suid-Afrika, Prof. F. Postma, p. 311.

3) Vgl. Pamflet: Christelik-Nasionale Onderwysbeleid, uitgegee deur die Instituut vir Christelike-Nasionale Onderwys (van die F.A.K.), Johannesburg, Februarie 1948.

Art. 2 Christelike onderwys en opvoeding. Onder Christelike onderwys en opvoeding vir Afrikaanssprekende kinders verstaan ons onderwys en opvoeding wat gegee word in die lig van die Godsopenbaring in die Bybel soos dit in die belydenisskrifte van ons drie Afrikaanse kerke uitgedruk is."

Slegs langs hierdie weg van C.N.O. sal ons bewaar bly van die scientisme en die humanisme met al sy uitlopers [1] en sal die toekomstige ouer ook by sy kind die kulturele erfenis met die normekomplekse daaraan verbonde,kan inskerp.

(c) Die aandeel van die Staat. Die Staat kan sonder om sy eie grense te oorskry veel doen om die ouer se taak te versterk. Die staat kan deur wetgewing die belange van die verskillende groepe sodanig beskerm dat daar 'n goeie onderwysstelsel, beter behuising en baie ander faktore sal wees wat die positivering van die Christelike gesinsnorme in die samelewing 'n sukses sal maak. Die Christelike staat kan geweldig veel doen om die positiewe te beskerm en die negatiewe af te weer en te bestry.

(d) Die aandeel van die bedryf. Die bedryf kan deur die voorsiening in die werknemer se behoeftes en die belangstelling in sy geestelike en kulturele agtergrond baie doen om die werknemer met die regte gesindheid te vervul en daarmee na sy huisgesin terug te stuur. Die psigo-sosiale aspek van die bedryf mag ons nie uit die oog verloor nie. Ons moet ook daarop wys dat die organisering van die werkers se belange deur die Christelike vakbond i.p.v. 'n sosialistiese vakbond 'n noodsaaklikheid is. Rondom die ekonomie en bedryf draai so geweldig veel van wat in die gesin ter sprake kom en in die handelinge geopenbaar word. Trouens die ekonomiese lewe en bedryfswêreld het 'n groter aandeel in die vorming van gesinsnorme as wat algemeen vermoed word.

---

1) Vgl. Mannheim K. - Diagnosis of our Time, p. 68.
Hier handel hy oor die treurige gevolge van die kleurlose onderwys. "Neutralizing the mind,"Vgl. ook hfs. V, p. 73.

(e) Die aandeel van Maatskaplike verenigings en organisasies.

Vrye verenigings [1] kan en moet poog om die klem weer op die gesonde gesinslewe met sy positiveringstaak te laat val. Die verskillende sustersverenigings van die onderskeie kerke, die Vroue-Landbou-Unie, die S.A.V.F., die F.A.K. en baie ander verenigings, kan aan die gesin 'n belangrike plek in hulle onderwerpsbesprekinge gee beide op kongresse en plaaslike byeenkomste. Hier moet ons veral melding maak van die groot poging in die Republiek van Suid-Afrika om 1960-61 as gesinsjaar te vier. 'n Beheerraad wat bestaan het uit verteenwoordigers van verskeie welsynsliggame het met die tema, "Gesinseenheid is Volkskrag", 'n program van aksie vir daardie gesinsjaar gereël.

"Die Beheerkomitee het besluit dat daar vanaf die hoogtepunt van die Uniefees, 31 Mei 1960, 'n gesinsjaar sal wees waarin alle individue en organisasies wat die heil van die huisgesin op die hart dra elk binne die bestek van sy eie gebied en verantwoordelikheid 'n positiewe bydrae sal lewer om die huisgesin in eer te herstel." [2]

Dit sal trouens baie goed wees as daar gereeld en nie net sporadies nie aan sulke verenigings en vrye assosiasies deskundige hulp en raad in verband met die gesinslewe gegee kan word. Ons dien hier daarop te let dat hierdie leiding altyd moet wees volgens die beginsels van Gods Woord-openbaring.

So kan die verskillende samelewingsvorme ondersteuning bied aan die gesin in sy taak om gesonde en Godgewilde norme oor te dra en te positiveer tot die lewensreëls van die "só behoort dit te wees."

B. Die ondersteuning van die Christelike gesin deur enkele hulpmiddels ter steuning van die Christelike gesinstaak.

(a) Beïnvloeding deur verskillende kultuurmedia.

Uit wat reeds aangehaal is en baie ander uitsprake, speel die massa-kultuurmedia soos die radio, pers, bioskoop en televisie, ens.

---

1) Vgl. Van Dijk R. - Mens en Medemens, p. 49, 117.

2) Luckhoff J.R. - Aankondiging van die Gesinsjaar en die Gesinskongres Pamflet uitgegee deur Beheerkomitee, 1960.

'n baie groot rol in die opbou van normekomplekse wat die gedragswyse en tussenmenslike verhoudinge vorm, beïnvloed en bepaal in die hedendaagse lewe. Hierdie media doen 'n baie groot deel van die opvoedingswerksaamheid in die gemeenskap.

"We have seen how formal, mass-educational institutions have grown in size and complexity in modern culture and have taken over educational functions formerly performed by other institutions or groups. Certain other institutions exist in modern society which may be regarded as educational, as Young puts it, as competitors of formal education. These latter institutions - the press, the radio, the motion pictures and others - all convey cultural patterns en masse." 1)

Wanneer hierdie kultuurmedia wat die massas bereik reg ingespan kan word, kan dit 'n baie groot steun verleen aan die gesin en die oordrag van sy norme. Christelike romans waarin die gesinslewe skoon en idealisties uitgebeeld word, kan vir die lesende publiek baie beteken. Ons dink in hierdie opsig aan romans soos Moeder Ditta, deur M. de Moor-Ringnalda, The Gown of Glory deur Agnes S. Turnbull, gedigte soos Trekkersweë van Totius, dramas soos As die Tuig Skawe, ens. Die pers kan ook veel doen aan die gesinsbeskerming en vir die oordrag van sedelike en kulturele norme. Die rolprente wat die miljoene trek behoort ook in plaas van negatiewe afbrekende sin in positief-opbouende sin gebruik te word.

Rolprente wat die gesinslewe verheerlik, is skaars. Die groot menigte rolprente verkondig 'n vrye liefde en vergoeilik die onsedelike. 'n Rolprent soos "Die Hele Dorp Weet", van C.A.R.F.O., kan baie goed gebruik word om op 'n positiewe wyse egskeiding teen te gaan. Die Christelike kerk het o,a. tot roeping om aan hierdie kultuurdraers met hulle normerende invloed die riglyne vir die praktyk aan te toon en toesig daaroor te hou. Verder lê die veld braak vir die Christelike gedagte in die toneel- en rolprentwêreld.

---

1) Gillin en Gillin - Cultural Sociology, p. 421.

Die radio is ook nog een van die baie nuttige kultuurmiddele om die gesin te help in sy positiveringstaak. In Die Transvaler van 23.6.1964 word sekere radioprogramme aangekondig wat die gesin kan ondersteun en beïnvloed in sy positiveringstaak van talle normekomplekse, bv. "Huisgodsdiens onder S.A.U.K. se nuwe verrassings" : "Verrassings onder die nuwe programme wat van aanstaande week af oor Radio Suid-Afrika se Afrikaanse sender aangebied word, is 'n kort huisgodsdiens elke aand .... Die kort huisgodsdiens sal van Maandag af elke aand om 7.15 nm. uitgesaai word en behels Skriflesing, gebed en sang wat deur mense wat nog huisgodsdiens hou, gelei word en nie deur predikante nie. Na die gereelde huisgodsdiens word 'n vervolgverhaal, "Die Du Plooy's van Soetmelksvlei", aangebied as deel van die sogenaamde gesinsprogram." Ons is bly vir die familiosentriese aard van die nuwe aandprogramme oor die S.A.U.K. se Afrikaanse sender. As die radio op hierdie wyse gebruik kan word, kan dit veel doen om die gesinslewe te versterk.

(b) Volwasseonderrig.

(1) Huweliksvoorligting en -beraad.

Vir die gesonde gesinslewe en ter ondersteuning van die gesin is die voorbereidende werksaamheid tot die huwelik en gesinsvorming 'n noodsaaklikheid. Die hulp, raad en voorligting aan die verloofdes en ander jongmense wat in die huwelik wil tree en wat beskrywe word as huweliksvoorligting word deur alle sosioloë en etici [1] as van groot belang bestempel. Die pastorale gesprek met voornemende egpare, die propagering van huweliksburo's waar sielkundiges en sosioloë kan raadgee en ook die onderrig op hoër skole en kolleges word deur sosioloë, teoloë en andere wat in die gesinslewe belangstel as nuttige voorligtingsmiddele voorgestel. Ook wat die huwelikslewe betref, word daar baie sterk aangedring op buro's en instansies wat in die vorm van beraad, vormend en behoudend ten behoewe van die gesinslewe kan optree.

---

1) Vgl. Du Puis en Van der Mast R. - Met open ogen het Huwelijk in. Bewerking van Hfs. 3 van het Herderlijk schrijven der Generale Synode van de Ned. Hervormde Kerk over het huwelijk... Boekencentrum N.V.'s Gavenhage, 1955, p. 7.
Burgess in "The Annals" 1950, p. 50, 51.
Mihanovich, Schnepp en Thomas: Marriage and the Family, p. 390-392.

Met inagneming van die heilige en kuise wat deur Gods Woord beveel word, kan hierdie verskillende middelé met groot nut gebruik word vir die beskerming van die gesinslewe en daarmee ook ondersteunend werk in die positivering van die gesinsnorme.

(2) Vak- en sedelike onderrig.

Dwarsdeur die wêreld word daar gepleit en word alles gedoen vir volwasse-onderwys. Tegniese skole, buitemuurse- en korrespondensiekursusse het geweldig opgang gemaak en baie mense maak hiervan gebruik vir betere toerusting vir die beroepslewe.

Ons wil egter in hierdie verband weer pleit vir vakansiekursusse en selfs bekombare en populêre lesings, waar die Christelike lewens- en wêreldbeskouing t.o.v. kinderopvoeding, sedelike vraagstukke, politieke strominge (soos kommunisme), filosofiese beskouinge, dogmatiese vraagstukke e.s.m., aangetoon kan word. In die wêreld waarin die tegniese al die klem ontvang en waarin die funksionele en pragmatistiese so 'n groot rol speel, moet daar deur die gebruikmaking van die verskillende opvoedingsmiddele weer klem val op die substansiële, die sedelike en godsdienstige waardes.

In hierdie verband moet die kerk meer ondersteuning geniet van die pedagogiese werksaamheid van ander samelewingsvorme en instellinge. Populêre korrespondensie-kursusse in die Pedagogiek, Sielkunde, Volkekunde, Filosofie, ens., soos dit alles opkom uit die godsdienstige Skrifopenbaring, kan hier 'n belangrike faktor word in die vorming van 'n universele lewens- en wêreldbeskouing. Hierdeur kan die sekularisme met sy uitwerking op die gesin doeltreffend bestry word.

(3) Gespesialiseerde leiding deur vakkundiges op die gebied van maatskaplike werk.

By verskillende geleenthede het die gemeenskap te worstel met probleemgesinne of met lede wat baie min gesonde gesinsnorme kan positiveer en oordra in die sosialiseringswerksaamheid. In probleemgesinne bv. waar drankmisbruik, onsedelikheid, dobbelary, boewery, ens. die botoon voer, moet die gemeenskap naas die ampswerksaamheid en kerklike versorging deur vakkundiges op die gebied van maatskaplike werk, leiding aan hierdie gesinne probeer gee sodat hierdie gesinne of gesinslede wel daartoe sal kom om sedelike norme te aksepteer en ook te positiveer.

---

1) Vgl. Barnes Henry Elmer - Society in Transition, p. 307.

"De sociale werkster wil, terdege vakkundig geschoold voor haar taak, de medemens helpen, in de eenvoudige noden van alledag. Ook zij zal in die eerste plaats hebben te luisteren, en trachten om door enkele weloverwogen vragen haar gesprekspartners zelf een antwoord te laten geven op hun problemen. Zij dwingt geen meningen op welke haar gevallen niet innerlijk kunnen navoelen zij helpt hen om zelf een mening te vormen. Dit laatste veronderstelt reeds een grondige psychologische scholing .........." [1]

Dit is duidelik dat die vakkundige op die gebied van die maatskaplike werk moet meehelp om by die mense by wie die sedelike besef(fe) en normatiewe beoordeling vervaag en bykans verdwyn het weer 'n mening daaromtrent te help vorm.

(c) Finansiële en ander ondersteuning aan die kinderryke gesinne.

Waar in kinderryke gesinne finansiële sorg vermeerder en dit dikwels veroorsaak dat die moeder buitenshuise beroepsarbeid moet verrig en also die vormende invloed op die kinders verminder[2], moet daar meer gedoen word in belang van hierdie gesinne.

Dikwels word hierdie gesinne vanweë die skaarste aan lewensmiddele ook nog gedwing om onder baie swak omstandighede en in 'n baie swak omgewing te woon. Die nadelige uitwerking [3] op die geestelik-sedelike normebesef kan onder sulke omstandighede nie genoeg beklemtoon word nie.

Finansiële ondersteuning wat in die vorm van vrystelling van inkomstebelasting gegee word, moet met dankbaarheid genoem word. Tog kan daar meer gedoen word aan hierdie gesinne. Ons dink bv. aan staatsondersteunde toelae vir die vader van die gesin wat onder 'n sekere inkomstegroep val en waar die moeder nie buitenshuise beroepsarbeid verrig nie.

---

1) Van Veldhuizen G. - Op de Straathoek, p. 70.

Vgl.2) Cronje G. - Vroue en Moeders wat werk. (Die invloed van hul beroepsarbeid op die huisgesin en die volk. Sewende deel van verslag van Kommissie van Ondersoek i.s. Gesinslewe. N.G. Kerk Uitgewers, 1960, p. 125.

Vgl.3) Elmer M.C. - The Sociology of the Family, p. 296 en volgende bladsye.

Hierdie kinders wat die toekomstige burgers van môre is, moet die beste opvoeding in die ouerhuis geniet. Daarom moet hierdie gesinne gehelp word sonder om van hulle armlastiges te maak om onder wenslike omstandighede te woon en die noodsaaklike rigtinggewende leiding van ouerweë aan die kinders tereg te laat kom. Daar moet ruimte kan wees vir die "family-ritual", ens. 1)

(d) Positief-Christelike beheer van kleuterskole in die gevalle van nood.

Van kerklike kant is daar nog altyd beswaar gemaak teen die feit dat die kleuters van hulle moeders wat buitenshuise beroepsarbeid verrig, verwyder moet wees vir die grootste deel van die dag. Hierdie standpunt is allerweë verstaanbaar en geregverdig.

Tog het ons by die stadium gekom dat vanweë die aanvraag na vrouearbeid in die geïndustrialiseerde arbeid en vanweë menigvuldige ander oorsake dat die toetrede van die vrou tot hierdie arbeid blykbaar onkeerbaar en ook permanent geword het.

"Die toetrede van die getroude vrou tot die ekonomiese terrein moet as 'n feit aanvaar word ... Nóg openbare, nóg partikuliere instansies kan beslis of 'n moeder loonarbeid sal verrig aldan nie." 2)

Die Christelike kerk sal aan die een kant steeds sy invloed moet gebruik om die kleuter by die moeder te hou en die beroepsarbeid van die vrou as onwenslik vir die positiveringsaksie in die huis te bestempel, maar sal ook aan die ander kant 'n ope oog moet hê vir 'n positief-christelike beheer oor daardie kleuterskole waarheen die gedoopte lidmate van die kerk tog gaan.

"Moeders van voorskoolse kinders moet nie aangemoedig word om te werk nie want kinders van daardie leeftyd moet in hulle

---

1) Vgl. hier wat deur Harry Barnes in "Society in Transition", p. 486 en wat Bell en Vogel in "The Family" p. 429, en wat in "The Annals" p. 74, geskryf is

2) Cronje G. - Vroue en Moeders wat werk. Deel VII van die Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake die Gesinslewe, p. 135 en 136.

moeders se sorg wees. Indien sodanige moeders tog gedwing word om te werk, rus daar 'n verantwoordelikheid op die gemeenskap om vir daardie kinders sorg te voorsien ten einde te verseker dat hulle sal baat en nie verloor by die versorging nie."[1)]

(e) Reëling van gesonde en opbouende rekreasie.

Waar die ontspanningsfunksie so grootliks weggeskuif is van die ouerlike huis rus daar op die Christelike gemeenskap 'n groot taak om ook hier 'n positiewe funksie te verrig.

Gesonde en opbouende rekreasie kan en moet vir die jeug gereël word in die vorm van klubs. Ontspanningsklubs soos boks, stoei, ens. kan goedskiks gereël word om die etiese norme van goeie sportmanskap te bevorder. Sosiale klubs soos die Voortrekkers, volkspelerslaers, ens. kan weer die doel dien om die hoë waarde van sedelike strewes en van gesonde verkeer tussen verskillende sekse te leer. Dit kan meehelp tot die opbou van sedelike en sosiale normereekse in die jongmense se lewe.

Uit alles wat ons onder die hulpmiddele in punt B gesê het, blyk dit dat die Christelike kerk (die kerk as organisme) te onaktief is in die aanbieding van gesonde geestelike en liggaamlike hulpmiddele om in hierdie krisiswêreld die situasie te verbeter en te verhelp. Meermale laat die Christelike kerk die geleentheid vir die normering op die verskillende lewensterreine oor aan die sekulêre wêreld.

Die Christendom het 'n antwoord vir die krisissituasie waarin die gesin met sy positiveringsaksie verkeer, maar dan moet dit gewilliglik besin en werk. Elke terrein moet deur die Christendom gewy word as 'n geleentheid waarin die Koningskap van Christus Jesus kan blyk ...."die geestelike wêreldheerskappy moet nagestrewe word."

---

1) G. Cronje - Vroue en Moeders wat werk, Deel VII. van die Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake die gesinslewe, p. 136.

# HOOFSTUK VII.

## Samevatting en eie beskouing.

Aangesien ons byna aan die einde van elke hoofstuk 'n kort samevatting daarvan gegee het, en aangesien dwarsdeur die verhandeling telkens weer 'n eie mening gegee is, val daar in hierdie hoofstuk nie meer veel te sê nie behalwe om 'n aantal kort stellinge te maak nie.

(1) By 'n studie wat handel oor "Die Positivering van die gesinsnorme in wisselwerking met die moderne samelewing" moet ons noodwendig uitgaan van die standpunt dat "Sosiologie die struktuurteorie van die menslike samelewing is." [1)]

(2) Omdat ons gelei word deur die religieuse grondmotief, soos dit opkom uit die Godsopenbaring volgens die Heilige Skrif, onderskei ons tussen struktuurvorme met eie struktuurnorme en kan ons nooit verval in die universalisme wat sekere vorme aan andere ondergeskik maak en daarin oplos nie. Ons handhaaf die beginsel van soewereiniteit in eie kring.

(3) Die gesin is een van die samelewingsvorme met 'n eie struktuurtipiese aard. Die onderbou van die gesin vind ons in die biotiese, die geslagsgemeenskap en die natuurlike afstamming en die bo-bou of bestemmingsfunksie in die etiese sinsy, in die liefde.

(4) Net soos die ander samelewingsvorme het die gesin ook 'n optrede in al die sinsye van die werklikheid, maar word dit gekwalifiseer deur die liefde en neem die etiese dus hier die leidende funksie.

(5) Kragtens die Goddelike Bou-orde is daar samelewingsnorme vir ons lewensuitinge en vir die onderskeie samelewingsvorme.
Die integrale harmonisering kan alleen gevind word in die Sentrale Norm, Jesus Christus, en in die gehoorsaamheid aan die gebod van die liefde.

---

Vgl.1) Van Dijk R. - Mens en Medemens, p. 203.

(6) Die samelewingsnorme word langs die weg van positivering opgelê en orgelewer deur gesagsdraers wat gebruik maak van verskillende metodes, aktiwiteite ens., soos elke samelewingskring die geleentheid bied.

(7) Die Positivering van die gesinsnorme deur die ouerlike gesag beteken die oplê deur die opvoedingswerksaamheid van sekere geldende beginsels, wesenswaarhede, as normatiewe lewensreëls in ooreenstemming met die wet van die liefde.

(8) Die feitelike toestand is dat ons te doen het met 'n samelewing wat vanweë die proses van sosiale verandering gekom het by 'n plek waar dit in die greep van sekere magte verkeer waardeur die drie-dimensionele struktuur van die samelewing verbrokkel word. Hierdie krisis wat omskryf word as die kultuurkrisis is meteen ook 'n krisis in waardes waar die materiële kultuur dit gewen het op die abstrakte kultuur.

(9) Die gesin wat een van die primêre samelewingsvorme is, het ook deel geword van hierdie sosiale krisis wat in 'n toestand is waar die totaliteit van die strukture van die samelewing en die totaliteitstruktuur van die samelewing in 'n proses van ontbinding verkeer.

(10) Die Skepping en Verbond Gods is die grondslag vir die positiveringstaak van die gesin waar daar onder die gesagsleiding van die ouer die kind opgevoed word tot die ware vryheid, selfstandigheid en gebondenheid.

(11) Omdat Jesus Christus die mens opvoed deur die positiveringswerksaamheid van al die verskillende verbande daarom moet die verskillende samelewingsverbande die gesin help en ondersteun in sy positiveringstaak.

(12) Vanweë die feit dat die gesin self midde in die samelewingskrisis verkeer en vanweë die feit dat die kernfunksies van die gesin aangetas is, kan die gesin sy positiveringstaak beswaarlik verrig volgens die ordening van God.

(13) Baie van die positiveringswerksaamheid van die gesin is in die moderne tyd oorgeneem deur en afgeskuif op ander samelewingsverbande en media. Massa kultuur-media speel in die positiveringswerksaamheid 'n baie groot rol.[1)]

(14) Terwyl al die verskillende samelewingsverbande moet meehelp in die positiveringswerksaamheid van die gesin moet die skool en ander hoër opvoedingsinrigtings aansluit by die opvoedingswerksaamheid van die Christelike huisgesin. Die "neutrale" skool en die "neutrale" hoër opvoedingsinrigtings is derhalwe ongewens vir die kind uit die Christelike huisgesin. Dit is ook in stryd met die doopbelofte wat 'n opvoeding in 'n sekere rigting onderneem het.

(15) Die Kerk moet meehelp om die geloofsnorme so te positiveer onder die leiding van die ampte dat hierdie norme leidend kan word vir die mens in al die sinsye van sy lewe. Om dit te kan doen moet die Woordbediening deur die kerk aktueel wees en moet die onderlinge diens van die liefde so wees dat dit die disintegrerende in die moderne samelewing en met die daarmee gepaardgaande vereensaming van die enkeling die hoof kan bied.

(16) Die Kerk (as organisme) moet in die positiveringsaksie baie meer gebruik maak van die massakultuurmedia terwyl sy steeds onthou dat daar geen "duimbreed grond is, wat aan die Koning van die Kerk onttrek mag word nie."

(17) Omdat die positiveringswerksaamheid van die gesin alleen werklik doeltreffend kan geskied as dit binne die geslotenheid, geborgenheid en warme simpatieke atmosfeer van die gesinslewe plaasvind daarom is die geskikte woning en die gesinsvolledigheid 'n groot vereiste.

---

1) Vergelyk in hierdie verband:
a) Lunders Leo - Inleiding tot die Problemen van Film en Jeugd: J. Muusses, Purmevrend, MCMIV, p. 33, Invloed van die Film;
b) Mayer J.P. - Sociology of Film, Faber en Faber, London, MCMXLVIII p. 145. (Movies and Conduct.);
c) Rompel H. - Die Bioskoop in diens van die Volk. Trekreeks No. 23. Nasionale Pers, Kaapstad, 1942. p. 7. (Die Bioskoop as meningvormer.)

(18) Met die devaluasie van die arbeid, met die psigo-sosiale faktore rondom die stedelike leefswyse, met die geïntensiveerde spanninge en kontakte, word daar alte dikwels normekomplekse wat in stryd is met die Skepperswil, oorgedra.

(19) Die kleuterskole wat in baie gevalle 'n verwydering tussen die ouers (die gesagsdraers wat positiveer) en die kinders bring, kan aan die een kant nie maar as normale toestand aanvaar word nie, maar mag aan die ander kant ook nie oorgelaat word aan instansies en groepe wat die gebondenheid aan die hoogste norme nie ken nie. Die Christelike kerk het ook hier 'n roeping en 'n taak.

(20) Die kerk van Christus moet die werklikheid aanvaar en dit as 'n uitdaging beskou om in hierdie werklikheid uit te gaan, elke verband op sy eie en in samewerking met mekaar, om die beginsels van Gods Woord te positiveer. Ook in hierdie tyd streef dit "wêre'dheerskappy na"; soek dit gehoorsaamheid aan die Wil van die Koning op elke gebied. Dit is die gehoorsaamheid aan die Godgewilde norme vir ons lewensvorme en -uitinge.

Hiertoe wil hierdie studie 'n bydrae lewer.

---oOo---

## BIBLIOGRAFIE.

### A. BOEKE.

1. ALBERTYN, J.R. : Land en Stad, ('n Sosiologies -Godsdienstige studie) N.G. Kerk-Uitgewers, Kaapstad, 1959.

2. ALBERTYN, J.R. DU TOIT, P en THERON, H.S. : Kerk en Stad, Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, 1948.

3. BANNING, W. : Machten en Mensen, Haarlem, De Erven, F. Bohn, N.V., 1959.

4. BANNING, W. : Moderne Maatschappij-Problemen Deel I, Haarlem, De Erven, F. Bohn, 1960.

5. BARNES, HENRY E. : Society in Transition, Prentice Hall, Inc., New York, 1952.

6. BAVINCK, HERMAN. : Het Christelijk Huisgezin, J.H. Kok, Kampen, 1930.

7. BAVINCK, J. en G, VAN VELDHUIZEN, : Mens of Robot, J.N. Voorhoeve, Den Haag, 1952.

8. BELL en VOGEL. : A Modern Introduction to the Family, The Free Press of Glencoe, Illinois, 1960.

9. BENNETT, J.W. en TUMIN, MELVIN M. : Social Life - An Introduction to General Sociology, Alfred A. Knopf, New York, 1948.

10. BOS, IR. A. : De Stad der Toekomst - de Toekomst der Stad, A. Voorhoeve, Rotterdam, 1946.

11. BOUMAN, P. : Algemene Maatschappijleer. Een Eerste Inleiding tot de Sociologie, M.J. Paris, Amsterdam, 1949.

12. BRILLENBURG, WURTH G. : Het Christelijk Leven, J.H. Kok, Kampen, 1949.

13. BRILLENBURG, WURTH. G. : Het Christelijk Leven in de Maatschappij, J.H. Kok, Kampen, 1951.

14. BRILLENBURG, WURTH. G. : Het Christelijk Leven in Huwelijk en Gezin, J.H. Kok, Kampen, 1951.

15. BRILLENBURG, WURTH. G. : Zedelijke Opvoeding - Grondlijjen der Ethische Paedagogiek, J.H. Kok, Kampen, 1960.

16. CILLIERS, S.P. : Gesonde Gesinsbou. Riglyne vir die gesinslewe in die hedendaagse samelewing, Universiteitsuitgewers en Boekhandelaars, 1960.

17. CRONJE, G. en VENTER J.D. : Die Patriargale Familie, H.A.U.M., Kaapstad en Pretoria, 1957.

18. DOOYEWEERD, H. : Verkenningen in de Wijsbegeerte, de Sociologie en de Rechtsgeschiedenis, Buijten en Schipperheijn, Amsterdam, 1962.

19. DE VRIES, E. : De Dienst van de Kerk aan de Industrie-Arbeider, T.Wever, Franeker, 1962.

20. DROGENDIJK, A.C. : Man en Vrouw; voor en in het Huwelijk, J.H. Kok, Kampen, 1947.

21. DUPUIS, P.J.F. en VAN DER MAST, R. : Het open ogen het Huwelijk in, Boeken-Centrum, N.V.'s-Gravenhage, 1955.

22. ELMER, M.C. : The Sociology of the Family, Ginn and Co., New York, 1945.

23. EYSINK, R. : Gezinssociologie, Van Lochum Slaterus, Arnhem.

24. ERASMUS, D.F. : Die Christelike Huisgesin. Die Ossewareeks, Pro-Ecclesia, Stellenbosch, 1942.

25. GEESINCK, W. : Gereformeerde Ethiek, Deel I, J.H. Kok, Kampen, 1931.

26. GILLIN, J.L. en
G LLIN, J.P. : An Introduction to Sociology, The Macmillan Co., New York, 1945.

27. GILLIN en GILLIN. : Cultural Society, Macmillan Co., New York, 1948. Dit is 'n verwerking van bogenoemde werk.

28. GOOD ALVIN. : Sociology and Education, Harper Brothers, New York, 1926.

29. GOODSELL WILLYSTINE. : Problems of the Family, D. Appleton-Century and Co., New York, 1930.

30. HOBBS, A.H. : Social Problems and Scientism, Stackpole Co., Harrisburg, Pennsylvania, 1953.

31. KEYTER, J. de W. : Die Huwelik en Gesin, Nasionale Pers Bpk., 1940.

32. KLEYNHANS, E.P.J. : Die Huweliksvrugbaarheid van die Blanke Suid-Afrikaner. Ongepubliseerde proefskrif vir D. Phil. aan die U.O.V.S., 1961.

33. KOOISTRA, R. : De Gereformeerde Theoloog en de Sociologie, Academisch Proefschrift ter verkrijging van de graad van Doctor in de heilige Godgeleerdheid, T. Wever, Franeker, 1955.

34. LA PIERE, R.T. : A Theory of Social Control, McGraw-Hill Book Co., New York, 1954.

35. LUNDERS, LEO. : Inleiding tot de Problemen van Film en Jeugd, J. Muusses, Purmerend, 1955.

36. LYSEN, A. : Individu en Gemeenschap, Bewerkt deur B. Landheer N.V. Servire, den Haag, 1954.

37. MANNHEIM, K. : Diagnosis of our Time, Wartime Essays of a Sociologist, Routledge and Kegan Paul Ltd., London, 7e druk, 1950.

38. MAYER, J.P. : Sociology of Film, Faber and Faber, London, 1948.

39. MEETER, HENRY. : Calvinism (An Interpretation of its Basic Ideas, Zondervan Publishing House, Grand Rapids, Michigan, 1939.

40. MERCER, B.E. : The Study of Society, Harcourt, Brace and Co., New York.

41. MIHANOVICH, SCHNEPP en THOMAS. : Marriage and the Family, The Bruce Publishing Co., Milwaukee, U.S.A, 1952.

42. MURDOCK, G.P. : Social Structure, The MacMillan Co., New York, 1949.

43. NEPGEN, C.C. : Die Sosiale Gewete van die Afrikaans-sprekendes, C.S.V.-Boekhandel, Stellenbosch, 1938.

44. OBERHOLZER, C.J. : Enkele Grondstellinge van die Opvoedkundige Sosiologie. Ongepubliseerde M.A. Verhandeling aangebied aan die P.U. vir C.H.O.

45. OBERHOLZER, C.K. : Ons en Ons Kinders. Besinninge oor die Verhouding Ouer-Kind, J.L. van Schaik Bep., Pretoria, 1957.

46. OGBURN W.F. en NIMKOFF, M.F. : Technology and the Changing Family, Houghton Mifflin Co., New York, 1955.

47. OLDENDORFF, A. : Mensen onder Elkaar, Utrecht, 1957.

48. PECK, W.G. : An Outline of Christian Sociology, James Clarke and Co., London.

49. RETIEF, I.F. : Die Religieuse Apriori in die Wysbegeerte (in die algemeen) met 'n besondere verwysing na Bergson. Ongepubliseerde verhandeling aan die P.U.K. vir C.H.O. ter verkryging van M.A.-graad, 1941.

50. RIEMER, SVEND. : The Modern City, Prentice-Hall, Inc. New York, 1952.

51. ROMPEL, H. : Die Bioskoop in diens van die Volk, Trekreeks No. 23,24, Nasionale Pers, Kaapstad, 1942.

52. RÖPKE, W. : Civitas Humana, Humane Order of Society, (Engelse Vertaling), William Hodge and Co., London, 1948.

53. RÖPKE, W. : The Social Crisis of our Time, William Hodge and Co., Ltd. London, 1950.

54. SMITS, P. : Kerk en Stad, Boek Centrum N.V.'s, Gravenhage, 1952.

55. SOROKIN, P. : Social Philosophies of an Age of Crisis, The Beacon Press, Boston, 1951.

56. SOROKIN, P. en ZIMMERMAN, : Principles of Rural-Urban Sociology, Henry Holt and Co., New York, 1939.

57. SPIER, J.M. : Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee, J.H. Kok, Kampen, 1946.

58. STOKER, H.G. : Kristendom en Wetenskap, J.L. van Schaik, Pretoria, 1929.

59. STRAUSS, H.J. : Christelike Wetenskap (Roeping en Stryd), Sacum, Bloemfontein, 1953.

60. VAN DER WALT, J.P. : Histories-Prinsipiële Beskouing oor die Opkoms, die Veld van Ondersoek en die Betekenis van die Opvoedkundige Sosiologie. Ongepubliseerde Verhandeling vir verkryging van die D. Phil. aan die P.U. vir C.H.O., 1959.

61. VAN DIJK, R. : Mens en Medemens, Een inleiding tot de algemene Sociologie, Zomer en Keunings Uitgeversmij, Wageningen.

62. VAN RIESSEN, IR. H. : De Maatschappij der Toekomst, T. Wever-Franeker, 1952.

63. VAN VELDHUIZEN, G. : Op de Straathoek (Comprehensive Approach in de practijk) J.N. Voorhoeve, Den Haag, 1954.

64. VENTER, E.A. : Die Gelowige in die Samelewing, Sacum Bep., Bloemfontein, 1961.

65. VENTER, J.J. : Die Huidige Krisis in die Menslike Samelewing. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling in die Sosiologie aan die P.U. vir C.H.O., 1958.

66. WATERINK, J. : Theorie der Opvoeding, J.H. Kok, Kampen, 1958.

67. WIELENGA, B. : Het Wezen van het Christendom, J.H. Kok, Kampen.

68. YOUNG, G. : War on the Home Front, (An Approach to the Problem of Juvenile Delinquency in South Africa), Methodist Publishing House, Kaapstad.

B. VERSLAE IN BOEKVORM.

(a) 'n Kommissie van ondersoek insake die Gesinslewe het onder die hoofredakteurskap van Prof. G. Cronje die volgende verslae in boekvorm uitgegee by die N.G. Kerk-Uitgewers, Pretoria en Kaapstad:

69. Kerk en Huisgesin. Die Huidige Kerklike en Godsdienstige Lewe van die Afrikaner, 1958.

70. Krimpende Kindertal. Waarom huisgesinne kleiner word. 1958

71. Egskeiding. Die aard en oorsake van huweliksontbinding in Suid-Afrika, 1959.

72. Kinders sonder Sorg. Hoe ouers hul Kinders verwaarloos, 1959.

73. Ontspoorde Jeugdiges. Die Aard en Oorsake van Jeugmisdaad, 1960.

74. Ongetroude Moeders. 'n Ontleding van die gesinsagtergrond van buite-egtelikheid, 1960.

75. Vroue en Moeders wat werk. Die invloed van hul Beroepsarbeid op die huisgesin en die volk, 1960.

(b) Nog verslae van ander aard:

76. "Towards the Conversion of England." Report of a Commission on Evangelism appointed by the Archbishops of Canterbury and York pursuant to a Resolution of the Church Assembly passed at

the summer session, 1943. The Press and Publications Board of the Church Assembly, Westminister, England, 1945.

77. Kerklike Kongres oor die Gesinslewe: Handelinge, Referate, Besluite en Aanbevelings van die kerklike kongres oor die gesinslewe gehou in die Stadsaal, Bloemfontein, 23-27 Sept. 1963. Uitgegee deur die N.G. Kerk-Uitgewers, Kaapstad en Pretoria, 1963.

78. Referate gelewer by die dertiende tweejaarlikse kongres van die F.A.K. en die Volkskongres oor Jeugsake 2 en 3 Okt. 1956. Uitgegee deur die F.A.K., Posbus 8711, Johannesburg.

79. Referate en Besluite van die Volkskongres, byeengeroep deur die Federale Armsorgraad van die Gefedereerde N.G. Kerke om te oorweeg: Die stadswaartse trek van die Afrikanernasie, 1-4 Julie 1947.

80. Christelike Nasionale Onderwysbeleid: Uitgegee deur die Instituut vir Christelike-Nasionale onderwys (van die F.A.K.), Johannesburg, Februarie 1948.

C. ARTIKELS.

1. Enkele grondbeginsels van die Calvinisme: Prof. J.D. du Toit. Koers in die Krisis. Deel I. (Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, 1935.

2. Christelik-Nasionale Onderwys in Suid-Afrika: Prof. Dr. F. Postma. Koers in die Krisis, Deel I, (Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, 1935.

3. Die Seksuele opvoeding van die Mens: Prof. Dr. J.C. Coetzee. Koers in die Krisis. Deel III. Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, 1941 .

4. Christelik-Nasionale Opvoeding van die Naturel: Dr. H.C.M. Fourie. Koers in die Krisis. Deel II. Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, 1940.

5. "The Family and Social Change". C. Zimmerman. In the Annals of the American Academy of Political and Social Science, November 1950. Toward Family Stability.

6. "Die Vormende Invloed van die Gesin op die Ontwikkeling van die Kind." Gepubliseerde lesing gehou voor die A.C.V.V.-Kongres te Cradock, 1946. Uitgegee deur die Nasionale Pers, Kaapstad.

7. Artikel in die "Christelijke Encyclopaedie" voor het Nederlandsche Volk oor "Opvoeding" en ander terme.

8. Inaugurele rede van Prof. D.C.S. du Preez: "Koers". April 1943.

9. Inaugurele rede Prof. I.P. v.d. Walt oor "Die Sosiologie prinsipieël gefundeer", 1962.

---oOo---